Vrye Weekblad

2 - 8 AUGUSTUS 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)




# SKAKEL IN OP RADIO-DEMOKRASIE

*Dit skarrel nóg oor geheime projekte*

ANC en regering beweeg weer nader • Wie lieg oor geld aan regse studente? • Word gou ryk: maak 'n film vir die SAP • Huh? Magnus in groen? • Stoffel het nie die trekpas gekry nie • Sê dit met 'n T-hemp

## INHOUD


4 Ondersoek: Jans Rautenbach en Projek Divers
5 Ondersoek: Die veiligheidspolisie se 'drama-reeks'
6 Menings: 'Ter wille van demokrasie' se voet!
7 Buthelezi en sy spioen Botha
Skandaal gee nuwe stukrag aan onderhandelings
9 Die mag agter die onderhandel-troon
Huh? Magnus in groen?
Is! sê die NSF. Is nie! sê die staat
10 Radio: Talk radio is talkback democracy
11 Radio: Stille meerderheid kry 'n stem
12 Max du Preez se Media-rubriek
13 Stroom jong mense vlug uit SA
14 Wêreldnuus: Madagaskar-admiraal se boot lek
Só vermy Kanada rassekwaad
15 Wêreldnuus: Rooies se gemors laat groenes grom
Heck no, we won't go - Golan settlers
Tsjeggiese Neo-Nazi's teel vinnig aan
16 Boeke: Aspirant vir die Hertzogprys in hamergooi
17 Art: Whose criteria?
18 Giere: Plague of the tobacco fug
Kletskouse steur Japan met draagbare fone
19 Rubrieke: Greentalk
Lanse en drake
20 Saddam bly die vlieg in die salf
The weapons Hussein never used
22 Die week se TV-programme
23 Elmari Rautenbach se TV-rubriek
26 Sport: En nou vir die slegte nuus...
27 Sport: Snoeker is g'n kroegspel nie
Tennis het Ellis vir snoeker voorberei
29 Jennifer Ferguson
30 Kuns: Le Nozze di Figaro in Roodepoort
31 Kuns: 47 000 uur se volkskultuur
32 Opvoeding: Letterkunde vir ongeletterdes
33 Opvoeding: Comics kom al uit die Middeleeue
34 Rubrieke: Lospraatjies
Geloofspraatjies
35 Apocalypse now - on a T-shirt
38 Beplan jou naweek saam met die kenners
39 Nettie Pikeur oor lamtjops en Armagnac



VWB
DIE NUUSTYDSKRIF

VOORBLADFOTO DEUR RODGER BOSCH


VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).
WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.
DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

**REDAKTEUR:** MAX DU PREEZ
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** HENNIE SERFONTEIN
**KOPIEREDAKTEUR:** JOHAN BRUWER
**ONTWERP:** ANTON SASSENBERG
**KAAPSE KANTOOR:** CHRISTELLE TERREBLANCHE
**REDAKSIE:** AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PITSO TSHUKUDU, LUCKY KHUZWAYO.
**SPORTREDAKTEUR:** TINUS HORN
**FOTOGRAAWE:** RODGER BOSCH, KATE THORNYCROFT
**ADVERTENSIES:** JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER
**REDAKSIE-ASSISTENT:** CATHY FENNESSY
**KANTOORBESTUUR:** JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.
**BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK:** MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.
VRYE WEEKBLAD KOS R1,95 PLUS 25 SENT AVB. DIT KOS R110 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R2,20 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.
PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN LOURINS POTGIETER BY (011) 836 2151.


# *vrydagoggend*

## As FW regtig nie weet nie, *moet hy* gaan vra



MAX DU PREEZ

SUID-AFRIKA is vandag 'n beter plek as wat dit twee weke gelede was. Skoner en oper.

En wie moet ons bedank? Eers die polisieman of amptenaar wat die aanvanklike Inkatha-dokumente aan The Guardian in Londen gaan gee het; dan die media wat vinnig ingespring en in 'n kort tyd heelwat druk toegepas het; maar dan seker ook vir FW de Klerk wat heelwat meer gedoen het as wat enige van sy voorgangers in soortgelyke omstandighede sou doen.

Interessant hoe so baie mense in Suid-Afrika en elders, ek ook, bang is om die huidige skandes té na aan De Klerk te bring uit vrees dat dit hom te veel skade sal aandoen en sy posisie sal verswak. 'n Soort argument dat ons sonder die Mandela/De Klerk-kombinasie almal in die knyp is.

Maar ek dink tog 'n mens moet darem nie te veel oë toemaak vir onheilighede nie. Die man is tog sekerlik die uitvoerende hoof van ons land se regering en 'n man met geweldige wye magte. Daarom wil ek hier 'n paar versigtige vrae vra.

De Klerk wek telkens die indruk dat hy verskoon wil word van die ongerymdhede van sy veiligheidsmagte; so half dat hy verhewe is bo dié gemors. Daarom ook sê hy gereeld op vrae, ook tydens sy perskonferensie dié week, dat "sover hy weet" dit of dat nie gebeur nie.

Dit was sy antwoord op 'n vraag of daar ander steun aan Inkatha was buiten en ná die geld vir die vergaderings.

Ek wil nie graag 'n man van die statuur van die Staatspresident daarvan beskuldig dat hy promisku met die waarheid omgaan nie, so miskien moet ek vir hom dit sê: Meneer die President, ons gewone outjies wat nie insae kan neem van die veiligheidsmagte se geheime lêers nie, wéét dat daar ander en later steun was. Hoe is dit dat jy nie weet nie? Gaan vrá dan vir Niel Barnard en Johan van der Merwe. Of gaan jy wag tot ons dit weer vers en kapittel bewys? Of is dit dalk 'n kwessie van jy wil nie weet nie?

De Klerk het dié week ook aanhou sê as daar net getuienis of geswore verklarings is oor polisiemanne of soldate wat aan die geweld deelneem of ongerymdhede pleeg, sal hy persoonlik sorg dat daar opgetree word.

My liewe president, daar was 'n hofsaak wat maande lank geduur het en miljoene rande gekos het en selfs in Londen 'n draai gaan loop het waarin 'n regter van die hooggeregshof - nou van die appèlhof - gesê het hy aanvaar die getuienis dat 'n polisie-generaal en verskeie senior of-

# *briewe*

### EN HOE LYK DIT NOU?

**Paddy Kuun van Kaapstad skryf:**

Ek wil graag die volgende vertaalde antwoorde op vrae wat op 13 Junie aan minister Pik Botha gestel was, bekend maak. Dit het opgeduik nadat Gareth Evans van Australië deur Botha beskuldig is dat Australië kant kies deur die ANC finansieel te ondersteun en groepe soos Inkatha ignoreer. Die onderstreepte woorde was Botha se eie sterk beklemtonings, nie myne nie. Dit het gebeur vóór die huidige "Inkatha-skandaal".

VRAAG: "Meneer die minister, u praat van geldelike ondersteuning, maar dit was seker finansiering van Inkatha toe die Suid-Afrikaanse regering dié van KwaZulu finansieël ondersteun het?"

MINISTER PIK BOTHA: "Dit is verbasend dat u die woord 'seker' gebruik, dame. Natuurlik is dit nie waar nie. Dit is totaal en heeltemal onwaar. Daar is in hierdie land 'n ouditeur-generaal, net soos daar in Australië is, wat deur die boeke en die fondse van elke regering en administrasie van hierdie land deurgaan, en hy lewer baie streng finansiële beheer daaroor. Dit is nie net heeltemal onwaar nie - ek kan bewys dat dit onwaar is."

Botha is toe vertel dat die Australiese geld nie direk aan die ANC gegee is nie. Sy antwoord was dat dit nie saak maak of die geld direk of indirek aan die ANC gegee was nie. Volgens hom is die vraag wat eintlik beantwoord moet word "waar gaan die geld uiteindelik?" As die geld aan die ANC gaan, dan gaan dit aan die ANC, direk of indirek. Die laaste gedeelte van sy antwoord het as volg gelui. Ek wil graag u aandag op sy laaste sin vestig.

BOTHA: "Dit [die Australiese geld] gaan nie aan Inkatha nie. Dit gaan nie na die PAC nie. Dit gaan nie na enige ander party nie. En dit is die punt wat ek wil maak. Dit skep 'n gevoel tussen mense dat hulle uitgelaat is, dat hulle op sy geskuif word... en dit skep dan emosies en daardie emosies skep dan geweld."

In die lig van die nuutste ontwikkelings rondom die "Inkatha-skandaal" en minister Vlok se erkenning op 21 Julie dat die ondersteuning van Inkatha miskien die indruk kan wek dat die regering kant kies vir Inkatha, laat ek dit aan u, die leser hiervan, oor om die nodige afleidings te maak.

*(Brief effens verkort)*

### SECRETLY FUNDED?

**An ordinary, a-political citizen writes:**

Are you (Max du Preez) and Mr Harber of the Weekly Mail being secretly funded by the ANC? I listened to Agenda Sunday night and you were both so anti the government and Buthelezi that in your own words "If a person could say yes or no to a question, then you as an average ordinary man take that answer to be YES." In which case I take it that you are receiving secret funds from the ANC and I challenge you to print my letter in your newspaper.

When John Bishop asked you whom you support, you said: "I support freedom of speech, human rights..." Now I ask you, what human rights do the ANC practise? Is ruling by intimidation a worthy practice to admire? Can you deny that when the ANC puts forth a call for a stay-away or a boycott, that no one dares disobey, that call and that anyone who does, is threatened with necklacing, being shot with AK47's? Is that your definition of human rights?

How often have I heard some poor black worker say to me: "I want to come to work but I'm terrified because they threaten to kill me or my family" or "I want to buy in your shop, but if I do, they will make me drink the bottle of oil or eat the soap powder."

No, Mr Du Preez, I say again, you are in the pay of the ruthless ANC who are determined to take all the power here and to share it with no-one. It is not a coincidence that you and the Weekly Mail have chosen this moment in time to discredit the government and Dr Buthelezi. Something desperate was needed because the ANC has the pip that sanctions have been lifted against all their opposition, and they are not as popular in the world as when Mandela first came out of prison.

The ANC are a bunch of thugs, they started the violence in this country, they introduced the AK47 poison, they instituted horrors such as necklacing, they

fisiere hulle aan 'n reeks wandade, waaronder talle moorde, skuldig gemaak het.

Daar is nie teen 'n enkele een van dié mense opgetree nie. Die generaal self sit nog net so in sy kantoor. En moenie kom met die storie dat daar 'n appèl hangende is nie - die appèl gaan oor 'n siviele eis van laster. Dit gaan die staatspresident nie aan nie.

Nee, ek is bevrees, die Staatspresident het nie skoon genoeg gemaak nie. Lees maar in dié uitgawe van die miljoene wat aan propaganda teen die ANC bestee is, en hoe die regering ongelooflik rondskarrel oor of hulle nou geld aan 'n regse studente-organisasie gegee het of nie.

Die miljoene aan die DTA en die propaganda-oorlog teen Swapo is nou in die ope gebring omdat dit nie meer skade kan aanrig nie. Wanneer sien ons dieselfde openhartigheid oor die regering se steun aan Renamo? Aan Unita? Aan reaksionêre elemente in Zimbabwe?

Wanneer gaan die regering bieg oor die moord op Robert Smit? Wanneer gaan ons die hele storie hoor van ministershuise op Madeira? Van die jarelange ivoorsmokkelary deur die weermag uit Angola? Wanneer hoor ons die hele storie van wat op Voëleiland naby Port Elizabeth gebeur het wat, so verstaan ons, tot die selfmoord van John Wiley gelei het en waarby ander ministers ook betrokke was?

Durf ons al dié onheiligehede afskryf as iets van 'n gewese era - Pik se "koue wintersjare" - en dit onder die mat invee? En dan wat maak ons as 'n nuwe regime soortgelyke goed doen?


Moet ons wag vir joernaliste om in dié gemors te gaan rondkrap en alles stukkie vir stukkie na vore te bring, of is dit beter vir die Staatspresident om nou maar die sweer oop te steek dat dit kan gesond word?

Dit lyk vir my ons moet ons gereed maak vir die dag, dalk nie so ver in die toekoms in nie, dat ons weer na 'n minister met 'n vinnige tong en luide handgebare moet luister wat vir ons vertel die dinge wat nou nog aan die gebeur is, was "uit 'n vorige era" en moet maar verskoon word.

Ons het in die oorgangstydperk waarin ons nou is 'n unieke geleentheid om 'n nuwe nasionale mentaliteit te skep, 'n nuwe kultuur van demokratiese aanspreeklikheid, skoon administrasie en verantwoordelike, oop regering. En 'n heilige respek vir die demokrasie.

Kom ons gee die Staatspresident maar weer die voordeel van die twyfel. Maar dan moet ek vandag 'n ernstige beroep op hom doen: raak ontslae van die mense wat so vir jou lieg. Raak ontslae van dié elemente wat vir jou skewe inligting gee oor die swart politiek en oor die onderduimse bedrywighede van die veiligheidsmagte.

Miskien is die man wat aan die hoof staan van die Koördinerende Sekretariaat vir Inligting, Niel Barnard, die eerste man wat sy goed behoort te vat en te loop.




and no-one else. And if they succeed in gaining power in this country, watch out for a whole new era of terror and intimidation. A whole nation will be at the mercy of a few cruel dictators. Is that what you want for such a lovely country as ours?

So I say again, what amount of money did the ANC give you secretly, that you now, at this point in time, choose to discredit the government and anyone else that tries to stand up for freedom of speech and human rights and tolerance and the right to an existence free from fear?

**RESENSENTE BANG VIR DIÉ BUL?**

**Etienne Britz van Stellenbosch skryf:**
Sedert my artikel "Nagsweet: nóg 'n aangereikte ,warm patat" in Vrye Weekblad verskyn het, is nuwe feite oor die geskiedenis van hierdie homo-erotiese digbundel onder my aandag gebring.

Ten eerste kon ek vasstel dat vroeër uitgawes van die bundel aanvanklik aan twee uitgewers - een buite die Nasionale Pers - voorgelê is. Albei het dit van die hand gewys.

Tafelberg, wat derde genader is, was wél bereid om die bundel uit te gee onder die naam wat Johann de Lange verkies het, naamlik Judasoog, maar het nie vir die Battiss-omslag kans gesien nie.

Ten tweede was daar ten minste drie resensente wat die bundel aanvanklik nie vir Insig wou resenseer nie: eers John Kannemeyer (wat dit vir Die Burger sou resenseer), toe Barend Toerien en daarna Merwe Scholtz. Tensy daar nog ander mense ook was, was ek die vierde en Daniël Hugo - wie se resensie toe wél gepubliseer is - die vyfde letterkundige wat deur Insig genader is. Wie langs dié lang pad die bredie of "kwyl" op Nagsweet se bladsye gemors het, is 'n geheim wat slegs Sherlock Holmes sal kan oplos.

Origens wil ek graag 'n misverstand wat onder my aandag gebring is, probeer opklaar.

My artikel wou hoegenaamd geen refleksie op Die Burger en veral op sy kuns- of boekeblad werp nie. Die betrokke redaksies het nog nooit enige beperkinge op my gelê nie en het my eerder van talle geleenthede voorsien. Ek het ook werklik geen twis met die Nasionale Pers as organisasie oor die hele affêre nie.

Waarom dit egter vir my gaan, is die eierdans wat 'n groot verskeidenheid mense van allerlei stempel-letterkundiges sowel as nie-letterkundiges blykbaar om Nagsweet uitgevoer het.

Dié dans is tekenend van die probleme waarmee die gay literatuur te kampe het: naamlik dat dit binne 'n samelewing moet bestaan wat die uitbeelding van erotiese identiteit as 'n geboortereg van slegs heteroseksuele mense beskou. Die hele aggressiwiteit van Nagsweet word verstaanbaarder as 'n mens insien teen watter stroom hierdie soort poësie moet swem.

Verder skep 'n digbundel soos Nagsweet 'n besondere uitdaging aan die letterkundige kritiek. Dis immers om die boeke waaraan die breër leserspubliek nie gewoond is nie, te bestudeer en toe te lig, om seker te maak dat so 'n boek nie die slagoffer van konvensionele vooroordeel word nie.

Nagsweet was dus 'n bul om aan die horings te pak, nie 'n boek wat van uitgewer na uitgewer en van resensent na resensent aangereik moes gewees het nie.

**TRADISIE LEEF VOORT**

**LR Myburgh van Sunnyside skryf:**
Aangesien ek nou 'n gereelde ondersteuner van Vrye Weekblad geword het, voel ek dit het tyd geword dat ek my Vaderlandsplig uitvoer en kommentaar lewer op een van julle verslaggewers.

Met die (trae en long overdue) totstandkoming van die Nuwe Suid-Afrika was ek ernstig bekommerd oor die oorlewing van die trotse tradisie van Afrikaanse verslaggewing. En nou verwys ek na die opregte en onbevooroordeelde verslaggewing waarvan Alf Ries en Ebbe Dommissse die vlagdraers is (en maar net vir 'n kort wyle nog sal wees). Maar tot my "aangename" verrassing sien ek daar bestaan wel nog 'n man wat sy man kan staan en wat die leisels nou al begin oorneem.

My opregte dank aan Hennie Serfontein wat dié tradisie sal laat voortleef. Veral met verwysing na sy bydrae in die artikel oor die nuwe ANC-leierskap ná hulle kongres in Julie (maar my kommentaar het eintlik betrekking op enige keer wat hy pen op papier sit).

Dit was 'n uitstekende stukkie joernalistiek wat Alf en Ebbe groen sal maak van jaloesie.

Daai artikel was op dieselfde beginsels geskryf as Alf en Ebbe se boek Broedertwis en het effektief maar dieselfde gesê - en nou bedoel ek van die skrywer en nie van die betrokke onderwerp nie.

Gaan so voort, Hennie. En die Afrikaner sal nooit bevry kan word van die stigmas wat om sy nek hang nie. So terloops Max, dankie vir 'n andersins ordentlike koerant.

*Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:*
**Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.**

## SO SÊ HULLE

"Ek is nie 'n ou wat stilstaan by 'n pap wiel nie".
**- Adriaan Vlok in 'n dagblad oor sy verskuiwing van minister van Wet en Orde na Korrektiewe Dienste.**

"Ek het nie in die polisie 'n harde benadering gehad nie en sal dit ook nie by die Departement van Korrektiewe Dienste hê nie".
**- Minister Adriaan Vlok.**

"Ek het die Rooies verslaan, nou sluit ek my by die Groenes aan."
**- Genl Magnus Malan aan 'n dagblad oor sy verskuiwing uit die pos Minister van Verdediging na Minister van Waterwese en bosbou**

"He was just generally one weird dude".
**- Dave Borsvold, 'n skoolmaat van Jeffrey Dahmer, die massamoordenaar van Milwaukee wat 17 mense vermoor en hul koppe en ledemate in sy woonstel gebêre het.**

"As soon as the commission [advieskomitee vir geheime projekte] is functioning, I will be prepared to use my power... to have concrete allegations of Security Force involvement investigated".
**- Pres FW de Klerk op die nuuskonferensie oor Inkathagate.**

"Today I wish to commit myself once again to transitional arrangements which will ensure in a constitutionally accountable manner that the government is unable to misuse its position of power to the detriment of its discussion partners in a negotiating process".
**- FW de Klerk op die nuuskonferensie.**

"Smile, policeman, smile."
**- Drie honderd studente betrokke by 'n opmars het dit aan 'n polisieman gesê nadat hulle twee briewe aan Inkatha en die regering aan hom oorhandig het by die Hillbrow-polisiekantoor.**

"They also have a lot of worms and skeletons, but if we were to take them out now, we will never move forward."
**- Musa Myeni van die Inkatha Vryheidsparty oor die ANC ná onlangse onthullings van geheime befondsing van sy organisasie.**

"De Klerk and his bespectacled induna-of-crocodile-tears refuse to admit that the day of disaster is coming, but what they do only brings that day closer".
**- JJ Sello van Sharpeville in 'n brief aan 'n dagblad.**

"When you have bitten an apple and you find a whole worm, you're in trouble. But when you have bitten an apple and you find half a worm, then you're in really serious trouble. Where has the other half gone? A half-truth is even more dangerous than a lie, because it can get people to believe what is ultimately deceitful and untrustworthy."
**- Aartsbiskop Desmond Tutu op 'n byeenkoms in die Kaapstadse stadsaal oor Pik Botha se stelling dat die staatsgeld aan Inkatha bedoel was om sanksies af te weer.**

# Jans Rautenbach en *'Projek Diver'*

**Jans Rautenbach het as voorste rolprentmaker derduisende rande van die weermag ontvang vir propaganda-rolprente wat hy vir hulle gemaak het. Dié prente is selfs aan die vorige Amerikaanse president vertoon om sodoende steun en simpatie vir die Suid-Afrikaanse regering en Jonas Savimbi, leier van Unita, te kry. PEARLIE JOUBERT *doen verslag***

DIE rolprentmaker Jans Rautenbach se ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Binnelandse Sake lees soos 'n John le Carre-spioenasieverhaal.

VWB is in besit van ooreenkomste wat Rautenbach met die Departement van Binnelandse Sake en Inligting aangegaan het en dik verslae oor propaganda-rolprente wat aan die vorige president van Amerika, Ronald Reagan, senaatslede en oorsese pro-Suid-Afrikaanse organisasies vertoon is.

Van die rolprente, blyk uit die dokumente, is veral aan organisasies en televisie-stasies getoon en verkoop met die doel om steun en simpatie vir Unita en die Suid-Afrikaanse regering te kry.

Dokumente wys dat Rautenbach die maatskappy Sunrise International Film Productions gestig, geregistreer en bedryf het "namens die SAW en met die laasgenoemde se magtiging ten opsigte van grootte, geskiktheid en koste".

Dié ooreenkoms lui: "Die Konsultant/Filmmaker onderneem om na die voorafgaande goedkeuring van die SAW die benodigde vervaardigingskontrak aan te gaan met sodanige instansies as wat nodig mag wees vir die vervaardiging, bemarking, verspreiding, vertoning van 'n bepaalde rolprent of rolprente, welke kontrak aangegaan moet word in die naam van SUNRISE INTERNATIONAL FILM PRODUCTIONS maar as 'n agent namens die SAW as versweë prinsipaal."

Volgens dié ooreenkoms sal die rol en verpligting van Rautenbach se maatskappy wees om:

- "Namens die SAW eksplisiet as 'onafhanklike' filmmaker" op te tree.
- Hom (Rautenbach) te vergewis van die weermag se reëls en regulasies met betrekking tot finansiële bestuur en rekenskap-prosedure; administrasie en sekerheid van inligting, personeel en uitrusting. "Hy pas dit nougeset toe en skool sy ondergeskiktes op diskrete wyse hiervolgens."
- Die Suid-Afrikaanse "geformuleerde veiligheidsdoelstellings" deurgaans as "norm en as basis" te laat geld.
- Die bestuur van Sunrise International Film Productions, 'n "koverte geslote korporasie in sy naam namens die SAW (te) registreer en bedryf in welke geval spesialis stawwe van laasgenoemde hom in raad en daad sal bystaan".

In dié ooreenkoms onderneem die weermag om aan Rautenbach R4 250 maandeliks te betaal sowel as 'n reistoelaag van R650. Dié kontrak sou in Desember 1985 eindig, waarna die bedrae hersien sou word. 'n Bonus, gelykstaande aan een maand se vergoeding, sou ook na 12 maande aan Rautenbach betaal word, een maand verlof is toegestaan en siekteverlof sou "volgens die diskresie van die SAW toegestaan word".

In die dokument stel die weermag dit duidelik dat die korporasie [Sunrise] "asook die produksie en bemarking van films vooruitspruitend hieruit Uiters Geheim vir die Staat\SAW" is.

Die vervaardiging van rolprente deur Rautenbach en Sunrise International en die vertoning daarvan op televisie [SAUK] en in bioskope plaaslik asook in die buiteland, staan volgens dokumente in VWB se besit bekend as "Projek Diver".

Ooreenkomste tussen die weermag en Rautenbach is egter reeds in 1982 aangegaan en wys dat Rautenbach 'n rolprent, *Ekonomiese- Veiligheids- en Politieke aanslag teen die RSA*, vir die weermag sou voltooi waarvoor hy R141 000 betaal sou word.

Van Januarie tot November in 1985 het Rautenbach se rolprentmaatskappy, wat toe Sunrise genoem is, en Alphine Films, onder beheer van Johathan Scot Finch van Alphine Associates SA Zurich, vier rolprente beplan wat almal handel oor Angola en Unita.

In dié tyd, blyk uit die dokumente, het Rautenbach en die weermag se ooreenkoms bestaan en het die weermag vir dié rolprente betaal.

*Challenger*, 'n 26-minute televisie-program oor die leier van Unita, Jonas Savimbi, is beplan en voltooi deur Rautenbach en in sy beplanning is *Challenger* só in 'n dokument beskryf: " 'n 26 Minute TV program oor Savimbi wat hom as mens en denker uitbou; 'n Westerse leier wat die demokrasie nastreef; 'n wenperd..."

Catherine Laporte-Coolen, blykbaar 'n Amerikaanse aanbieder, is aangestel as ankervrou "om 'n objektiewe program daar te stel". Die dokument lui verder: "'n Franse weergawe van *Challenger* is ook vervaardig en spesiale sorg is geneem om aktuele vrae wat die Franse raak, daarin te hanteer. Die Cabinda-voorval [die olieryke Cabinda-enklawe in Angola waar die Suid-Afrikaanse soldaat Wynand du Toit gevang is en erken het dat Suid-Afrikaanse soldate daar was om sabotasie te pleeg] in Mei\Junie vanjaar het egter 'n valbyl-verbod ontlok teenoor enige pro-Savimbi boodskap op die staatsbeheerde TV-kanale. Die projek is op ys geplaas en ons wag maar geduldig vir die winde om te draai."

Die konsepvoorstel vir die tweede televisie-program, *Phoenix*, wat ook 26 minute lank is, het gelui: " 'n TV-program wat die Kubane beskuldig van onmenslike optrede in Angola. 'n Verpletterde kerk in Lumbalo N'Gimbo, naby die Zambiese grens, is as kapstok gebruik om die swaarkry van die Angolese Christene uit te beeld. 'n Boodskap van hoop word teen die

*vervolg op bladsy 5*

BRIDGING THE GREAT DIVIDE



Evolution divided the continents of the Americas and Africa. But Varig closes the gap!

EVERY FRIDAY TO RIO
AND
EVERY DAY
RIO/USA

VARIG
Brazilian Airlines

Johannesburg (011) 331-2231 Fax (011) 331-9803
Cape Town (021) 21-1850



Peers Hartzenberg ... sy "blinde lojaliteit" het nou getaan. (Foto: Pearlie Joubert)

# Die Veiligheidspolisie se *'drama-reeks'*

Die Veiligheidspolisie het die filmmaker Peers Hartzenberg R30 000 betaal om 'n peperduur propaganda-film oor beweerde ANC-wandade vir die SAUK te maak. Hy moes ook 'n propaganda-reeks oor die polisie maak wat meer as R1 miljoen sou kos, maar dié plan het skeefgeloop en tot 'n hofsaak gelei. **PEARLIE JOUBERT** *doen verslag*

DIE Veiligheidspolisie het die idees en die geld gegee, Peers Hartzenberg het die rolprent "uit 'n blinde lojaliteit" gemaak - en die SAUK het dit uitgesaai sonder om daarvoor te betaal.

Die rolprent waarvoor Hartzenberg R30 000 ontvang het, was getitel *Umkontho we Sizwe: Disgrace of the Nation?*. Dit het die polisie sowat R300 000 uit die sak gejaag - en die SAUK het dié prent van 30 minute as 'n "dokumentêre" program uitgesaai.

"Die polisie wou hê ek moes vir die polisie word wat Jans Rautenbach (sien berig hiernaas) vir die weermag was. Rautenbach is gevoer met films en geld van die weermag. Ek moes die polisie se propaganda vir hulle maak soos Rautenbach dit vir die weermag gedoen het," sê Hartzenberg.

Met sy Mercedes Benz en velskoene op sy plaas buite Parys lyk Peers Hartzenberg op die oog af nes nóg 'n skaap- en beesboer. Maar Hartzenberg en sy films het 'n lang geskiedenis met die Veiligheidspolisie in Suid-Afrika.

Tydens sy studentedae aan die Universiteit van die Witwatersrand, waar hy kuns gestudeer het, het hy Nusas- en ander linkse vergaderings bygewoon en verslae vir die Veiligheidspolisie geskryf. "Vir dié werk, wat ek vir twee jaar lank vir hulle gedoen het, is ek R20 betaal," lag Hartzenberg vandag.

Hartzenberg het al heelparty dokumentêre reekse vir die SAUK gemaak, sowel as die vervolgreeks *Rieksie Rautenbach, Baasspeurder.*

"Dit was dus nie vreemd vir my nie toe kaptein Pat King van die Veiligheidspolisie my op 14 Augustus 1986 skakel en vra om vir hom en luitenant Peet Bothma, ook van die Veiligheidspolisie, by die ou Gallery Grill in Milpark te ontmoet."

Bothma was in dié stadium in die skakelafdeling van die Veiligheidspolisie.

Die middag in die Gallery Grill het die twee polisiemanne aan Hartzenberg gesê hulle wil hê hy moet 'n Engelse dramareeks met 'n polisietema maak: "Om die polisie se beeld by veral die Engelsprekende publiek te verbeter en swart en wit polisiemanne nader aan mekaar te bring," sê Hartzenberg.

Ná gesprekke, ook met genl Johan Coetzee, die vorige kommissaris van die polisie, en brig Herman Stadler, het Hartzenberg opdrag gekry om die dramareeks te maak.

Volgens hom moes 'n witmens en 'n swartmens die hoofrolle vertolk "ten einde samewerking tussen die twee groepe te help bevorder". Volgens Hartzenberg is die Amerikaanse televisiereeks *Misdaad in Miami* as 'n goeie verwysingsraamwerk aan hom genoem.

Hartzenberg sê die polisiemanne het reeds akteurs gekies "wat die beeld van die polisie die beste sou uitdra". Die name wat genoem is, was dié van Brumilde van Rensburg, Marius Weyers, Hans Strydom, en Ken Gampu - wat glo 'n oud-polisieman is.

Hartzenberg sê King en Bothma het gesê die polisie en SAUK sal onderhandel om die koste van dié dramareeks te verdeel en dit sou hulle sowat 'n halfmiljoen elk kos. Hartzenberg sou vir dié reeks net sy normale tien persent wins maak.

Voordat dié projek egter van die grond af kon kom, het luit Bothma weer vir Hartzenberg geskakel.

"Dié keer wou die polisie 'n dokumentêre program oor die wantoestande in ANC-kampe hê. In die dokumentêr moes ek my toespits op die Quatro-kamp in Angola.

"Ek het geen probleme daarmee gehad om die polisie se propaganda-films vir hulle te maak nie. Ek het 'n soort blinde patriotisme jeens my land gehad en sou baie dinge vir die polisie en regering doen. Vandag? Ek weet nie van vandag nie - maar met die polisie is ek klaar," sê Hartzenberg.

Vir die doeleindes van dié halfuur-lange dokumentêre program het die polisie Hartzenberg gedetailleerde kaarte van die Quatrokamp gegee. "Magtig man, dit het my beïndruk. Hulle het vir my kaarte gegee waarop elke gebou, elke venster en elke kamer aangedui is. Daar was nie één bult of gebou in Quatro wat nie op die kaarte aangedui was nie."

Die dokumentêr is verfilm op die polisie se berugte Vlakplaas buite Pretoria waar onderhoude met Askari's gevoer is, sowel as in Nelspruit en die Groot Marico. "Dié dokumentêr *Umkontho we Sizwe: Disgrace of the Nation?* was elke vervaardiger se droom. Ons het elke dag met die polisie se helikopter rondgevlieg en die polisie het al die koste gedra.

"Dié film het die polisie, skat ek, sowat R300 000 gekos en ek is R30 000 betaal. Sewe dae lank het ek, luit Jan Weyer - die leier van die projek - en sy assistent sers Derek Botha, maj André Venter, die hoof van die filmeenheid van die polisie en 'n kamera- en klankman van God's Window tot by Marico in Wes-Transvaal rondgevlieg."

Hartzenberg se regstreekse opdrag was om te wys hoe sleg dit in die ANC-kampe gaan en sodoende die ANC te diskrediteer. In die program word breedvoerig uitgewei oor hoe ANC-leiers aangehoude ANC-lede in dié kampe gemartel het, hoe daar geen kos vir hulle was nie en hoe vroue seksueel deur die ampsdraers in die kampe aangerand is. Spesifiek vir dié doel is onderhoude met gemaskerde Askari's gedoen wat hulself "gerehabiliteerde ANC-terroriste" noem. Hulle het selfs handskoene gedra en verduidelik dat dit uit vrees vir herkenning is. Dié program is op 12 Desember 1986 opgeneem.

Die leier van dié projek, luit Jan Weyer, was by die Afdeling Strategiese Kommunikasie betrokke wat regstreeks onder die Veiligheidshoofkantoor se beheer was.

Volgens Hartzenberg het die veiligheidspolisie dié dokumentêre program verniet aan die SAUK gegee om uit te saai.

Die SAUK het geen rekord dat dié program uitgesaai is nie. Hartzenberg sê hy kan nie presies onthou wanneer dit uitgesaai is nie, maar dit was in 'n dokumentêre program "soos Verslag".

Al Hartzenberg se polisie-ooreenkomste het nie so goed soos *Umkontho we Sizwe: Disgrace of the Nation?* gevaar nie. Die Engelse dramareeks moes voortgaan - maar al wat Hartzenberg gehad het, was 'n mondelingse ooreenkoms oor dié projek.

"Bothma en King wou niks op papier sit nie omdat dit sensitief sou wees," sê hy.

Op 11 Augustus 1987 het Hartzenberg 'n oproep van Bothma ontvang waarin "Bothma gesê het dat Vlok die dramareeks in beginsel goedgekeur het en dat die projek moes voortgaan". 'n Halfmiljoen rand is toe ook, volgens Hartzenberg, deur die polisie se direktoraat goedgekeur vir die projek en daar sou nog met die SAUK onderhandel word oor die ander halfmiljoen.

Maar tot aan die einde van 1989 het daar niks gekom van die geld nie. "Toe dagvaar ek Vlok vir R600 000, omdat ek skade gely het weens die sloer van dié dramareeks," sê Hartzenberg.

Toe Vlok gedagvaar word, het genl-maj Johan van der Merwe, tans die kommissaris van die polisie, Hartzenberg en sy prokureurs ingeroep om die saak te probeer beredder, sê Hartzenberg. "Hy was uiters ongeskik en het by tye spierwit van die woede geword," sê Hartzenberg. Hy sê die polisie het gesê hulle het geen kontrak met hom verbreek het nie, en die projek moet voortgaan.

"Genl Van der Merwe se woorde aan my by dié geleentheid was dat 'n senior offisier met my in verbinding sal tree en dat dit van my en hom [die offisier] sal afhang hoe die projek gaan lyk. 'Maar ek wil hê die ontwikkeling van die projek moet aan die einde van Februarie 1990 voltooi wees,' het Van der Merwe gesê", sê Hartzenberg.

"Die polisie het ook, sonder om met my te raadpleeg, besluit om iemand anders aan te stel om die draaiboek te skryf en het besluit op Beryl Salt, wat die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Draaiboekskrywers-vereniging was."

Salt is deur die polisie gekontak vir die draaiboek en haar eerste voorlegging aan die polisie is goedgekeur. Verlede jaar is dié draaiboek, wat Salt *The Hidden War* genoem het, na Hennie Human van die SAUK gebring vir goedkeuring, sê Hartzenberg. Salt het glo R44 000 vir haar draaiboekvoorlegging van die polisie ontvang.

Human is die hoofbestuurder van een van die produksie-eenhede van die SAUK, Safritel. Volgens Hartzenberg het Human glo die draaiboek afgekeur, waarna Hartzenberg 'n brief van Vlok ontvang het waarin hy [Vlok] sê die hele projek moet gestaak word "omdat dit nie by die Nuwe Suid-Afrika sal inpas nie".

"Die polisie het ook vir my gesê dat Vlok die projek afgekeur het weens die veranderende politiek - maar ek weet dat dit afgekeur is omdat die draaiboek so swak was," sê Hartzenberg.

Twee mondelingse ooreenkomste is, volgens Hartzenberg, daarna met die polisie aangegaan waarvolgens hy vir elke film R135 000 van die polisie sou ontvang.

Hartzenberg is baie bitter omdat sy werk met die polisie deur die mat geval het. "Hulle het my afgedreig toe ek Vlok dagvaar. 'n Kaptein van die Veiligheidspolisie [Hartzenberg wou nie sy naam noem nie] het vir my gesê: 'Moenie 'n hofsaak teen ons maak nie. Ons het 'n paar lelike outjies by die hoofkantoor wat jou sal bykom'," sê Hartzenberg.

Brig G Joubert van die Regsafdeling van die Polisie bevestig dat 'n dagvaardiging op 12 April 1991 aan die minister van Wet en Orde bestel is. In die polisie se verweerskrif ontken hulle enige kontrakbreuk met Hartzenberg, maar erken dat daar gedurende September 1986 tot November 1988 onderhandelinge tussen Hartzenberg en die polisie was.

*vervolg van bladsy 4*

einde gegee wanneer die kerk weer in gebruik geneem word."

Die derde rolprent, *Die Non Storie*, 72 minute lank, word in die dokument beskryf as "die verhaal van suster Maria Engelbert-Eibl, 'n Duitse Katolieke non, wat deur Unita gevang en na Jamba geneem is. By haar aankoms het sy Savimbi versoek om haar nie weg te stuur nie maar toe te laat om by Unita te bly en te werk."

Dié rolprent is, volgens die dokument, Sondagaand 22 Desember 1985 om 11nm op 'n Duitse televisiestasie uitgesaai. Dié prent sou ook in Portugees oorgeklank word vir bemarking in Brasilië en Portugal.

Die laaste projek vir dié jaar was *Angola...The Last Ten Years.* "Hierdie video program word tans saamgestel uit bestaande materiaal; spesiaal verfilmde militêre- en geskiedkundige voorligting deur Unita-offisiere; asook internasionale argiefmateriaal wat bestel is en verskeie aspekte van die 'Ander Angola' uitbeeld - Kubaanse troepe, Russiese vragskepe en toerusting, militêre opleiding, hongersnood, 'May Day' parades in Luanda, die stad se verval, Castro se uitlatinge oor Angola, ens ens.

"Hierdie moet uiters slim gedink en gewerk word sodat die program werklik gebalanseerd voorkom. Die STEERING COMMITTEE [die senaat se komitee] wil dit gebruik om die VSA kongres te beïnvloed voor en tydens hul komende debat oor Angola."

Vir die eerste drie maande van 1986 het Rautenbach beplan om 'n uurlange program, *Women at War*, te maak oor "die ongelooflike opofferinge wat die Unita vroue maak" en hoe hulle "veg teen Kommunisme wat hulle bos toe gebring het". Die tweede prent, *The Boy Soldiers*, sou handel oor die MPLA en Kubane wat "jong seuns as kanonvoer gebruik".

Rautenbach kon nie vir kommentaar opgespoor word nie.

# Ter wille van die demokrasie? *Se voet!*

Die *"koue winter"* wat **Pik Botha** aanvoer as konteks vir die steun aan Inkatha en ander ongerymdhede is maar een kant van die muntstuk, argumenteer **WILLEM SAAYMAN**, *professor in Teologie aan Unisa*

DIE regering wil graag hê, heel tereg, dat die skandaal rondom die befondsing van Inkatha in sy historiese konteks gesien moet word (hoewel FW, as hy so die "objektiwiteit" van die sakemanne in sy beoogde advieskomitee benadruk - omdat hulle dan nou glo geen "vested interests" in die proses het nie - nie veel bewys gee dat hy verstaan wat dit beteken as 'n mens iets kontekstueel beoordeel nie). Die konteks wat dan konsekwent deur Adriaan Vlok, Pik Botha en FW de Klerk geskets word, is dié van 'n SA wat deur magte van buite bedreig word (Pik se poëtiese "koue winter"). As 'n mens in ag neem in hoe 'n mate SA in daardie stadium bedreig was, sê hulle, moet jy toegee - hoewel jy nie hoef saam te stem nie - dat daar goeie redes was vir dié onortodokse maatreëls, dat dit gedoen is ter wille van die demokrasie, in die beste belang van SA en kan niemand hulle dus te skerp veroordeel nie.

Dit is inderdaad een kant van die konteks. Dieselfde konteks het egter ook 'n ánder kant: SA wat deurgaans die state rondom hom bedreig en gedestabiliseer het tydens politieke oorgangsprosesse. Dié lyn is baie belangrik om die werklike gevaar van die NP-regering se optrede te begryp. Dit het begin in Rhodesië, waar die regering openlike steun aan die Smith-regime gegee het, hoewel dit duidelik was dat daardie regime nie die steun van die meerderheid mense van die land geniet het nie. Toe dit duidelik word dat gewapende verset alleen die vloedgolf swart nasionalisme nie sal keer nie, het dieselfde regering ewe gemaklik meegewerk om Smith tot 'n skikking te dwing.

Daarmee was hul betrokkenheid egter nie op 'n end nie. Hulle het wel aanvaar dat daar 'n swart regering in Rhodesië sou kom, maar darem ook nou nie sommer enige swart regering nie (ek meen, onse regering het mos darem standaarde om te handhaaf). Daarom is steun oorvloedig gestort in die koffers en kampanjes van Abel Muzorewa (alles netjies gedokumenteer deur 'n verskeidenheid outeurs).

Dit was vir enige mens met 'n redelike intelligensie en begrip van Afrika gou duidelik dat die meerderheid mense van Zimbabwe nie deur Muzorewa regeer wou word nie (en demokrasie beteken nou mos darem so min of meer dat die wense van die meerderheid mense die deurslag gee - of hoe word die wit verkiesingsuitslae sedert 1948 in SA geïnterpreteer?) Dit het egter g'n duit verskil aan ons ridders van buitelandse destabilisering en manipulasie gemaak nie: hulle het Muzorewa tot die bitter einde gesteun, met geldjies ook uit my sak, wat ek eerder spandeer wou sien om ons beroerde swart onderwys en behuising te verbeter.

Die lessie wat uit dié voorval te leer is, is taamlik duidelik: die regering is bereid om heelwat geld (belastingbetalers se geld) te bestee in 'n buurland om die politieke proses só te manipuleer dat selfs 'n party wat nie deur die meerderheid burgers van daardie land gesteun word nie, tog verkies sal word. Dit het toe nie met Zimbabwe gewerk nie, but it was not for lack of trying.

Ná Zimbabwe het Angola gekom. Hier het die regering eers in die geheim betrokke geraak, weer omdat hulle nie gehou het van die moontlikheid dat die MPLA die regering ná onafhanklikheid sou vorm nie.

Die man wat hulle gekies het om te ondersteun, Jonas Savimbi, en wat hulle as groot demokraat voorgehou het, het al gedurende die vryheidstryd sy kragte aan die Portugese se kant ingegooi teen die MPLA (ook heel deeglik gedokumenteer), en was teen die einde van die vryheidstryd op sy laaste bene. Dit lyk nie vir my baie oortuigend om te beweer dat Savimbi wye steun geniet het as hy saam met die koloniale heersers onsuksesvol teen die Angolese moes veg nie.

Onse regering het hom egter trou bly ondersteun, ook toe sy "stryders" soveel landmyne so vrygewig geplant het in die Angolese mielielandjies dat Angola vandag met die meeste landmyngevalle ter wêreld kan "spog". Vandag, in 'n Angola behoorlik leeggebloei en uitgeput, kan hulle Savimbi aan die wêreld voorstel as die vegter vir daardie Christelike waardes waarvoor ons manne aan die grens ook so manhaftig geveg het, die groot kampioen van die demokrasie. Of die Angolese self ook so dink, sal ons maar moet sien.

Terwyl Angola nog aan die gang was, het Mosambiek begin. Toe dit duidelik was dat die skrif aan die muur was vir sowel Smith as Muzorewa, het ons "weermag" goedgunstig Renamo by die Rhodesiese Special Forces oorgeneem. Soos bekend, is Renamo "gestig" deur die Rhodesiese CIO en opgebou onder andere uit Frelimo-drosters - die klassieke liberation movement without a cause (ook deeglik gedokumenteer, gelukkig). Tot vandag toe is Renamo se enigste konsekwente beleidspunt die vernietiging van klinieke, skole en dorpies. Maar ook dié brawe "vryheidstryders" het die NP-regering deur dik en dun bygestaan, selfs nadat PW plegtig sy hand op papier gesit het dat ons dit nie meer sal doen nie. Ook die Frelimo-regering was uiteindelik, soos die MPLA in Angola, só leeggebloei dat hulle die eis van die "demokrasie" moes aanvaar om met Renamo te onderhandel. Nou lyk Renamo glad nie gretig om aan die vrye verkiesing (waarvoor hulle dan juis geveg het) deel te neem nie. Sou hulle dalk twyfel aan hul eie propaganda oor hoe die mense van Mosambiek hulle steun?



Die leier van die Inkatha Vryheidsparty en hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi.

Terwyl Mosambiek en Angola nog aan die gang was, het Namibia begin. Toe die Suid-Afrikaanse "weermag" uiteindelik uit die gebied moes uit, kon hulle mos darem nie hul lojale ondersteuners net so los nie. Gevolglik het die NP-regering hulle so min of meer (wat is 'n R10 miljoen of so meer of minder tog nou tussen vriende!) R100 miljoen gegee vir hul verkiesingsveldtogte. Dit, sê Pik, was om te verseker dat die verkiesing in Namibia "demokraties" sou wees. Bly maar moeilik om te begryp wat Nasionaliste bedoel as hulle "demokrasie" sê, want die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens het die regering in 1977 al meegedeel dat Swapo 'n vrye verkiesing in Namibia sou wen. Demokrasie beteken dan blykbaar vir die Nasionaliste om jou bes te doen om te probeer verhoed dat die mense van 'n land kry wat hulle wil hê. Soos in Mosambiek, het die NP-regering dit ook gedoen nadat hulle in New York plegtig hul hand op papier gesit het dat hulle hulle nie sal inmeng met die oorgangsproses nie. (Hoe lui die gesegde nou weer: Ek sit my hand op papier om vir jou staatmakerdiens te verseker.) In Namibia het hulle inmenging toe nou genadig nie 'n Swapo-oorwinning gekeer nie, maar soos met Zimbabwe - it wasn't for lack of trying.

Nou, in die jaar van onse Liewenheer 1991, steun die NP-regering vir Inkatha. Maar, verseker eers Vlok, toe Pik, en uiteindelik FW vir ons: dit was om sanksies te keer, toe die winter, in Pik se gevleuelde woorde, so bitter koud was. Lees dit net in dié konteks, dan sien julle ons praat die waarheid. Ek wil nou die uitnodiging ernstig opneem en die steun aan Inkatha inderdaad in dié konteks lees, die konteks wat ek so pas geskets het, 'n konteks wat goed gedokumenteer is. Die konteks vertel vir my dat die NP-regering nie skroom om hom by ander mense se sake in te meng as dit lyk asof sake anders gaan verloop as wat hulle (NP) graag wil hê nie. Die aanspraak dat dié inmenging juis geskied om demokrasie sy vrye verloop te laat neem, is in die lig van hierdie konteks van alle waarheid ontbloot. Die feit dat hulle belowe, selfs deur die ondertekening van internasionale ooreenkomste, om in so 'n oorgangsproses neutraal te bly, word deur dié geskiedenis as van nul en gener waarde bewys. En om nou vir ons te kom sê dat Inkatha net gesteun is t.o.v anti-sanksies, dat dit glad nie bedoel is om enige politieke doelwit te behaal nie, is geheel lagwekkend (wat nou nie beteken dat 'n hele klomp van ons bleek medeburgers dit nie gaan glo nie).

Gesien teen die agtergrond van gebeure wat met die bosoorlog in Rhodesië begin het, is die steun aan Inkatha deel van 'n deurlopende poging om die meerderheid van die mense van Suid-Afrika te verhinder om die regering te kry wat hulle verkies, omdat die NP-kohorte reken dat só 'n regering nie in hulle beste belang sal wees nie. En in daardie poging is enige agterbakse metodes aanvaarbaar - selfs die verbreking van internasionale verdrae en beloftes.

Dus: Inkatha is gesteun. Ten einde sanksies te omseil? Ter wille van die demokrasie?

Ter wille van die beste belang van Suid-Afrika? Se voet!

# Buthelezi en spioen Botha: *niemand glo hulle nie*

**Majoor Louis Botha**, senior veiligheidspolisieman in die Durban-streek en die skakel in die oorbetaling van staatsfondse aan Inkatha, het dié week verklaar *Mangosuthu Buthelezi* het nie geweet van die staatsgeld wat hy vir Inkatha-vergaderings oorbetaal het nie. Niemand in KwaZulu glo dit nie, berig **HENNIE SERFONTEIN**, want almal wat die Ulundi-politiek ken, weet Botha is een van Buthelezi se intiemste vertrouelinge

"AS Buthelezi vir majoor Botha gebruik om sy eie kabinetslede se telefone te tap en om op hulle te spioeneer, hoe sal Buthelezi nie weet van sulke geld nie? Hoe wil enigiemand hê ons moet glo Botha se memorandum van hoe dankbaar Buthelezi was oor die geld is onwaar as ons almal weet hoe na die twee aan mekaar is?" vra 'n senior figuur in Inkatha in Ulundi aan VWB.

Hy sê: "Van al sy vertrouelinge is Botha een van die persone wat die naaste aan Buthelezi staan. Hy geniet 'n besonder intieme vertrouensposisie met Buthelezi, sowel in sy hoedanigheid as president van die IFP en as hoofminister van KwaZulu."

Die bron sê hoewel dit tegnies korrek kan wees dat Botha vir Buthelezi se veiligheid verantwoordelik is as hy in die Durban-gebied is, besoek hy hom ook dikwels op Ulundi. "Botha het te alle tye vrye toegang tot Buthelezi. Hy is een van die weinige mense wat ten volle deur hom vertrou word en met wie hy openlik sy politieke en ander probleme bespreek."

Die IFP-lid, 'n goed ingeligte en ervare waarnemer van die IFP-politiek, sê Botha se vertroulike verslag in Maart verlede jaar aan die veiligheidspolisiehoof in Pretoria oor verborge spanninge tussen Buthelezi en sy senior ministers, het die agterdog op die hoogste leiersvlak baie korrek weergegee.

Volgens die Botha-verslag is Buthelezi "ook bekommerd oor die moontlike rol wat van sy ondersteuners en kabinetslede" sal speel ná die ontbanning van die ANC en die vrylating van hul leiers.

Botha noem dan die name van Oscar Dhlomo, toe nog minister van Onderwys en sekretaris-generaal van die IFP, Frank Mdlalose, minister van Gesondheid en nou IFP-voorsitter, Inkosi Gumede, minister van Openbare Werke, en S Sithebe, minister van Binnelandse Sake.

Verwysend na die inhoud van die verslag, wat meld hoe emosioneel Buthelezi was toe hy die kwitansie van die fondse ontvang het en hoe hy gesê het dat hy hom nie genoeg kan bedank nie en dat hy dit nooit verwag het nie, sê die bron: "Enigiemand wat Buthelezi ken en baie met hom te doen het, sal weet dit is kenmerkend van sy spreekwyse in sulke omstandighede."

Die IFP-lid sê Botha het 'n geweldige invloed op Buthelezi. Botha word byvoorbeeld in IFP-kringe verantwoordelik gehou daarvoor dat Buthelezi einde 1989 "bollemakiesie geslaan en hom onttrek het aan 'n vredeskonferensie met Cosatu en die UDF, nadat hy eers baie geesdriftig oor die plan was."

Die IFP-lid sê die veiligheidspolisie het in die laaste jare 'n besondere invloed op Buthelezi se denke verkry het deurdat hulle sy "vooroordele en vrese ten opsigte van die ANC uiters effektief uitbuit en gebruik."

Die veiligheidspolisie gee blykbaar gereeld voorligting aan die KwaZulu-regering, soos ook in ander selfregerende gebiede gebeur.

Soms word die voorligting aan Buthelezi alleen gedoen, maar dikwels is ander ministers ook teenwoordig.

"Deur die jare het die veiligheidspolisie op effektiewe wyse die veiligheidsessies gebruik om Buthelezi te voer met nuus wat hulle weet sy woede en vooroordele teenoor die ANC slegs verder sou aanblaas," sê die IFP-lid.

"Dit het dikwels hoofsaaklik bestaan uit bewerings teen en aanvalle op hom deur ANC-leiers, amptenare en hul media toe hulle nog in ballingskap was. Daar is relatief minder aandag aan ander algemene veiligheidsake gegee."

Die IFP-lid sê dié optrede was daarop gemik om die belange en strategie van Pretoria te dien, wat nie noodwendig die beste vir die IFP en Ulundi is nie.

So is dit opmerklik dat Buthelezi deurgaans 'n veel harder, ongenaakbare houding teenoor die ANC aanneem en veel meer onbuigsaam as die regering self is.

Dit geld sekere aspekte van die onderhandelinge soos kwessies van 'n tussentydse regering en 'n grondwetgewende vergadering, waar dit tog lyk of 'n vergelyk tussen die ANC en die NP moontlik is.

Die IFP-lid stel dit só: "Die vraag het in ons geledere ontstaan of FW de Klerk, die Staatspresident, op dié wyse vir Buthelezi beïnvloed om 'n onverbiddelike, kompromielose houding aan te neem, waaragter hy kan skuil. Of is dit dalk die veiligheidspolisie, of elemente daarbinne, wat Buthelezi wil gebruik om die onderhandelingsproses te bemoeilik, of om De Klerk se posisie self te ondermyn?"

## Inkathagate gee nuwe stukrag aan onderhandelings

*Die Inkathagate-skandaal* het ironies genoeg nuwe stukrag aan die onderhandelingsproses gegee, 'n nuwe dringendheid geskep en die weg tot 'n veelparty-konferensie (VPK) geopen wat dalk nog voor einde vanjaar kan plaasvind, berig **HENNIE SERFONTEIN**

DIE TAFEL was met gister se perskonferensie van die ANC se uitvoerende komitee (NEC) se perskonferensie gedek vir 'n skerp aanval op Staatspresident FW De Klerk, sy hantering van die skandaal en sy versuim om aan die ANC-eise in dié verband te voldoen.

In die verklaring deur die NEC vooraf word dit dan ook gedoen en word die integriteit en geloofwaardigheid van die regering in skerp taal aangeval.

Maar die perskonferensie was ontdaan van enige krisis-atmosfeer of bitterheid. Die hooftema van die ANC-boodskap in sowel die verklaring as die antwoorde wat die ANC-leiers op vrae gegee het, is dat 'n veelparty-konferensie so gou moontlik gehou moet word met as eerste punt op die agenda die instelling van 'n tussentydse regering van nasionale eenheid as 'n "oorgangs-gesagsliggaam."

Want, sê die ANC, die bestaan van die regering self is nou nog die enigste wesenlike struikelblok in die weg tot ware onderhandelinge. Daarmee is toegegee dat kwessies soos politieke gevangenes, die terugkeer van uitgewekenes en geweld nie meer as struikelblokke gesien word nie, maar sake is wat die aandag van die VPK moet geniet.

Die ANC beklemtoon dat al die omstandighede rondom die Inkathagate-skandaal dit duidelik maak dat die regering nie langer met die beheer van sake in die oorgangsfase vertrou kan word nie.

Die ANC se oproep tot 'n tussentydse regering kom net twee dae nadat De Klerk op sy perskonferensie 'n meer buigsame houding daaroor begin aanneem het, hoewel hy die idee steeds verwerp en aandring dat die regering die soewereine gesag sal bly tot 'n nuwe grondwet ingestel is. Maar, sê hy, die VPK moet bespreek hoe ander partye en groepe insette in die besluit en wetgewende proses kan lewer. Ook sê hy die VPK kan besluit oor hoe die konferensie georganiseer en saamgestel word.

Politieke ontleders het dadelik gesê De Klerk het duidelik die deur vir onderhandeling oor 'n oorgangsregering oopgehou. En uit die opmerkings op die perskonferensie van die ANC is dit duidelik dat die ANC ook 'n oop gemoed oor dié kwessies het.

In sy verklaring sê die ANC: "Die NEC herbevestig dat die enigste manier vorentoe vir ons land die skepping van 'n oorgangsowerheid met 'n beperkte lewe is, aan wie die taak opgedra word om die land vir 'n demokratiese grondwet voor te berei en om die land in daardie periode te regeer. 'n Interim regering van nasionale eenheid dus, onbevlek deur die stigma van partydigheid.

"President De Klerk se volharding dat sy regering moet voortgaan om die land te regeer, terwyl sy party betrokke is in VPK-gesprekke, is 'n poging om die onskeibare te probeer skei. In die lig van die huidige skandale, en die manier waarop hy gekies het om dit aan te pak, het president De Klerk die kwessie van 'n interim-regering van nasionale eenheid tot bo-aan die agenda geskuif. Die ANC, op sy beurt, is verbind om daardie doel te bereik langs die weg van 'n patriotiese front-konferensie wat tot 'n VPK sal lei."

Dat die ANC bereid is tot kompromie oor die hele kwessie van 'n interim regering, blyk uit die buigsaamheid van die leiers se antwoorde. Hulle maak dit duidelik dat die ANC nie die regering se onmiddellike bedanking eis nie; dat De Klerk en Mangosuthu Buthelezi albei deel van so 'n tussentydse regering kan wees; en dat De Klerk selfs voorsitter of president daarvan kan wees, as daar ooreenstemming daaroor bestaan.

Die ANC het hom daarvan weerhou om De Klerk se persoonlike integriteit te verwerp, en het direkte antwoorde daaroor vermy. Joe Slovo sê: "'n Jaar gelede het gesê ek sal blindelings 'n tweedehandse motor van hom koop. Maar nou sê ek dat ek só 'n motor eers deur die AA sal laat ondersoek."


In antwoord op 'n vraag van 'n joernalis of hy sy berig kan begin met 'n inleiding wat sê dat die ANC aandring op die onmiddellike bedanking van die regering, het Pallo Jordan geantwoord: "Dit sal te ver gaan. Maar ek kan nie vir die pers voorskryf nie."

*Verras u vriende met iets nuuts!*

L'ORMARINS
Pinot Gris 1989

*'n Wyn heel besonders in smaak – in 1985 die Kaap se eerste Pinot Gris uit die kelder van L'Ormarins.*

*'n Beperkte hoeveelheid nou te kry by gekeurde wynhandelaars. Verseker u kwota – bestel vandag nog!*



L'Ormarins

*Gevestig 1694 deur die Franse Hugenoot Jean Roi*

*Besoek L'Ormarins en kom proe sy wyn. Vir navrae, skakel (02211) 4-1026.*


LOR 126/13A



Let all know peace

# Talk radio *is talkback democracy*

A few years ago South Africa experienced a new broadcasting concept: talk radio. **AUDREY BROWN** asks *Stan Katz*, Radio 702's station manager, about the phenomenon



STAN KATZ

**What is talk radio?**
Talk radio as it is elsewhere, or radio as we do it? Talk radio is a format that evolved in the United States. And it is what it says: talk radio. But talk radio stations in the US are pure talk. Talk radio deals with many topics, and even within talk radio you get different types of talk. There's talkback, which is interactive - 702 provides that type of radio. You get news talk stations which have news 24 hours a day with no audience interaction - they just tell you what is happening in the world. Talk radio is radio where music is not the primary product. And in the US talk stations don't have music at all. Whereas here in South Africa, where there is relatively little competition, we can still use both. But we use music as release points during the day, while late at night and over weekends we have more music.

**Do you regard talk radio as a form of democracy?**
Absolutely. Interactive radio giving listeners a forum to express their opinion. It's not us telling them what's happening. Rather, it's canvassing their opinion, giving them a platform to speak. That's been very successful.

**What are the pros and cons of allowing people direct access to air-time?**
The pros are that you're saying 'we're open to anyone'. You are saying that anyone with an opinion can call up and express it to 702-land. The downside is getting every schmuck out there with an opinion but an inability to articulate ideas on the air. This does not make for very exciting talk radio. There are three things that people come to radio for: to be entertained, to be entertained and to be entertained. The callers are there, from our point of view, to entertain the listeners. The station is not there to pander to the caller, but to use the caller to entertain the listeners. What we're trying to do now is if the talk is biased or boring, we cut it short. We do screen calls to minimise this, but no matter how good the screening is, when calls are coming through really fast, it is difficult to do a proper screening job.

**Now that you've given South Africans access to air-time, do you find that they are able to use it?**
Very good point. They are learning. South Africans grew up being told to shut up. We have this blind obedience to authority. It's been an educational process. We find that the communication skills have improved over the years that we've been going.

**Will it evolve in such a way that one day the listeners would take over the station completely?**
That's quite an interesting prospect. But we've found that we've turned it over to them pretty much anyway. As far as we are concerned, a radio station should be programmed by its listeners, and it is up to us to interpret what those listeners want. And that's the challenge.

**What motivated you to go in the direction of talk - besides the competition on FM?**
We've always been market-driven. We've always looked at what the market wants in relation to what is being offered. When we came up with our more talk-intensive format, it was based on research that we did. We asked ourselves: 'what can we do that the SABC can't do or won't do?' And the answer is obvious; if we could provide a forum for people who previously had no voice, we would own that position before anyone else got into the market. So that was the primary motivation - to position ourselves competitively against what the SABC was doing.

We found that people who like talk don't want to hear music and those who like talk regard music as an interruption. So it does result in a splitting of the audience. A decision has to be taken at some stage to go with either talk, or music.

**Is this a general trend in radio stations throughout the world, or is it specific to South Africa?**
No, it is specific to South Africa, but I'm not sure what motivated Radio Bop and Radio Metro to introduce talkback. I think what other stations have done was based on the success of 702.

**Who is your audience?**
Our audience profile looks like this: older and more affluent, black and white.

We have never regarded race as a factor in determining the programming. We've looked rather at economics. As a result, our black audience has doubled in the last year from about 10 percent to about 20 percent. We have about 400 000 listeners, so 20 percent of that would be 80 000.

**Did you use the experience of radio in a foreign country as a model?**
There are no models that we can use. What applies in America does not apply here. We're fairly unique.

**What kind of impact has 702 had?**
A terrific impact, in that, if you go back to a few years ago when we started doing it, you had a radio station that was telling it like it is. Unfettered by the SABC's rules, the SABC's mission - which was pretty much to preserve the status quo. We say we're not interested in the status quo. Our mission is to provide a 24-hour reflection of life in this part of the world, and all the events nationally and internationally that affect the lives of the people living here. So in that sense we have played a role, and continue to play a role in the evolution, or the transition.

**OM IN TE DRAAI BY GESELSRADIO, SOEK DIE VOLGENDE TYE DIÉ STASIES:**

**RADIO METRO:**
Maandag tot Vrydag tussen 10-11 vm: Consumer File (verskillende vraagstukke word bespreek)
1.30-2.30: Dedication Line, 'n inbel program waar boodskappe en musiek uitgesaai word.
5-6 nm: Tim Modise se Talkback
9.30-10.30: Treasure Tshabalala se "Love Corner"
11-12am: Shell Goes Trucking, a program vir langafstand trokbestuurders.
Donderdag 8nm: 'n Geselsradio program oor behuising.

**RADIO 702:**
Maandag tot Vrydag:
6vm: John Burks en Gary Edwards se Brakfast Show
9vm: Talk with John Robbie
12nm: Mike Mills Show
4nm: Cris Gibbons se Newstalk
7nm: Shado Twala
9nm: Talk at Nine.

# Stille *meerderheid* kry 'n stem

## Geselsradio help mense om beter te kommunikeer en om meer demokraties te word. Die stille meerderheid kry die kans om hul sê te sê, *skryf* **AUDREY BROWN**

*"Dit is ongelooflik opwindend om daar te sit en 'n debat te voer met die hele Suid-Afrika."*

WAT het Abeeda van Lenasia, Sandra van Randburg en Tebogo van Katlehong gemeen?

Wel, hulle besit almal telefone en radio's. Maar dit is nie al nie - hulle gebruik die twee sáám - hulle luister en reageer op wat hulle oor die radio hoor.

Dit is geselsradio - en daar is al hoe meer luisteraars in die PWV-streek wat gereeld bel om hul standpunte oor die radio te lug. Die stille meerderheid het skielik 'n stem gekry en met verbasende spoed leer hulle nou om van 'n gulde geleentheid gebruik te maak.

Klaarblyklik is die dae van rustige "luisterplesier" - à la die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se Springbok Radio - vir ewig verby noudat Radio Metro, Radio Bop en Radio 702 'n meer aggressiewe en deelnemende rigting inslaan.

Die bekoring met die idee was duidelik in 1986 toe Radio Metro duisende bruin en swart tieners toegelaat het om met mekaar oor die radio te praat. Elke middag tussen drie- en vieruur is die radio aangeskakel, almal die ene ore - Boogy Harry se *Dedication Line* sou begin. Almal het gesit en wag om te hoor of iemand vandag op daardie dag 'n "special dedication" aan hulle sou stuur. En dit in lewende lywe, as 't ware.

Die betowering het verder gestrek as net 'n persoonlike boodskap: dit was die feit dat iemand wat jy ken amper heilige grond betree - om oor die radio te praat.

Radio in Suid-Afrika was tot toe heilige grond - 'n gesiglose stem wat musiek, nuus en stories aangebied het. Die enigste toegang wat mense gehad het, was 'n poskaartjie met 'n naam daarop en 'n versoek vir 'n liedjie wat deur 'n luisteraar ingestuur is.

Nie meer nie. Nou word daar gepráát - regstreeks en byna sonder sensuur.

Dié stap deur Radio 702, Metro 576 en Bop het die begin van 'n nuwe radio-era ingelui toe dié stasies hul luisteraars regstreekse toegang tot die lugweë gegee het. In die laat-tagtigerjare het Radio 702 die formaat verfyn, en vir die eerste keer is verbode sake (dit wil sê, politiek), op die radio bespreek deur enigeen met 'n radio en 'n telefoon. Metro en Bop laat mense toe om oor die lug te praat (talkback) en het hier en daar 'n geselsprogram, maar hulle konsentreer nog oorwegend op musiek. Radio 702 saai meer gesels- as musiekprogramme uit, en dus is dit Suid-Afrika se eerste "adult talk radio station".

Dié nuwe uitsaaistyl gaan met baie probleme gepaard. Dit wakker ook baie vrae aan, soos: hoe reageer Suid-Afrikaners op die nuwe wending?

Daar is diegene wat besef dat dit 'n goue geleentheid is om hul menings te lug, maar ander vloek en beledig eerder die aanbieders. So is Radio Metro se "Boogy Harry" in 1986 daarvan beskuldig dat hy iemand se meisie afgevry het by 'n nagklub.

Volgens Koos Radebe, Radio Metro se bestuurder, is daar mense wat van die kans gebruik maak om ander se ore te misbruik. "In die begin het mense nie geweet hoe om te reageer nie, en dus het hulle die geleentheid misbruik. Hulle het ingebel en vir die aanbieder gesê: Jy is vervelig, en jou program is vervelig. Hulle bring selfs persoonlike geskille na vore oor die radio."

Ander luisteraars het probeer om politieke boodskappe deur te gee - dit was in die era van hewige onderdrukking en duisende mense was in aanhouding sonder verhoor. Dus was dit nie snaaks nie om 'n boodskap te hoor wat só lui: "I want to send a special dedication to Sizwe who is in detention in Sun City Prison."

Ná vele sulke voorvalle het Metro besluit om dié program eers op band op te neem en dan uit te saai. Maar op versoek van luisteraars is dit weer regstreeks uitgesaai.

Radebe sê: "Ons luisteraars het gekla omdat ons nie meer regstreeks uitgesaai het nie. Hulle het self beroepe gedoen op diegene wat onvolwasse opgetree het, om nie dié geleentheid te misbruik nie. Dit bewys dat die meerderheid van ons luisteraars besef het dat hier 'n goue geleentheid was, en hulle wou dit nie verloor nie. Nou is hulle veel meer volwasse."

Dennis Beckett, aanbieder van Radio 702 se *Talk at Nine* op Maandae, sê: "Ons ken al diegene wat die geleentheid wil misbruik. Voordat hulle hul monde behoorlik kan oopmaak, is hulle al afgeskakel." Suid-Afrika is nog nie heeltemal gemaklik met die nuwe vryheid nie.

Dan is daar die openingstoespreke wat mense maak. Hulle vra altyd "hallo-hoe-gaan-dit" - sonder om te besef dat dit eintlik onnodig en 'n vermorsing van tyd is. Omroepers kan natuurlik ook net soveel keer op een dag of nag dié vraag beantwoord.

Die tegniese knelpunte ontglip ook nog luisteraars. Op 'n besoek agter die skerms by Radio 702 hoor mens hoe die regisseur vra dat die inroeper asseblief sy radio moet afskakel, maar mense vergeet elke keer om dit te doen. Dit is verstaanbaar: mense bel om hulself te hoor praat oor die radio en vind dit moeilik om af te sien van die geleentheid - maar die botsende seine veroorsaak tegniese steurings.

Die blapse wat Suid-Afrikaners op die lug maak, kan vergelyk word met kinders wat leer praat: die woorde kom skeef en deurmekaar uit, maar uit moet dit.

'n Meer indringende vraag is: is geselsradio demokratiese radio?

Volgens Michael Markovitz, 'n woordvoerder van die Film and Allied Workers' Organisation se uitsaaikommissie, gee geselsradio mense dieselfde soort toegang tot die lugweë as wat die brieweblad in 'n koerant aan lesers gee.

"Dit is 'n goeie ding, veral waar mense voorheen geen sulke toegang gehad het nie. Maar ons moet nie vergeet nie dat die persoon in die ateljee nog steeds die vloei van die debat beheer. Hy of sy besluit wat bespreek sal word. Daarby betrek dit net mense met telefone wat in stedelike gebiede woon."


Markovitz sê verder dat dié ontwikkeling nie die feit verskuil dat die lugweë nog steeds onder die beheer van die staat is nie.

Don Pinnock, 'n lektor in joernalistiek aan die Rhodes Universiteit, sien die ontwikkeling van geselsradio as "die begin van 'n proses".

Hy sê 95 persent van Suid-Afrika se mense het toegang tot 'n radio en 14 miljoen mense luister in spitstyd na hul radio's. Geselsradio is net 'n begin om gewone mense toegang tot die radio te gee, sê hy.

"As ons wil hê die demokrasie in Suid-Afrika moet werk, moet ons gemeenskappe toelaat om hul eie radiostasies te begin - sonder inmenging van die staat. Ons het die tegnologie tot ons beskikking: al wat jy nodig het, is 'n uitsender - en daar het jy dit. Dié soort toegang is fundamenteel tot die demokratisering van die lugweë en van hierdie land. Geselsradio verteenwoordig net een deel van wat die radio in Suid-Afrika kan wees."

John Robbie, aanbieder van die gewilde oggend-geselsprogram op 702, sê: "Dit is ongelooflik opwindend om daar te sit en 'n debat te voer met die hele Suid-Afrika. Mense is baie betrokke, en hulle wil gehoor word. Jy kan nie glo hoe wonderlik dit is om idees met mense te deel nie."




CHRIS GIBBONS



DENNIS BECKETT

Robbie word dikwels gekritiseer vir sy skerp aanvalle op luisteraars. Hy sê: "Wel, as iemand nie sy idees goed kan artikuleer nie, moet ek hom afhaal. My eerste prioriteit is die luisteraar, en dit kan vervelig raak om te luister na iemand wat nie goed kan praat nie. Dus moet ek aanskuif, anders sal mense nie meer luister nie."

Beckett stem nie heeltemal saam nie, en sê: "Vir my is die persoon op die telefoon my eerste prioriteit. Daar was byvoorbeeld 'n Afrikaanse man wat nou die aand gebel het. Die man kon nie lekker praat nie, maar hy was so innig opreg dat hy snare in my en die luisteraars geroer het. Ek het hom dus toegelaat om langer te praat."

Beckett wei verder uit oor die swak taalgebruik, en meen mens kan luisteraars nie penaliseer omdat hulle hulle nie goed kan uitdruk nie. Boonop is sommige mense senuweeagtig, en dikwels sit hulle die telefoon neer nadat hulle deurgeskakel is.

Maar daar is dié wat nie genoeg daarvan kry nie, en hulle bel gereeld.

Volgens 'n produksieleier by 702 is daar mense wat só betrokke raak by die daaglikse gesels dat hulle elke dag bel.

"Ons probeer om meer mense op die lug te kry, dus beperk ons sulke mense se toegang. Ons probeer ook om mense te kry wat goed kan praat, anders verloop die program nie lekker nie."

Dit wil voorkom asof die regisseur 'n sensor agter die skerms is, maar een regisseur stem nie saam nie: "Ons moet toesien dat almal 'n kans kry, maar ons moet een doel voor die oë hou, en dit is dat mense vermaak wil word. Dus moet ons 'n sekere mate van beheer uitoefen." Die telefoonlyne is propvol, mense brand vir die geleentheid om hul sê te sê aan duisende ander mense.

Geselsradio het sy verskyning op net die regte tyd in Suid-Afrika gemaak. Dit is 'n klein vorm van demokrasie, waar mense kan sê wat hulle wil - verkieslik minus die vloekwoorde.

• Die Jabulani! Freedom of the Airwaves Konferensie word volgende week in Amsterdam gehou. Die toekoms van die uitsaaiwese in Suid-Afrika sal bespreek word.

**DIEMEDIA/ MAXDUPREEZ**

# Die beste en die slegste weer uitgewys

Die laaste week of wat het weer die beste en die slegste in ons mediawêreld uitgewys.

Die beste in die sin dat dit koerante was wat die skandaal rondom die regering se geldelike steun aan politieke opponente van die ANC oopgevlek het wat gelei het tot 'n gedeeltelike oopmaak deur die Staatspresident, die herskommeling van die kabinet en die instel van beter kontrole oor geheime geld. Koerante, dus, wat ons land een stappie nader aan skoon administrasie en demokratiese verantwoordbaarheid laat gee het.

Die slegste in die sin dat daar 'n paar koerante was wat gewys het dat die demokrasie, openbare aanspreeklikheid en regverdigheid vir hulle ondergeskik staan aan ideologiese en party-politieke dienstigheid.

*Rapport* is die een. 'n Meer skaamtelose gatkruipery by die regering het ek nog nie gesien nie. En boonop was dit sommer swak verslaggewing ook.

Die storie van Inkathagate breek op 'n Vrydag. Dis die warmste storie in baie maande en die hele land is daaroor gaande. Boonop is dit nog van uiterste nasionale belang. Wat maak *Rapport?* Sy hoofberig lui: "Los my vrou uit, sê Naas." En as 'n mens mooi kyk, is daar 'n storietjie aan die kant van die voorblad wat sê: "Dié boek is toe, sê Vlok oor geld." En die intreesin lui: "Dis verby, dit gebeur lankal nie meer nie en dit sal nie weer gebeur nie." Binne is 'n onderhoud wat die redakteur met Adriaan Vlok gehad het waarin die sterkste klem lê op hoe dit dan nou gebeur het dat die regering so iets kon laat uitlek! Maar g'n enkele woord redaksionele kommentaar oor die belangrikste politieke gebeurtenis van die jaar nie.

Week Twee bring nóg opwinding en nóg onthullings. *Rapport* se opskrif - darem hoofberig - lees dié keer: "Geen paniek by FW. Nou begin vrae oor ANC se motiewe". Die redaksionele kommentaar sê onder meer "daar bestaan goeie verduidelikings waarom staatsgeld bestee is soos dit wel bestee is", en dan word verklaar dat die ANC ook sy "boeke moet oopmaak". In sy rubriek skryf die redakteur smalend van joernaliste en ander wat die regering vir Inkathagate kritiseer as mense "wat die lig van geregtigheid aanskou het", en sê hy so min of meer die hele ding is 'n set teen FW de Klerk.

Dit was skandalig. En daar werk soveel goeie mense by dié koerant. Kan hulle nie 'n slag 'n bietjie stem dikmaak nie?

Die ander voorbeeld wat my ook swartgallig oor my beroep gemaak het, is die Nasionale Pers se rubriekskrywer *Dawie*. (Terloops, dit is interessant dat *Beeld* deesdae heelwat meer "onafhanklik" is en afstand het van die Party as haar Kaapse suster, *Die Burger*. Dit was ook sigbaar met die Inkathagate-skandaal.)

Hier is 'n paar stukke uit *Dawie* se rubriek verlede Saterdag - 



oordeel self:

"Dit is belangrik dat die Inkatha-affêre in die reine gebring word. Maar daar is nog 'n baie belangrike uitvloeisel van hierdie affêre: Suid-Afrikaners het opnuut 'n afskrikwekkende insig gekry in die tipes wat in opposisiegeklede losloop en die mentaliteit wat daar heers...

"Kyk, die wurms wat pas uit die opposisie-hout gekruip het, is darem van die naarste verskynsels wat 'n mens jou kan bedink, iets om van te gru. Dit loop reg deur die linkse geledere, van politici tot media-'mense' en kerklike gestoeltes.

"Die blote feit dat die ANC homself oor die Inkatha-skenking op 'n morele voetstuk wil plaas, is gewoon lagwekkend," skryf *Dawie* en gaan dan aan oor necklacings en geld van "rampokkers soos Ghaddafi".

"Voorts kom daar aandrang op die oopvlekking van geheime fondse uit, van alle plekke, die SA Raad van Kerke. Die SARK, in die wandel beter bekend as die ANC-en-kommuniste-in-gebed, is dan juis 'n organisasie (as 'n mens daardie woord kan gebruik) wie se geldstate al meermale gelyk het of 'n vlieg deur die ink geloop het.

"Van mediakant kan dieselfde gesê word. Onder die luidrugtigste linkses tel koerantmanne wat oorsee geld gaan bedel het om vanuit die buiteland gesubsidieer te word. Van watter verhoog praat hulle?

"Hoor wie praat! moes menige Suid-Afrikaner vandeesweek by die aanskoue van die hele onverkwiklike spektakel uitroep.

"Hierdie kaboedel van grootmond-kritici, 'n onheilige alliansie as daar ooit een was, het soos 'n trop bloeddorstige roofdiere saamgejag, hygend na asem in hul gretigheid om die De Klerk-regering plat te trek."

*Dawie* sê dan groter parlementêre kontrole oor geheime fondse is 'n goeie idee, "solank net in gedagte gehou word dat die meeste geheime fondse van regerings oor die hele wêreld geheim bly. Onthou maar net watter sukkelende, lamlendige land die magtige Amerika geword het toe Jimmy Carter alles wou oopgooi - en hy was 'n president wat omtrent alles waaraan hy geraak het, in woestynsand laat verander het."

En dan is daar natuurlik die Engelstalige *Die Burger, The Citizen*. Hier is dié blad se kommentaar oor die Staatspresident se kabinetskuiwe: "We are sorry that President De Klerk has moved Minister of Law and Order Adriaan Vlok and Minister of Defence, Magnus Malan, from their present portfolios to lesser Cabinet posts."

Die koerant gaan dan oor tot 'n uitgerekte loflied op die twee ministers. Die skuiwe kan gesien word as 'n oorwinning vir die ANC en kan die moreel van polisiemanne en soldate ondermyn, sê *The Citizen*.


"All in all, we would say that the Vlok-Malan affair will not do the government any good; the suggestion that the government has capitulated to the ANC will further erode its support among whites, particularly Afrikaners, and the future will look even more uncertain."

G'n verwysing na demokratiese aanspreeklikheid, skoon regering of die voordele wat dié stappe vir die onderhandelingsproses inhou nie.

Nou ja, ons sal diesulkes seker altyd by ons hê.

'n Laaste gedagte oor Inkathagate. Dit was lekker om te sien hoe 'n sentrale rol die "alternatiewe" pers gespeel het. Hoe hard die staat en sekere groot koerante ook al wil, die rol van dié koerante in ons samelewing is weereens bo alle twyfel gestel.

En 'n laaste pluimpie aan Radio 702 vir 'n uitstekende elektroniese bydrae tot die hele affêre. Die aanbieding, veral dié van Chris Gibbons se *Newstalk*, was vinnig, hard, insiggewend en prikkelend.

# KENIA REIS

Ná al die jare van isolasie van die res van Afrika, kan u nou in die voetspore van Ruark en Hemmingway volg deur die toeriste-paradys wat Kenia genoem word.
Swann Toere bring nou vir die eerste keer 'n eksklusiewe toer na Kenia sodat u die prag van Afrika eerstehands kan ervaar. 'n Land van kontraste, bied Kenia u 'n mengsel van die beste van alles. Die hoofstad Nairobi, met sy weelderige hotelle en kosmopolitiese restaurante, staan in strak teenstelling met die tipiese Afrika-kultuur waardeur dit omring word. Buite Nairobi geniet ons Kenia se ongerepte natuurskoon, beskryf as die beste in Afrika, met die geboste Mau-mau gebied van die Aberdares (net Noord van Nairobi) en die onvergelykbare prag van die berg Kenia se permanente yskroon.
In die laerliggende dele reis ons deur die asemrowende Afrika-reënwoude met talle herberge en hotelle. Veral die bekende "boomhotelle" bied 'n ervaring wat u nêrens anders sal kry nie, en u kan hier van die beskutte loopgange hoog bo die woudvloer saans diere by hul drinkplekke te sien kry.
Wes van Nairobi lê die skeurvallei en Kenia se alombekende groot mere, met 'n magdom watervoëls. Suid-oos, in die Amboseli Wildspark, toer ons deur die oop vlaktes tussen die verspreide doringbome; groot- en kleinwild is volop en maklik te vinde. Amboseli bied ook die onvergeetlike gesig van Kilimandjaro wat uittroon bo die omringende vlaktes van naby-geleë Tanzanië. Kom hier aangesig-tot-aangesig met dié formidabele gebergte in die vroegoggend-stilte, wanneer die lug skoon en sonder wolke is.
Ons toer ook na die Ooskus van Kenia waar die mooiste strande in Afrika op u lê en wag, Luukse-hotelle bied u alles wat u van 'n eiland in die Indiese Oseaan sal verwag, en nog meer. Tropiese strande met palmbome en pragtige koraalriwwe, asook geriewe vir diepsee-hengel en watersport waarborg 'n onvergeetlike vakansie.
Die toere wat hier aangebied word deur Swann Reis Promosies is bedoel om u 'n gevoel te gee vir die land en sy mense. Daarom besoek u nie net toeriste-aantreklikhede nie, maar word u ook die geleentheid gegun om met politieke leiers, studenteleiers, regeringsbeamptes en so meer te gesels *. Dit is 'n gulde geleentheid om te hoor wat dink die mense van Kenia, nie net oor Suid-Afrika nie, maar ook oor hulle eie land se ontwikkelings op politieke en maatskaplike gebied.
Nou is die kans om al die fasette van Kenia eerstehands te beleef. Ons beloof on u reis deur Kenia se woude, berge, woestyne en strande 'n onvergeetlike ervaring te maak. Skakel gerus Swann Reis-promosies vir nader inligting by (011) 873 4033 of skakel Gus Fichardt direk by (011) 803-1469.

8 DAG SAFARI/STUDIETOER NA KENIA

DAG 1 : Vertrek van Jan Smuts na Nairobi, waar u ontmoet deur ons Keniase verteenwoordiger ontmoet word. Oornag in die Inter-Continental Hotel.
DAG 2 : Vertrek na Amboseli. U reis deur die groot pleine van die Maasai na die dorpie Namanga. Besigtig die natuurlewe op pad na die Lodge. Oornag in Amboseli.
DAG 3 : 'n Vroegoggend wildsbesigtiging voordat ons na Mombassa vertrek.
Kilimandjaro met sy sneeupiek is die ideale agtergrond vir u foto's. Ná ontbyt reis u deur die Tsavo Nasionale Park. Ons bereik Mombassa in die laatmiddag en gaan tuis in een van die pragtige strandhotelle.
DAG 4 : Na 'n toer deur die stad kry u die geleentheid om self deur dié boeiende stad te stap of inkopies te doen.
DAG 5 : Ry vir 'n dagbesoek na Malindi, waar u die Marina Park kan besoek, en middadete kan geniet voor ons na Mombassa terugkeer.
DAG 6 : Vandag is u vry om te doen net wat u wil : ontdek self die ou stad se geheime, of geniet die strande en die uitstekende watersportgeriewe.
DAG 7 : Keer per pad terug na Nairobi. U sal deur 'n gedeelte van Tsavo ry en die kans kry om tot in Nairobi diere te besigtig.
DAG 8 : Vanoggend is u vry om Nairobi se vele aantreklikhede te besoek voor u middagvlug na Johannesburg vertrek.

* Besoeke aan die genoemde beamptes en leiers sal inskakel by u reisplan.

SWANN

TRAVEL PROMOTIONS / REIS PROMOSIES

Shop/Winkel 1, President Towers, President St./Str.
Germiston 1401 P/Bag/Sak 1044 Germiston 1400
Tel: (011) 873-4033/4 (011) 873-40-56/7 Fax: (011) 51-4223

# Madagaskar-admiraal se boot lek

'n Storm woed om admiraal Didier Ratsiraka, president van Madagaskar, wie se bedanking nou feitlik daagliks deur skares betogers geëis word. **JEAN-PIERRE CAMPAGNE** en **STEPHANE JACOB** skets die agtergrond tot die politieke twis

ANTANANARIVO - Vir admiraal Didier Ratsiraka, Madagaskar se president, word die eiland soos 'n lekkende skip ten midde van 'n grootse politieke storm.

Maar in pas met sy karakter bly hy aan die stuur vasklou, ondanks sowat twee maande se feitlik daaglikse massa-protes wat aandring op sy bedanking.

Ratsiraka (55) - algemeen beskou as 'n man van intelligensie - kom van Vatomandry aan die ooskus in Toamasina-provinsie, en behoort tot die groot Betsimisaraka-stam. Sy familie is taamlik welaf, maar speel nie 'n leidende rol in die stam nie.

Ratsiraka kwalifiseer as briljante jong offisier by die Franse vlootopleidingskool te Brest.

In Mei 1972 is Madagaskar se eerste onafhanklike leier, Philibert Tsirana, geforseer om volmag aan die a-politiese militêre hoof van staf, generaal Gabriel Ramanantsoa, te oorhandig. Ramanantsoa stel 'n regering saam bestaande uit militêre personeel en tegnokrate.

Ratsiraka word op 36-jarige leeftyd minister van Buitelandse Sake met die rang van kommandeur. Onvermoeid maak hy homself oor die wêreld bekend en bou sy beeld as staatsman op.

Amptelik is die buitelandse beleid onder Ratsiraka oop, maar hy wy spesiale aandag aan kommunistiese en diktatoriale regerings.

Sy besondere agting vir Noord-Korea se Kim Il Sung en Kuba se Fidel Castro wys op sy voorkeur vir onverdeelde mag. Hy beskryf sy verhouding met Libië se Muamer Kadaffi en Irak se Sadam Hussein as 'n "diepe vriendskap". Ratsiraka verklaar ook sy solidariteit met Etiopië se militêre kragman Mengistu Haile Mariam, Somalië se autokraat Muhamed Siad Barre, en Mosambiek se Samora Machel - al drie onwrikbaar voorbeelde van die ou Sowjet-styl.

Ratsiraka - wat herken word as maneuvreerder van die eerste water en strateeg - verander van koers ná 'n teleurstellende vlerkslepery met die Kremlin. Hy plaas die ekonomie onder die streng voorwaardes van die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds.

Dit kom neer op die verbreking van 'n verlowing met die Marxistiese regerings van Stalinistiese oortuiging, eerder as die ontdekking van 'n groot liefde vir die Weste. Maar die ekonomie is sleg in die war en Ratsiraka sluit gerieflikheidshalwe 'n huwelik met die onverbiddelike IMF. Die trougeskenke sluit 'n strukturele aanpassingsprogram aan met bykomende krediete wat Ratsiraka moes bestuur volgens die streng beheermaatreëls van die Bretton Woods institusies.

Intussen herroep Ratsiraka die presidensiële opdrag waarin die arrestasie van opposisieleiers beveel word.

Ses opposisie-leiers is verlede week deur die leër in hegtenis geneem, nadat die Lewensbloed-komitee 'n alternatiewe regering aangewys en die kantore van sewe departemente oorgeneem het.

'n Segsman vir die opposisie se koalisie Lewensbloed-komitee sê drie opposisie-leiers is vrygelaat.

Albert Zafy, die opposisie se keuse as eerste minister, was onder hulle.

Die ander twee is Boa Andriamanjato, 'n vrou aangewys as die opposisie se keuse as minister van Openbare Werke; en Jaonarivelo, 'n magistraat aangewys as die minister van Poswese.

Jaonarivelo, wat 'n diabeet is en geen insulien ontvang het gedurende die eerste drie dae van sy aanhouding nie, is verlede week in 'n koma in die hospitaal opgeneem.

Die opposisie weet nie of die ander drie Lewensbloed-komiteelede ook uit aanhouding vrygelaat is nie.

Ratsiraka het Sondag in 'n toespraak aangedui dat hy gereed was om hervorming van die grondwet en die verkiesingskode toe te laat, en 'n referendum uit te roep oor die grondwet voor die einde van die jaar. Later dieselfde dag het eerste minister Victor Ramahatra aangekondig dat die regering ontbind is.

"Die oorgangsregering moet nou die land lei," sê die opposisie-segsman. - AFP

# Só vermy *Kanada* rassekwaad

OTTAWA - Kanada se groot stede is multi-etniese mosaïeke waarin rasse-geweld feitlik ongehoord is.

Volgens die Ekonomiese Raad van Kanada - 'n onafhanklike raadgewende liggaam wat regstreeks aan die eerste minister verslag doen - het die opkoms van die sogenaamde "sigbare minderheidsgroepe" (mense wat nie wit is nie) geensins 'n toename in wrywing of onverdraagsaamheid tussen rasse veroorsaak nie.

'n Onlangse verslag van die Raad oor die sosiale en ekonomiese uitwerking van immigrasie op die "nuwe gesig van Kanada" het inteendeel bevind dat "toenemende kontak met immigrante vooroordeel verminder het".

Die grootte van die land het moontlik iets te make met die ontvanklikheid jeens nuwe aankomelinge. Kanada - die naasgrootste land ná die Sowjet-Unie - het 'n bevolking van net 26,5 miljoen.

Met uitsondering van die Amerikaanse Indiane - wat so na die rand van die samelewing uitgestoot is dat hulle vandag as "interne immigrante" beskou word - is etniese minderheidsgroepe merkwaardig maklik in die Kanadese samelewing opgeneem. Rasse-voorvalle kom buitengewoon min hier voor, vergeleke met ander nywerheidslande. Kanada is een van die min Westerse lande waar immigrasie en die beveiliging van grense nooit in politieke veldtogte voorkom nie.

Die federale regering meen sterk dat Kanada se amptelike beleid van multikulturalisme - daar is selfs 'n multikulturele departement in Ottawa - grootliks te danke is vir die afwesigheid van rasseprobleme in die land. Die beleid van die Departement vir Multikulturalisme en Burgerskap is om immigrante te help om in die Kanadese samelewing te integreer, terwyl die kulturele verskille van elke groep bewaar en waardeer word.

Multikulturalisme - 'n konsep wat in 1971 deur voormalige eerste minister Pierre Trudeau begin is - was oorspronklik bedoel om Engelssprekende Kanadese aan te moedig om die idee van 'n amptelik tweetalige land te aanvaar en Quebec se afstigtelinge te kalmeer.

Volgens die Ekonomiese Raad van Kanada is enige ander benadering - afskeping, assimilasie of skeiding soos beoefen in Europa, die Verenigde State en Suid-Afrika - 'n waarborg om rasse-spanning te laat opvlam.

Die Kanadese regering wil immigrasie-kwotas tussen nou en 1995 tot 250 000 per jaar (45 persent meer) verhoog. Binne tien jaar sal Kanadese van Franse en Britse oorsprong net die helfte van Kanada se bevolking vorm.

Maar sommige stemme gaan op teen multikulturalisme. En in Quebec word die beleid gekortwiek deur die vasbeslotenheid van plaaslike owerhede om die voortbestaan van Frans te verseker. - EMMANUEL ANGLEYS/AFP


# Negotiations: Quo Vadis?

**Multi-Party Conference, Constituent Assembly and/orInterim Government**
**IDASA and LAWYERS FOR HUMAN RIGHTS - PRETORIA**
**invite you to an evening seminar**

**Chair**
Dr F Van Zyl Slabbert

**Speakers**
Prof Gerhard Erasmus: Overview
*(Stellenbosch University)*
Thabo Mbeki: ANC
*(Head International Affairs)*
Piet Coetzer: NP
*(Director National Party Information, Tvl)*
Prof Carel Boshoff: Orania Direksie
*(Voorsitter)*
Mosebayne Malatsi: PAC
*(Head Human Resources and Rural Development)*

**Date**
Thursday, 8 August 1991

**Venue**
Holiday Inn (cnr Beatrix and Church Streets)

**Time**
19h00 (Registration) for 19h30

**Cost**
R15 per person (including refreshments)
Phone bookings to be made by Tuesday 6 August
Registration fee to be paid at entrance

For further information or to book
Phone Ethel Ranamane at (012) 342-2334/5/6

**ALL WELCOME**



'n Verlate Sowjet militêre basis naby die stad Halle in oostelike Duitsland. Die ekologiese gemors in die ooste sluit rommelterreine soos dié in asook ernstige grond- en waterbesoedeling. (Foto: DPA)

# Rooies se gemors laat groenes grom

## Die onttrekkende Rooi Leër laat 'n enorme ekologiese tydbom in die voormalige Oos-Duitsland agter, kom die Duitsers nou tot hul ontnugtering agter. **DOUGLAS SUTTON** doen verslag

HAMBURG - 'n Militêr-vervaardigde ekologiese tydbom tik in die voormalige Oos-Duitsland, en die raaiwerk het pas in die Weste begin oor hoe groot die skade is - en wat die skoonmaakproses sal kos.

Die eerste verslae deur omgewingsowerhede, wat onlangs vir die eerste keer tot die onttrekkende Rooi Leër se militêre installasies toegelaat is, skilder 'n ontstellende prentjie oor die omgewingskade wat agtergelaat is.

Naby die dorp Eberswalde het Sowjet-installasies 48 vierkante kilometer beslaan. 'n Verslag meld "ongemagtigde vuilis- en ashope, uitgestrekte hope afvalmetaal, grond besmet deur olie, petrol, diesel, paraffien en sure, asook volslae bouvallige geboue".

Onder meer laat die Sowjet-Unie 110 vliegvelde en helikopterbasisse agter, asook 110 grondoefening en skerp-ammunisie skietbane, 70 radar en radio-deurgee stasies, 8 ammunisiebergplekke, en 700 behuisings- en barak-geboue. Een van die ammunisiebergplekke, by Neuruppin, beslaan 3,5 vierkante kilometer.

Die verslag sê voorts dat toestande naby die Sowjet-vliegveld by Eberswalde so sleg is dat die drinkwater vir 50 000 mense in die gebied "erg bedreig" word.

Hoe uitgebrei die skade is, sal eers bepaal kan word as 'n omvattende studie - nou onderweg - deur Bonn se Departement van die Omgewing voltooi word.

Maar kenners vrees die ergste. Ongeveer 1 000 Sowjet militêre-installasies beslaan amper 243 000 hektaar - sowat 2,25 persent van die totale gebied van die voormalige Oos-Duitsland. Die 360 000 Sowjet-troepe en net soveel burgerlikes moet teen 1994 uit die land wees.

By Laerz in die staat Mecklenburg-Pommere waar 'n lugmagvleuel gebaseer was, vorm duisende ton lekkende paraffien 'n ondergrondse meer.

By die Königs Wusterhausen-meer aan die suidoostelike buitewyke van Oos-Berlyn waar 'n militêre-voertuig herstelsentrum is, word die meer se oewer bedek deur 'n swart olieslik. Dit is die gevolg van dekades se storting van olie, hidroliese vloeistof, en smeermiddels. Die bodem van die meer word bedek deur batterye, onderdele en gebreekte leërvoertuie.

In die staat Theuringen rapporteer amptenare dat woude op 500 hektaar van Sowjet militêre gebied eenvoudig verdwyn het.

Intussen is die koste van die skoonmaakproses - en wie dit sal betaal - besig om tot 'n groot twispunt te ontwikkel.

Bonn se Departement van Finansies het 450 miljoen mark tot 1994 opsygesit vir die aanvanklike skoonmaakproses. Maar omgewingskundiges verwag dat die koste miljarde mark sal beloop.

Die Sowjet-regering stel dit duidelik dat hulle nie die noodsaaklikheid daarvan insien om tot die skoonmaakproses by te dra nie. - DPA

# Heck no, we won't go - *Golan settlers*

KATZERIN, Golan Heights - Settlers in the occupied Golan Heights are confident that Israeli Prime Minister Yitshak Shamir will not give in to foreign pressure and withdraw from this area, captured from Syria during the 1967 Arab-Israeli war.

"I know Mr Shamir. He will not change his mind: the Golan will remain Israel's forever," said Sammy Bar Lev, the mayor of Katzerin, built in 1974 - one year after the Yom Kippur war - and considered Golan's capital.

Though occupied since 1967, Israel annexed the Syrian Golan Heights only in 1981.

Today, bulldozers work the rocky ground day and night to construct new settlements.

In two years the town's population will have jumped from 4 000 to 11 000 people, Bar Lev said. "In the near future" 30 000 residents will live here, he added.

"Evacuate the Golan? That's unthinkable," the mayor said. "[US] Secretary of State James Baker can say what he wants - but what counts is what we will do."

In an attempt to arrange a Middle East peace conference, Baker toured the region this month after Syria agreed to direct talks with Israel.

The United States has not recognised the annexation of the Golan Heights and supports UN resolutions 242 and 338 which call for a land-for-peace solution to the Arab-Israeli conflict.

Bar Lev rejected any similarity between the situation of Katzerin and Yamit, an Israeli settlement in the northern Sinai peninsula that was evacuated in 1982 in keeping with the 1979 Egyptian-Israeli peace treaty.

Israeli hardliners have repeatedly stressed that there will be no land exchange for peace.

Housing minister Ariel Sharon, who represents the far right of the ruling Likud bloc, announced Sunday that 380 new homes would soon be added to the more than 3 200 currently under construction in the Golan.

Many Israelis are attracted to the clean air and low prices of houses in the Golan Heights and are leaving the crowded cities in central Israel to join the 15 000 settlers in 33 Golan communities.

The number of inhabitants of the Netor collective farm, or kibbutz, which was founded in 1981, recently doubled within a month. Settlers expect the trend to continue.

The residents imagine a tranquil future. The pear trees they planted will be ready for harvest in two years and plans for a factory are in the making.


They said Baker's visit did not worry them and village spokesman Gil Green added that Israel's refusal to withdraw from the Golan Heights will lead to war.

Leading town figure Guidon Livne said Syria could not attack now that it had lost its Soviet backing.

Livne agreed with the traditional Israeli view that the Golan Heights are of vital strategic importance to the Jewish state and can never be returned.

"The Golan belongs to us," he said. "The Syrians could only make us leave by military force and they are far from being able to do that." - JOSEPH STRICH/AFP

# *Wie loer*, kry 'n straat



BEIJING - 'n Lid van die Volksbevrydingsleër (VBL) kyk met waaksame oë van onder sy pet se rand na die verrigtinge vandeesweek waartydens 'n straat wat gesamentlik deur die VBL en die inwoners van Beijing gebou is amptelik in gebruik geneem is. Die straat is gebou om die stigtingsdag van die VBL - 1 Augustus - te gedenk. (Foto: Vincent Yu - AP)

# Tsjeggiese Neo-Nazi's teel vinnig aan

PRAAG - Die "fluweelrevolusie" wat Tsjeggo-Slowakye se Kommuniste uit die regering geboender het, het nou geboorte gegee aan die opbloei van 'n radikale regse element.

Die meestal jonger lede van die Tsjeggiese Republikeinse Party, wat klone van hul ideologiese broers in Duitsland is, is besig om die intellektuele in beheer van Praag grys hare te gee.

Onlangs het 'n groep van hulle met hul kort hare en kamaste deur die hoofstad gemarsjeer om nuwe verkiesings te eis en eis ook die bedanking van Vaclav Havel, die eens andersdenkende dramaturg wat Tsjeggo-Slowakye se president geword het.

Motors met Duitse registrasienommers is begroet met 'n drievinger-groet met die regterhand - die Neo-Nazi-groet. Selfs Tsjeggiese polisiemanne in uniform het hieraan meegedoen.

Soos ander reaksionêre groepe wat hul koppe in Sentraal- en Oos-Europa begin uitsteek, gebruik hulle minderheidsgroepe om aan hul frustrasies, aggressie en disoriëntering uiting te gee. In Tsjeggo-Slowakye is dit gewoonlik die sigeuners.

Heelwat sigeuners is al deur skinheads aangeval, maar die Republikeine se amptelike beleid - volgens hul baniere - is dat sigeuners uit die land gesit moet word.

Die leier van Tsjeggo-Slowakye se 25 000 Republikeine is die 41-jarige Miroslav Sladek. Hy is 'n bedrewe en vurige orator.

Sladek was volgens alle inligting 'n goeie kommunis. Tot met die revolusie het hy in die Tsjeggiese Perskantoor - die land se sensuurraad - gewerk en was hy die leier van die land se "sosialistiese werkersbrigade".

Terwyl Praag versigtig deur die gevaarlike waters van die land se oorgang na demokrasie en kapitalisme maneuvreer, is die seunsagtige Republikeinse leier met sy modieuse klere besig om eenvoudige, gewilde antwoorde op die komplekse probleme van die land aan sy groeiende groep volgelinge aan te bied.

Havel was die eerste Tsjeggiese politikus wat die Republikeine aangevat het. Hy het Sladek van flagrante rassisme beskuldig, en Sladek en sy party het die president onmiddellik vir laster gedagvaar.

- THOMAS WOLF/DPA

# 'n Aspirant vir die Hertzogprys *vir* hamergooi



RR Ryger (Foto: Ryk Hattingh)

## "'n Aandoenlike verhaal wat elke moederhart sal roer"

**BEERTJIE EN SY BOYTJIES**
RR Ryger
Taurus
R25,00

**CHARLES MALAN**

NEE kyk, dié Ryger-ou raak hondmak. Sy gees is deur die Literêre Establishment geknak, sê ek jou. Want hulle sien hom as 'n skrywerr, sien, en dis die Emerald Woman's kiss of death. Twee verkragtings sonder veel seks en 'n rustige moord of wat is nou nie juis genoeg om sy fans te bevredig nie, nie ná *Die hol gevoel* met al sy sperms en derms nie, maar glad nie, my ou. Ek meen, die chroniese gesuip is nou al so boring as die makromacs in *Casspirs en Campari's* se gesip. Jy wag behoorlik dat ou RRRr ook aan Red Heart Rum as mede-implisiete outeur erkenning moet gee, soos ou Etienne aan Campari, maar miskien is die reklame in dié boekie nie heeltemal so hot nie, ek meen, met al die geroetineerde gekots, en so.

Pappa Beertjie is die arme drommel wat die meeste aftjop, want sy breker-boytjies bind die bebreinkankerde ballie aan sy bed vas en gooi bottels van enige beskikbare soort booze in sy keelgat af, van goeie whisky tot slegte jirrepikmy (ou Ryger ken nie eens dié naam nie, wys jou wat weet hy van Pretoria-Wes se chinas, of miskien het hy tog êrens respekte). Dit alles net omdat die stomme Beertjie in die bol gepik word en die kiem in sy kop met drank en ys wil dood maak, en die drie boeties, Andreas, Ketter en Sugar, mal genoeg om dit te koop.

Eintlik is ou Andreas die seerjiste kens, want dié comic-kunstenaar sien homself as sy eie comicgogga, die mean machine King Lizard: "King Lizard met sy deurdringende oë en flikkerende tong. King Lizard, bespierd met 'n lang penis en 'n lang stert." Hierdie Akkediskoning meen ongelukkig ook 'n arme weduwee is sy Emerald Woman, en ek hoef jou nie te vertel wat hy met en aan en op en in haar doen nie, te vreeslik, stert die lot, pure prettige Ryger. (Jy moet nou kophou, kom ons sê byhou, want dis 'n ingewikkelde plot hierdie, ek bedoel van die King, en net hy kan dit vir Ketter opsom: "Sex and horror.")

Maar hel, pêl, hierdie reier kom steek nou behoorlik sy lang nek uit as hy met sy skerp bek aan dié Pretoria-Wes-akkedisse kom pik, nadat hulle die arme TV-aasvoëls in die oog gespoeg het net omdat hulle hier oor armoede en deprivasie en so kom peuter het. (Iemand sê, maar wragtig nie ek nie, glo my: die enigste crèche in Danville is 'n botsing.) Geen wonder RRRr steek sy Engelse van agter 'n skuilnaam weg nie.

En eintlik ken hy die macs van die willeweste, hoor, heeltemal te goed om jou gemaklik te laat slaap. Ek sal jou 'n brief gee hy was al verder straat-af as die Krugerhuis en die heide-akker, en 'n verstandige man hou daarna sy bek. Maar nou ja, as jy Ryger behoorlik wil beledig, moet jy sê hy is...

En tog, liewe leser, en tog beleef u hier 'n aandoenlike verhaal wat elke moederhart sal roer. Van die vet vader Beertjie Booyse wat sy aantreklike seuns sonder 'n ma deur die lewenstorms stuur deur 'n voorbeeld te stel met seks, suip, slaan en steel (eet jou hart uit, Jeanne Goosen, ons is veral nie almal só nie).

Van Andreas wat weghol vir die polisie wat te vaak is om 'n afbeenhoer te vang en Ketter wat vir een van hulle sê hy is zef in sy kop en die een wat met wit lippe sis, "laaitie, ek sal jou stukkend slaan, mongooltjie of te not." Van die onnie Joos wat die lekkerlyfleerling Luna dinge leer, maar nie haar tere liefde vir die skaam bokser Sugar kan verhinder nie.


Check maar, leser, daar's iets vir almal: karakters met wie onderwysers en tieners hulle kan vereenselwig, lekker aksie (fights op die rugbyveld en met die cops), intertekstualiteit (baie comic heroes, selfs Jeanne Goosen se Zonk), slim simboliek (kyk die oë - nadat Lizard vir Emerald Woman klaar bespring het, "druk hy sy hand in haar keel en pluk haar oë uit. Hy sit dit in 'n sakkie en dra dit om sy nek" - en daarna wil Andreas net mooi oë en sommer ook tande vir sy eie sakkie hê, die ene stuk Lacaniaanse begeerte), taalgevoeligheid (check hoe 'n klein, tenger oumatjie met 'n paar klapperhare op haar eierkoppie insteier en in 'n muur vasloop"), die hele blerrie works.

Dit alles wys jou net, sê jou niks. Nie dat dit my koud laat nie, my ou. Na RRRr my my eerste lekker hol gevoel tot in my fondament gegee het, het hy en sy fans gekla dat ek hom nie ernstig opneem nie, en dis verkeerd, baie erg, dus nou seerjis, man.

Hierdie ou stuur verwagtingshorisonne in hul peetjie in. Hy kan isotopieë van Geweld, Liefde en Die Walg sekwensieel, aktansieel en veral (gevaarlik!) ouktorieel narreer en dekonstrueer dat die grensskrywers wéét hulle was nog nooit in die weste nie, het ek mos al gesê, lees niemand meer die ernstige dele van resensies ná Joan se gemoan nie? Met *Hol* moes hy al 'n spesiale Eugène Marais-prys vir fringe-skryfsels gekry het; nou het hy bewys hy aspireer na die Hertzogprys vir hamergooi.

(Charles Malan is hoof van Eietydse Kultuurstudie aan die RGN)

# 'n Brit in Afrika




**SUNDAY WHITEMAN**
Lindsay Clarke
Picador/Jonathan Cape
R29,99

**PEARLIE JOUBERT**

CLARKE het in 1989 naam gemaak met *The Chemical Wedding* wat die Whitbread-prys vir Fiksie ontvang het. Sy tweede novelle, *Sunday Whiteman*, gaan (soos die titel al sê), oor die spierwit Britse onderwyser Austin Palmer en sy vrou, Kay, wat donkernag iewers in Wes-Afrika in die dorpie Ogun-Adoubia aankom. Dit is vroeg in 1960, kort na dié land van kolonialisme bevry is.

Byna soos in Chris Barnard se *Bos* is die leser van die eerste oomblik intens bewus van die swaar, donker broeiende hitte van die Wes-Afrikaanse boswêreld waar die skool ongeveer vyf myl buite die naaste dorp in die opening in die bos staan - 'n gunsteling-plek vir die hekse en toorkragte van Wes-Afrika.

Clarke doen in *Sunday Whiteman* niks om die stereotipes van witman-se-ervaring-van-donker-Afrika af te breek nie. *Sunday Whiteman* is 'n wit ervaring van 'n "donker" land. 'n Land wat deur al die geboortepyne van bevryding en 'n een-party regering gaan. 'n Land wat êrens tussen Westerse logika en Afrika-mites vasgevang lê - of eerder, só skryf Clarke.

Hoewel die verhaal van Austin en Appaea, die Afrikaan met wie Austin later trou, boeiend en nuut is, is Austin se Westerse waardes, chauvinisme en goedkoop eksistensiële krisisse soms ondraaglik irriterend.

Clarke is egter 'n briljante skrywer en *Sunday Whiteman* is 'n vreemde ervaring wat plek-plek rou rassisties is, maar tog voortdurend die indruk wek dat Austin werklik 'n Afrikaan probeer wees - mens vergewe hom dus plek-plek... dalk omdat Afrikane weet dat Afrika gaan oor "hunger, desperation, disease, and whatever crimes we commit to avoid them" [?].

En dit wat Clarke aan die einde van *Sunday Whiteman* vir die leser los, is die vraag: "What was already built into the structure of their [our?] minds that they [we?] should project such dark imaginings on to the darkness around them?"

## Voorlesing

Die Congress of South African Writers hou Saterdagoggend 'n voorlesing van gedigte en prosa. Deelnemers sluit in Dudu Modise, Walter Sehurutshe, Dathini Gwili, Patrick Mosiane, Tatayahone Seleke en Kgomotso Kgaodi. Dit vind plaas in die Cambridge Studie sentrum, Potchefstroom. Dit begin om 10vm en toegang is gratis. Navrae Menzi Ndaba (011) 836 9594/5.

# Whose criteria? Or:

## *When did you last see a cultural desk?*

Artist and former director of the South African National Gallery in Cape Town, **RAYMUND VAN NIEKERK** discusses the questions and problems that arise when 'African art' is assessed...



A crisis of definitions ... the Namibian artist John Muafangejo's woodcuts are on exhibition at the Natalie Knight Gallery, 8 Lower Mall, Hyde Park Corner, Johannesburg, from Monday.

IN the south west of France lies the town of Angoulême, once a royal city, now the heavily industrialized capital of the Charente. There the visitor will find a remarkable Romanesque cathedral and a sad little provincial museum. For the South African visitor, however, there waits a rather special surprise; let me explain.

Some time in the earlier part of this century, a doctor from Angoulême, who had practised in a French colony in Africa, returned to his home town and presented his collection of African artefacts to the museum. One imagines that they aroused but small interest across the decades: virtually nothing was added and the labels are rather perfunctory.

But recently, along came a young politician, alive to the issues of the day, who saw an opportunity to draw attention to the African art in the museum (and to himself of course) after he had visited the exhibition Magiciens de la Terre in Paris. That show, heavily focussed on the Third World artists, included the work of Esther Mahlangu, who had been flown to Paris where she produced a painted facade on a structure made available for the purpose. Here she met the person from Angoulême, who invited Mahlangu to his town to come and create a work for the museum. The space allotted her is a narrow piece of wall on a landing that leads to the African art gallery and there, with high gloss paint, she painted a fragment of a Ndebele facade decoration. No comment is needed on the oddness and inappropriateness of the exercise: let it just be known that there is a little bit of Angoulême that is forever Ndebele.

The sight of this "art work" reminded me of some of the questions that produced so much discussion at the time of the Paris exhibition, questions that also revived memories of the critical debates which followed the opening of the MOMA (New York) show "Primitivism" in 20th Century Art: Affinity of the Tribal and the modern, in 1985. Here's an attempt at a brief summary of the issues involved:

Have we faced the implications of the by now historic fact that aesthetic recognition of "tribal" objects depends on changes in Western taste? (Quotation marks are de rigueur in this area ... they indicate the embarrassment of the well-disposed.) Art historians have on occasion failed to make adequate allowance for their own conditioning when dealing with such material.

The use of the word and the concept "tradition" has been confused and untidy. Clementine Deliss points out: "The result is that the 'traditional' is presented implicitly as a stable point of reference, whereas in Africa, for example, it can be said that the 'traditional' as a category is being recast in a number of ways, both standardising and innovative." The uneasy, not to say acrimonious, relations between anthropologists, ethnographers and art historians have not helped in the direction of clarity or agreement.

There is little or no agreement either when critics and ethnographers are faced with artefacts that show the results of contact with Western forms and techniques: When does "tradition" cease to operate in the works? How great is the loss when such art begins to be made for the art market? Marion Arnold has an appropriate word of caution: "... tradition is not a process of repetition; it is evolutionary and not static, and for this reason it is difficult to determine fixed codes within the stylization and symbols used by African women for decorative purposes."

The accusatory words "Western cultural imperialism" continue to embarrass curators, dealers and collectors. The ways in which art of "tribal" origin was and is being appropriated has become suspect, especially in the case of curatorial selection, where criteria are frequently ill-defined and exhibition planning egoistical and Eurocentric. The West is now collecting the whole world and decides how and why. (Susan Vogel, in 1985, "... the aesthetic-anthropological debate has been resolved ..." She also claimed that "works of art" could be distinguished from "ethnographic specimens". At the Centre for African Art in New York, where Vogel is executive director, selection of works for acquisition or exhibition took [takes?] place on the base of aesthetic criteria alone.)

The matter of contextualisation remains a vexed and vexing issue. Certainly in the case of ritual and sacred objects violence is done when they are exhibited without regard to any context of time, cultural or religious practice and alien aesthetic criteria are imposed. It occasionally still appears to be difficult for people in the West to move away from the attitude prevalent at the beginning of this century when ignorance of the cultural context of exotic works of art was almost a requirement for artistic appreciation.

More immediately relevant for us, however, are the aesthetic problems we encounter when confronted with contemporary South African art; they urgently need clearing up. Who will volunteer?

Deliss, writing in Art Scribe more than a year ago, summed up the challenges we face as follows: "We have reached a point when anthropologists and curators of Third World art need to develop both an object of research which is contemporary with current cultural politics, as well as a methodology which will enable us to open out the phenomenon of non-Western art to exhibition structures and more relevant, topical analyses."

We are not alone in our quandary. Critics in France continue to have difficulties when they are called upon to assess contemporary work by African artists. An exhibition in Paris of art from Senegal drew the following from a reviewer in Le Monde (Oct 1990): "From time to time the question recurs, as if arising from a bad conscience outside the West, where are painting and sculpture? Are they still drawing on local colour or are European (sic) styles favoured?"

In Senegal it seems there has been a synthesis. "On a ground of African tradition ... there has grown a kind of composite painting, half abstract, half surrealist ..." However midway through his sentence he voices the suspicion: "But is that really still a tradition or is it a deliberate revival?" He describes how the Senegalese artists have studied Lam, Matta, abstract expressionism, Dubuffet and Klee and re-used such styles and techniques "... to achieve a new primitivism, but a Westernized primitivism, as if the African painters could no longer reach back to their past except by the intermediary of modern art."

Hard words indeed, but the critic is obviously hampered by a lack of familiarity with the situation of artists in the country in question and one senses the presence of a group of preoccupations that are distinctly unhelpful.

Jean Fisher seizes the problem when she writes about "... a fundamental misunderstanding ... of the sophistication with which other cultures internalize Western Modernism and make it over in their own image." But, and in this country it remains a painful issue, there are many who continue uncertain and unhappy before the continuing Westernization and commercialization of what were perceived to be traditional art and craft.

The uncomfortable history of the word "transitional" in this context tells the story. Thus many of us wait anxiously to hear what aesthetic criteria are to be applied in the wider South African art arena by a new generation of judges and critics, who, amongst other things, recently took it upon themselves to select and judge the 1991 Cape Town Triennial.

Should one remind them that American and European curators and experts dealing with "primitive" and Third World art have come heavy croppers over the years, and no-one in this country, as far as I know, appears to have clear answers in a field where words like "tribal", "traditional", "transitional", "Eurocentric" and "primitive" constitute so many conceptual pitfalls for the unwary? (Still, they will be pleased to learn how eagerly many of us await their show: someone else's turn to comment.)

Some of our art historians, when called upon, choose the encyclopaedist's way out of this aesthetic dilemma (everybody in, and no value judgements). And they are ever alert to the necessity of fastidiously distancing themselves from terms of their own coining, when these become sullied by use in the market place.

There are clumsy and sinister sounds emerging from certain quarters, which suggest that, in future, no doubts should be entertained about aesthetic criteria: political considerations will determine desirability and value. That is frankly alarming. The wonder of the present situation in the South African art world is the astonishing vitality that is being shown and the emergence in recent years of a host of very talented artists, from all over the country and from a variety of backgrounds.

It is partly as a result of this embarrassment of riches that some of the problems discussed here have arisen. Clearly, the situation is extremely delicate, the issues demand subtle and sensitive handling. The denizens of the art world may seem a rough lot, yet they know how much is at stake and that a ruthless politicization of the debate may prove disastrous. And if the doctrinaires win the day, art, artists and art institutions will certainly become marginalized, nor will it be in the present sense of that unhappy buzzword.

# The *plague* of the tobacco fug

**Smoking is widely regarded as a vile health hazard, yet people keep puffing away. Several countries have started to ban it in public buildings and the issue whether it should be allowed in restaurants is still being hotly debated in South Africa. But this debate is nothing new - in 1628 already the Dutch pirate Piet Heyn set up smoking areas on his ship and if any sailor smoked outside them, he would be clapped in irons, writes CRISTOPH DRIESSEN**

HAMBURG - "Smoking is an activity which is unpleasant to the eye, offends the nose, damages the brain and is a danger to the lungs."

So said England's King James the First fully 375 years ago in a pamphlet he wrote himself on the tobacco fug which for him was not blue, but black and which moreover stank.

In that time there existed a so-called pamphlet war in England, Holland and northern Germany between smokers and those who did not tolerate the weed.

Ever since the Frenchman Jean Nicot de Villemain, after whom nicotine is named, brought back the first tobacco leaves in 1561 from America, public opinion has been split on the new habit - known at first as tobacco-drinking.

In 1588, the strife between smokers and non-smokers took an explosive turn for the worse. A newspaper covering the English and Spanish sea battle reported a Spanish captain of a ship in the later to be defeated Spanish Armada as banning his gunner from indulging in smoking.

The man was so angered by this that he knocked out his pipe on a barrel of gunpowder, blowing the whole ship sky-high as a result.

It was British adventurer and seafarer Sir Walter Raleigh who made smoking fashionable in England though.

Even Queen Elizabeth I tolerated her favourite lord going about with pipe and tamper. Her successor to the throne, anti-smoker James I, on the other hand, had Raleigh beheaded in 1618.

"It is for me quite incomprehensible why a habit introduced by such a hateful cur should be welcomed", the notorious whisky-drinking king wrote.

He thus proceeded with his anti-smoking campaign. "What is it which moves us to imitate the bestial habits of barbarians?" he asked. Satan himself it was who had invented tobacco, and then only for the "heathen Indians", James wrote in his "warning to tobacconists".

The decisive argument against smoking however was then - as



now - that it endangered a person's health. Prince Moritz of Orania, the most combative of all 16th century fieldsmen, was of the opinion that smokers made unsuitable soldiers.

Doctor Beverwiyck from Dordrecht, Holland, meantime reported in his health newsletter that "I knew a man who was wont every day to 'drink' twenty pipes, something he did for so long until he could no longer get his breath and finally suffocated".

Depression and impotence were also ascribed to smoking.

On the other hand, some doctors claimed tobacco had healing qualities. Doctor Nicolaes Tulp, whom Rembrandt portraited in his "anatomy" painting, dispensed perfumed cigarettes to his patients as medicine.

Tulp, himself a heavy smoker, lived to the age of 81, while a colleague of his asserted that smoking helped to an extent in alleviating illnesses such as gout, scurvy, kidney stones and insomnia.

The author of a German broadsheet of the time came up with the ditty on the theme. Whenever a little something was ailing him, he wouldn't send for the doctor. Instead, "I nip off a little piece of snuff and thus refresh myself enough. In my mouth I slip my pipe, then straightaway I feel all right."

The popular Amsterdam poet Roemer Visscher contributed to the debate saying: "That people say tobacco is good for alleviating many illnesses may be true, but that it is palatable I cannot believe."

Smoking nevertheless became a popular passtime, despite campaigns against it. Seventeenth century still-life artists took it as a favourite subject.

Various brand names came to be displayed on cigarette packets, while during the course of time, smokers and non-smokers learned to avoid one another.

When the Dutch pirate Piet Heyn set sail in 1628 to seize the Spanish fleet carrying a cargo of silver, he had already set up smoking areas and smoke-free zones on his ships. The ship's regulations stipulated that "no one may chew or drink tobacco except in the area before the mainmast set aside for it.

"Whoever disregards this rule will be clapped in irons for eight days or, if he repeats the offence, hurled from the crow's nest."

Whether Peter Stuyvesant (1592-1672), the one-legged New York governer of the time whose name is still to be seen on one cigarette brand was a smoker or not, remains history's secret. - DPA

# Kletskouse steur Japan met *draagbare fone*

TOKIO - 'n Katolieke aartsbiskop in Italië het draagbare telefone onlangs gekritiseer omdat dit die "godsdienstige moraliteit" van mense aftakel, veral jong mense, omdat hulle dit gebruik om vryers te bel en speletjies te speel. In Japan is dié tegnologiese ontwikkeling darem nie só omstrede nie.

Die dae toe Japanners nog bonkige swart telefone spoggerig in die voorkamers laat pryk het, is verby. Gevorderde tegnologiese ontwikkeling in telekommunikasie het klein, draagbare telefone nou gewild gemaak - nie net onder sakelui nie, maar ook gewone mense.

Maar dié fone word nou ook in Japan 'n openbare ergernis. Amptenare van die spoorweë, die hotelwese en ander openbare geriewe doen nou almal 'n beroep op telefoon-gebruikers om "nie ander mense lastig te val nie".

Die Tokai Japan Spoorwegmaatskappy het begin om boodskappe uit te saai op sy supersneltrein Shinkansen waarin hulle passassiers versoek: "Gaan staan asseblief in die loopgang as u 'n draagbare telefoon gebruik."

Dis geen ongewone gesig om 'n sakeman kliphard oor sy draagbare foon te sien klets sonder om hom te steur aan die vraag of al sy mede-passassiers werklik lus het om na sy gesprek te luister nie.

Die vervaardigers van die draagbare telefone - bevrees dat die instrumente aangeval gaan word as 'n bron van "geraas-besoedeling" - por die gebruikers nou aan om ander mense in ag te neem wanneer hulle die foon in die openbaar gebruik.

Intussen het die Japanse polisie ook hul afkeer van die motor-telefoon uitgespreek. Hulle sê dit kan motorongelukke laat toeneem. In Japan is dit onwettig om 'n telefoon te gebruik terwyl jy bestuur omdat "bestuurders absolute beheer oor die motor moet hê".

Die verkope van mobiele telefone in Japan - wat motortelefone, hand-telefone en modelle wat op die skouer gedra kan word, inlsuit - het sedert Maart 1989 meer as verdriedubbel tot 827 000, sê bronne in die telefoonbedryf.

Volgens 'n opname deur die ministerie van Pos en Telekommunikasie, sal die mark na verwagting snel groei tot meer as agt miljoen telefone teen die jaar 2000.

Die kleinste en ligste draagbare foon tot dusver is ontwikkel deur die Nippon Telegraph and Telephone Corporation (NTT) - Japan se grootste telekommunikasiemaatskappy - in medewerking met ander Japannese elektroniese maatskappye.

NTT het in April die draagbare telefoonmodel Mova begin uithuur teen omtrent 17 000 yen per maand ($123). Dié dingetjie van 150 kubieke sentimeter, wat saam met die batterye 230g weeg, is die kleinste draagbare telefoon ter wêreld.

Die naaskleinste foon neem 203 kubieke sentimeter in beslag en weeg 298g. Dit word gemaak deur Nippon Idou Tshushin.

Die ministerie van Pos en Telekommunikasie wil nou eenvormige standaarde opstel vir die gebruik van die nuwe generasie draagbare telefone in die Verenigde State, die Europese Gemeenskap en Japan.

Die eenvormige standaarde sal die gebruikers van draagbare telefone in staat stel om gesprekke uit enige wêrelddeel met mekaar te voer.

- MASARU SUGIMOTO/DPA.



Terwyl almal dit eens is dat draagbare telefone die lewe in Japan en die Weste ingrypend verander het, weet die gebruikers daarvan steeds nie mooi wat die etiket verbonde aan dié nuutjie is nie. En hoe doen mens nou eintlik jou sake buite die vier mure van die kantoor? Toe 'n dringende oproep dié Duitse sakeman onkant betrap op straat in Hamburg, moes hy maar noodgedwonge die sypaadjie as lessenaar gebruik. (Foto: DPA)

# lanse & drake

## 'n gebreek en 'n gesteek, *deur Tim en Matt Sandham*

# As *Elvis* dood was, sou hy in sy graf gedraai het

MARTIN HESSEL se oë is rooi en bloedbelope. Eers nadat die eerste dubbel brandewyn afgesluk is, maak Martin verskoning.

"Heit ek's jammer, ou. Eers three bells in die bed gekom. Heelnag gewerk aan 'n jingle vir die OK Bazaars - of is dit nou Checkers? - anyway, dis vir 'n special op hoender-braaipakke, R3,99 'n kilo."

Die woorde krul lui-lui saam met Texan Plain rook by Martin - leier en liedjieskrywer van die Jeff Engle Trio - se neus uit. Die effek van die nikotien en alkohol tree in en Martin begin gesels oor die planne en probleme van die Jeff Engle Trio.

"Dis nie dat ons, wel, weet waarheen ons op pad is nie, of hoe ons daar gaan uitkom nie. Dis die hele soortvan ontdekking van ons afsonderlike definisies van die konsep van 'daarwees' waarom ons musiek draai."

Dinge was ongelukkig nie altyd so eenvoudig of maklik nie.

"Jis, dit het het soms rof gegaan in daai dae. Jy weet, in die sestigs - dit klink nou so ver, hè? Anyway, in die sestigs het ons heavy probleme gehad bloot met die regverdiging van ons mees basiese, soortvan definisies van 'hierwees'".

Martin wys daarop dat min groepe uit die sestigs nog aktief is in die musiekbedryf.

"Hei, waar's die Beatles nou, ek sê? Herman and the Hermits, Dave Clark Five, The Animals? Dis net ouens soos Bob (Dylan), die (Rolling) Stones en ons wat nog survive."

Hy voel dis slegs deur saam met die tye te verander dat 'n groep sy regmatige plek kan behou, mits dit nie ten koste van enige ander groep is nie, natuurlik.

"Kyk, ons is nie bang vir verandering nie. Die band het al oor die 25 members gehad - en ek praat nou nie van al die session-outjies nie - en ons het al vyf keer ons naam verander."

'n Lag wat diep uit Martin se longe op roggel en plotseling in 'n spastiese hoesbui oorgaan, begroet die aanhaal van opmerkings van sekere musiek-kritici dat die afwesigheid van enige van die oorspronklike groeplede en die feit dat die trio uit vier lede bestaan daartoe gelei het dat 'n gedeelte van die groep se oorspronklike identiteit as 'n vae groep verlore gegaan het.

'n Lang trek aan die 17e Texan van die onderhoud bring die hoesbui onder bedwang en die 6e dubbel van die oggend temper die pers van Martin se gelaat.

"Laat ek jou één ding vertel. Ons was en is en sal altyd 'n watsenaam band wees. Oukei, ek's nie so seker van altyd nie, want ... er ... eksistensialistiese vaagheid kan soortvan 'n hindernis wees as 'n ou jingles skryf vir die handel. Die ad-agency ouens smaak dit nogal as jy spesifiek raak oor die produkte wat jy adverteer. Ek dink."

Martin sê dertig jaar op die verhoog het hom niks verander nie.

"Jy weet, partykeer stop so 'n ou tannie my op straat en sy vir my dat ons op haar twenty-first gespeel het en dat sy nog steeds scheme ek's 'n sexy ou. Neit, ek smaak dit niks. Ek's eintlik 'n skaam kêrel."

'n Herinnering daaraan dat hy eenkeer op 'n FAK-saamtrek by die Voortrekkermonument sy broek afgetrek het, ontlok hewige protes.

"Dis presies wat ek bedoel. Ek het stage-fright gehad met ou BJ Vorster en about sy hele kabinet wat my watch. Dit was senuwees en ek wou soortvan 'n grappie gemaak het om die spanning te breek."

As dit spanning was in daardie dae, is dit nou gewoonweg stres wat vir Martin en die ander drie lede van die Jeff Engle Trio opvreet.


"'n Ou kom net nie voor nie. Ons is nie 'n band wat ons neuse optrek vir werk nie. Ek meen, musiek is al wat 'n ou nog redelik sane hou. Maar, die ouens begin nou moeg raak om by vrouensklubs sosiale aande te speel. Ek is nie te trots om cover versions van hit parade nommertjies te doen nie, maar ek sweer, 'n ou kan net soveel Bles Bridges interpretasies doen en jouself die volgende oggend nog respekteer."

'n Voorstel dat die Jeff Engle Trio dalk nog 'n naamverandering beleef, kry nie veel aftrek nie.

"Die publiek is wispelturig, man. Noem ons onsself JET, soos in ons voorletters, score ons 'n paar jong laaities, maar dan herken ons ou fans ons nie meer nie. Word ons die Jeff Engle Quartet dink die ouens ons raak fancy. Jy weet, baie ouens sien 'n Q in 'n woord dan raak hulle hulle sommer suspisieus, begin jou van sissiegeit beskuldig."

Martin raak sommer mismoedig as hy uitgevra word oor die toekoms van musiek in Suid-Afrika.

"Die jong manne - en die girlkies ook - is nie meer bereid om tien, twintig jaar te wag vir hulle groot break nie. Hulle soek dadelik 'n top twenty hit. Die witmense word al hoe minder en dies wat oorbly, koop nie meer plate nie. Dan't ons mense ook te grand begin raak. As 'n mackie een en twintig word, is 'n band in die garage en 'n bietjie jive nie meer goed genoeg nie. Hy wil sy maatjies stick vir hamburgers in 'n Mike's Kitchen. 'n Musikant het nie 'n kans teen mense met sulke waardes nie."




## GREENTALK
### MIKE KANTEY

# Just *breathing* the air



RECENTLY I attended a formidable conference hosted by the Cape Town Ecology Group and the World Council for Religion and Peace (the South African chapter) on the theme "Politicise Ecology, Ecologise Politics". There was plenty of room made for political stands and union militancy, some of it read by university academics whose language level I am sure went over the top of some heads (certainly mine, anyway).

The one presentation that really left its mark for me - notwithstanding the fact the speaker is an old personal friend - was a presentation by Michael Cope on "Inter-connectedness".

Michael took each of the elements, air, water, earth, and fire in the form of energy and discoursed in Buddhist terms on our relationship with them. In other words it was not enough to perceive political connections between, say, land usage and dispossession but also to realise that when we live and breathe and have our being, we are intimately connected with our "environment" out there. Our bodies are so much water, our lungs filled with so much air, our vital force which is fed at mealtimes so much energy and a full realisation of our presence on this earth demands a greater sense of participation in all that surrounds us.

In a collection of writings called The Gospel According to Zen, edited by Robert Sohl and Audrey Carr (New American Library, 1970), DT Suzuki writes "Zen is decidedly not a system founded upon logic and analysis. If anything, it is the antimode of logic, by which I mean the dualistic mode of thinking. There may be an intellectual element in Zen, for Zen is the whole mind, and in it we find a great many things; but the mind is not a composite thing that is to be divided into so many faculties, leaving nothing behind when the dissection is over."

This is the point where I find such resonance in that which Michael Cope had to say and so much dissonance elsewhere. It is as if having identified a set of problems - land use, development, environment, media, politics of township life - we can then glibly go on to pronounce on these concepts at length and so work towards a solution. Michael and the Politics of Zen as it were demand a dissolution of objective that one can immerse oneself in the whole problem: in the managing of a lifestyle at home, at the workplace, in the conduct of one's transportation, in the nature of extra-mural activities one engages in, even in parenting and social engagements.


To politicise ecology and ecologise politics, then, is only the beginning of a wider dissolution of false dichotomies and red-herring debates, the beginning of a unified field theory of existence. Then one can begin to feel an active compassion for the thousands of unemployed fisherman on the West Coast, for the appalling conditions in the burgeoning squatter camps; and for the individual loads borne by women walking with bundles of firewood on their heads. At the same time one can experience righteous indignation at the criminal mismanagement of public money by the Nationalist government without resorting to public violence, but with a clear determination to pursue the adventures of public responsibility so freshly opened up for use.

To politicise ecology seems an easy task with the mass of evidence facing us, but to ecologise politics needs a radical commitment to change in one's own personal practice.

It begins with a single breath taken.

'n Jaar ná Irak se inval, *maar*

# Saddam *bly* die vlieg in die salf



Saddam Hussein ... steeds president van Irak

Dit is dié naweek presies 'n jaar gelede dat Saddam Hoessein van Irak sy magte Koeweit binnegestuur het. Die Amerikaanse oorwinning in die daaropvolgende Golfoorlog het die VSA as die enigste werklike wêreldmoondheid laat uittroon, maar tot vandag bly Hoessein die vlieg in die salf, berig **PASCAL TAILLANDIER**. Die meeste Amerikaners glo die oorlog is te gou beëindig

WASHINGTON - 'n Jaar ná Irak se inval in Koeweit kan Amerika tevrede wees met wat bereik is: binnelandse versoening, uitbreiding van sy oorheersende rol in die wêreld en wesenlike vordering met 'n vredeskonferensie in die Midde-Ooste.

Maar 'n groot swart merk bly staan: die mees gehate man in die Westerse wêreld, Saddam Hoessein, is steeds die president van Irak. Verswak, miskien, maar dis dieselfde ou Saddam.

Washington het dit heelwat moeiliker gevind om die vrede te wen as die oorlog. Enkele maande ná sy pak slae op die slagveld is Hoessein alweer besig om die wêreld uit te daag met sy kernvermoëns wat in die euforie van oorwinning as vernietig afgeskryf is.

Lugaanvalle op Irakese teikens word nou weer oorweeg. Die vierde VVO-sending is nou reeds na Bagdad gestuur om Irak se kerninstallasies te gaan inspekteer, en president George Bush het Hoessein gewaarsku teen die "ontsaglike fout" wat hy sou begaan as hy nie saamwerk nie.

Hoessein is 'n "voortslepende sage", sê 'n senior Amerikaanse amptenaar. Sy reaksie op die groeiende gevoel dat die oorlog net deels suksesvol was, is dat "die probleem wat tot die krisis gelei het, nou opgelos is." Hy voeg by: "Wat ons gedoen het, was nie bedoel om die probleem in Irak of in die Golf op te los nie. Dit was bloot bedoel om te handel met die daad van aggressie."

Maar 70 persent Amerikaners glo volgens 'n onlangse meningspeiling dat die Geallieerdes nie die oorlog moes gestaak het voordat Hoessein verwyder was nie. Bush se argument hierteen is dat die Geallieerdes dan in 'n guerrilla-oorlog vasgevang sou gewees het.

Deur die oorlog ná 100 uur te staak, het Bush daarin geslaag om Amerikaanse verliese tot 'n minimum te beperk en het daardeur maksimum politieke voordeel uit die oorwinning getrek.

Met die verwelkoming van troepe tydens groot parades oor die laaste klompie maande het dit begin lyk of die Amerikaners uiteindelik van sy Viëtnam-sindroom ontslae geraak het.

Intussen het Bush se gewildheid tot ongekende hoogtes gestyg en tensy daar 'n ramp voorlê, is hy verseker van 'n maklike oorwinning in 1992.

Die VSA het as die wêreld se enigste werklike supermoondheid uit die Golfkrisis getree en sy kritici daarna verras deur werklike vordering met 'n vredesinisiatief in die Midde-Ooste te maak.

"Regdeur die Golfkonflik het ek gehoop dat uit die aakligheid van oorlog daar nuwe vooruitsigte van vrede sou kom. Daardie hoop is vandag sterker," het Bush verlede week met verwysing na die kanse vir 'n ongeëwenaarde vredeskonferensie opgemerk.

Só 'n konferensie - iets wat voor die orlog ondenkbaar was - sal 'n duidelike manifestasie wees van die "nuwe internasionale orde" wat die VSA en die Sowjet-Unie in die Midde-Ooste voorstaan.

"Op die oomblik lewe ons steeds met die voordele van die oorlog," sê Peter Rodman, gewese raadgewer vir Bush. Maar, voeg hy by, "ons het 'n geleentheid laat verbygaan om Hoessein te laat kantel. Sy oorlewing is gevaarlik. Sy oorlewing kan sy herstel beteken. En dit is 'n probleem."

Hoessein se politieke einde was van die begin af 'n prioriteit vir Bush, maar tot dusver het hy net sanksies as wapen gebruik - 'n strategie wat die mense van Irak heelwat seerder maak as die regering van die land.

Rodman voorspel dat Bush binnekort weer 'n militêre besluit sal moet neem, want as die Geallieerde magte niks doen nie, sal die Hoessein-probleem net vererger.

Volgens sommige ontleders gaan die emosionele krag van die kernkwessie dalk sterk genoeg wees vir Amerika om sy trae bondgenote te oorreed om weer eens aan militêre optrede teen Hoessein deel te neem.

Dit kan die einde van die "vader van alle diktators" wees. - AFP





## The weapons Hussein never used

The lessons learned by the Allies in their Gulf War victory are not as clear now as they seemed in the aftermath of what appeared to be a total Iraqi collapse, writes **DENIS HAULT**. Though some of the sophisticated weapons used seemed to prove their worth, others failed. And Hussein never used his most sophisticated Soviet weaponry

PARIS - The Gulf War may have demonstrated the value of high-tech weaponry, but military experts point out that Iraq's decision not to fight all-out - shrewdly saving material it would need later - has hollowed Allied claims of an easy victory.

For these experts, the "Mother of all Battles", as Iraqi president Saddam Hussein called it, never took place.

Faced with the overwhelming superiority, Hussein declined to fight with all he had - choosing instead a defensive posture that ensured heavy losses but also left intact, far from the battle-front, the men and material he would later use to crush the Kurdish and Shiite rebellions.

Thus, these experts say, the lessons of the 100-hour Allied victory over the world's fourth-largest army are not as clear now as they seemed in the immediate aftermath of what appeared to be a total Iraqi collapse.

Still, operation Desert Storm will go down in history as a remarkable feat of co-ordination between air and land forces.

Sharp-sighted satellites, sophisticated communications jamming devices and speedy co-ordination by the Airborne Warning and Control (AWAC) reconverted Boeing 707's were the keys to swift victory over the Iraqi forces.

As a result, some of the Allies, including France, boosted their budgets for development of intelligence-gathering electronic equipment after the war.

The war served as a valuable testing ground for new equipment.

The F117 Stealth Fighters, the so-called "smart" laser-guided bombs and the Tomahawk missile raised new standards of precision in warfare.

But for all their spectacular televised interceptions, the Patriot missiles, the experts now say, failed in their mission to blow up Iraq's imprecise Scud missiles, succeeding only in disabling them. Many Scuds exploded on hitting the ground anyway.

Here too, the lessons of the Gulf War have translated into increased research in anti-missile missiles.

On the battlefield, the war highlighted the difficulty in supplying an army of 34 nations.

Even those of the 16 members of the North Atlantic Treaty Organization who fought the war found themselves trading incompatible equipment. Now, NATO is boosting its drive to standardize material, particularly munitions.

The five months it took the Allies to gather a powerful war machine also etched in stark relief the necessity of a rapid-intervention force, which NATO has started setting up.

The war also highlighted the vulnerability of the Alliance's Southern flank, prompting NATO to increase its permanent naval presence in the Mediterranean.

NATO, having signed the Conventional Forces in Europe Treaty with the Soviet Union, has decided to transfer to Greece and Turkey the thousands of tanks and other equipment it pledged to remove from Western Europe.

Speaking at a time many governments are considering trimming their defense budgets, the military experts now warn that not all future adversary armies will give in as easily as Iraq's did. After all, Saddam Hussein never used his most sophisticated Soviet weaponry. - AFP



## 'n Blik op die hel

**Presies 'n jaar gelede, op 2 Augustus 1990, het Saddam Hoessein van Irak se magte Koeweit binnegeval. 'n Oorlog het gevolg waarin Amerika 33 ander lande teen Irak gelei het. In die vyf maande sedert die oorlog beëindig is, het 'n menigte boeke en fotoboeke oor die blitsbloedbad die lig gesien. Een van die bestes, die Londense Sunday Times se War in the Gulf, a Pictorial History deur John Witherow en Aidan Sullivan (Sidgwick & Jackson, R69,99) is nou in Suid-Afrika beskikbaar. Op dié bladsye is voorbeelde van die treffende foto's in die boek.**

# Tuitbekkies *en* lang bene



Susan Danford vertolk die rol van die Engelse onderwyser, Pauline, in *Meester* wat Donderdag ten einde loop

PRUILMONDJIES, lang hare, langer bene, afgeslane wimpers, 'n skalkse glimlag, die kurwe van 'n heup, die uitnodigende lig van 'n ken... Die wêreld hou van mooi meisies, en van die mooistes is dié naweek in twee glansryke TV-programme te sien.

Die een wat waarskynlik die meeste aandag trek, is M-Net se regstreekse uitsending in ooptyd Saterdagaand van die Mej Suid-Afrika-wedstryd, 'n skoonheidswedstryd wat al die jare op TV1 vertoon is. 'n Mens sou graag wou weet wat die storie ágter die storie is: het M-Net die uitsaairegte van die wedstryd as 't ware ge-"kaap" deur eerste daarvoor te vra? Het die betaalkanaal meer geld aangebied? Of het TV1 bloot besluit die Model van die Jaar, wat vanaand regstreeks op TV1 vertoon word, is genoeg mooi meisies vir een naweek? Een ding is egter seker: die Mej SA-wedstryd is seker die één program wat M-Net se groeiende status as 'n volwaardige mededingende TV-kanaal by die man op straat sal tuisbring.

Dit is die man wat elke dag dieselfde koerant lees en sy "Nuus om agt" kyk. Sy vrou kyk *Loving* terwyl sy stryk of brei. Hulle seuns speel rugby en hulle dogters het muisneste. Dié gesin stel nie belang in sogenaamde alternatiewe nuusprogramme nie. Nog minder in opera. Wêreldsport is vir hulle 'n bietjie vaal in vergelyking met ons rugby, en dit kan hulle in elk geval op TV1 sien. Maar nou word een program waarna hulle elke jaar op TV1 gekyk het *skielik* op M-Net gewys, dit nogal in ooptyd en twee ure lank. Vir die eerste keer word dié kykers daarvan bewus dat M-Net nie net 'n foefie is *nie*; daar is inderdaad TV anderkant die grense van Aucklandpark. En nie baie later nie begin hulle wonder wat anders word ook op dié kanaal gewys en 'n maand of 'n jaar later koop Pappie vir die gesin 'n dekodeerder...

M-Net het boonop goed gekies: die Mej SA-wedstryd is by uitstek 'n program waarna die hele gesin kan kyk en Bill Faure, wat die regie van M-Net se uitsending gaan behartig, het belowe dit is ook vanjaar sy doelwit.

Die wedstryd word van 5 nm tot 7 nm vanuit Sun City se Superbowl uitgesaai. Buiten die twaalf finaliste neem meer as 80 genooide kunstenaars deel insluitende Neville Nash, Judy Page asook die ganse geselskap van die "Bravo"-extravaganza. Die choreograaf wat onder andere die finaliste moes touwys maak op die verhoog, is Carlo Spetto, en Dave Pollecutt is die musiekregisseur.

Die Model van die Jaar-wedstryd het sy ontstaan gehad saam met die vroeëre *Graffiti* en is verlede jaar as deel van *Antenne* uitgesaai. Vanjaar is dit egter 'n volwaardige TV1-produksie.

Seker die grootste verskil tussen dié wedstryd en die Mej Suid-Afrika-wedstryd is dat die aspirant-modelle deur die bank bloedjonk is (die tien finaliste se ouderdomme wissel van 14 tot 19) en eerder interessante gesigte het as wat hulle sogenaamd mooi is. Die klem val dus op hulle moontlikhede as internasionale modelle en nie hulle skoonheid of mooi lyfies nie.

Vanaand se program het Italië as sy tema en die meisies word in dag-, sport- en aanddrag gewys. Eon de Vos is die aanbieder. Die kunstenaars wat deelneem, is Johannes Kerkorrel (dit is sekerlik 'n eerste!), die groep Shifty Henry en Alexandra Alridge, No Jacket Required se aanbieder. Ken Kirsten is die regisseur. Kirsten het glo pront erken die wêreld van die model is een wat hy nie ken nie, maar hy "leer vinnig" en hy wil wat hy gesien het ook aan die kykers tuis oordra.

Een belangrike verskil tussen vanjaar se wedstryd en dié van die verlede is dat die beoordelaars nie die borge is nie, maar uit die modelwêreld afkomstig is. Die wenner kry as deel van haar prys as die Rooi Rose Model '91 die geleentheid om aan die New Model Today-wedstryd in Milaan, Italië, deel te neem. Dié aand sal ook deur Kirsten en sy span op film vasgelê word vir latere uitsending.

## M-Net se "Talk at 8"-pakket

'n Radiostasie wat die laaste tyd ongekende opgang gemaak het, is die Randse Radio 702 en veral weens sy lewendige inbeldebatte rondom aktuele vraagstukke. M-Net het iets soortgelyks begin met sy *The John Berks Show*, waar die gasheer, genooide sprekers en gehoor ewe veel van 'n spreekbeurt het en die programopstellers "carte blanche" in hul keuse van 'n onderwerp. Nou het M-Net 'n stappie verder gegaan en een van Amerika se bekendste geselsprogramme, *The Donahue Show* met Phil Donahue as die gasheer, aangekoop as deel van 'n nuwe geselsprogrampakket met die titel, Talk on M-Net at 8.

Die Donahue-program begin Donderdagaand om 8nm op M-Net, maar sal op elke eerste Donderdagaand van 'n maand deur *The John Berks Show* vervang word. Die nuwe John Berks-reeks het gisteraand begin.

Donahue is 56 jaar oud en het vir sy program reeds 19 Emmy-pryse ontvang. *The Donahue Show* word vandag, 23 jaar ná sy begin, elke week meer as 260 ure lank uitgesaai op 154 TV-kanale. Donahue se suksesresep is glo 'n kombinasie van 'n bedrieglik naïewe persoonlike sjarme en omstrede onderwerpe. Waarna ons onder meer kan uitsien, is debatte rondom die vraag of dokters mag besluit wie mag sterf en wie kan leef, skoonma's wat huwelike laat misluk, 'n surrogaatma wat haar proefbuisbaba wil behou, hoe 'n vrou kan vasstel of 'n man getroud is of nie, en vroue wat hul mans verneuk met ander vroue. Die onderwerp van Donderdagaand se eerste program is "People who change sex to have sex with the same sex"...

Kyk 'n mens na dié titels word nog iets duidelik: in *The Donahue Show*, net soos in *The John Berks Show* en Radio 702 se debatte, tel die onderwerp kennelik die meeste. Nie die gaste nie, soos dit so dikwels die geval was met die (gesneuwelde) geselsprogramme op die kanale van die SAUK. As "persoonlikhede" genooi word, is dit om meer lig te werp op die onderwerp. En as die onderwerp interessant of prikkelend genoeg is, is 'n suksesvolle program feitlik gewaarborg. Nou lê die vraag voor die hand: hoe vergelyk ons plaaslike TV-gashere met so 'n gesoute aanbieder soos Donahue, en sou dit moontlik wees om uit sy program agter te kom hoekom so baie van ons TV-geselsprogramme klaaglik misluk het?

## Omstrede vraagstukke word persoonlike pyn

Genadedood en borskanker was al soveel kere die onderwerpe van dokumentêre besprekingsprogramme op TV dat kykers as 't ware stomp geword het vir die trauma en pyn wat daarmee gepaard gaan. Twee TV-reekse het egter daarin geslaag om wat eers net koue mediese feite was, te verpersoonlik en op só 'n roerende manier dat dit 'n knop in die keel gelaat het.

In Saterdag se *LA Law* is Victor gekonfronteer met die besluit of hy sy broer ná 'n motorongeluk kunsmatig aan die lewe wil hou of nie, en in *thirtysomething* gisteraand het Nancy op 'n knop in haar bors afgekom.

Die twee programme se styl verskil heelwat. *LA Law* is meer "glitzy", terwyl *thirtysomething* by uitstek konsentreer op die klein menslike emosies. Maar in dié geval het albei programme daarin geslaag om van menslike trauma egte en boweal eerlike televisie te maak - iets waaraan daar 'n groot behoefte is in 'n medium wat oorheers word deur oppervlakkige emosionele snertreekse.

## Die verhoor van 'n pedofiel

Met ons eie verskriklike gebeure rondom Gert van Rooyen, wat selfmoord gepleeg het nadat sy wandade met minderjarige kinders aan die lig gekom het, en die raaisel rondom die verdwyning van sewe klein meisies, behoort M-Net se mini-reeks *I know my first name is Steven* heelwat belangstelling uit te lok. Dit is die ware verhaal van 'n seuntjie, Steven Gregory Stayner, wat deur 'n pedofiel ontvoer en sewe jaar lank gevange gehou is. Wanneer hy uiteindelik daarin slaag om te ontsnap, begin sy eintlike trauma: die hofsaak waarin hy moet getuig teen die man wat hy sewe jaar lank net as "Pa" geken het.

Corin "Corky" Nemec speel die rol van Steven, en Amy O 'Neill is Jody Edmonton wat Steven in dié pynlike tyd bygestaan het. Die regisseur is Larry Elikann. Die reeks is in 1989 gemaak.

## HOOGTEPUNTE

**VANDAG:**
* "See no Evil", 'n grusame riller met Mia Farrow as 'n blinde meisie wat deur 'n psigopaat geterroriseer word. Om 9nm op M-Net.
* "Fly by Night" om 7nm op TV1, 'n nuwe reeks oor 'n wilde meisiekind wat haar eie vliegtuig koop en met haar eie redery wil begin. Met Shannon Tweed.
* "Rooi Rose Model '91" om 8:35nm op TV1.

**MÔRE:**
* "Mej Suid-Afrika '91" om 5nm op M-Net.

**SONDAG:**
* "The Day my Kid went Punk" om 2nm op TV1. 'n Komiese jeugfliek met Jay Underwood.
* "Grand Slam" om 6nm oop tyd op M-Net. Twee "speurders" is op soek na 'n moordenaar-gevangene, met 'n miljoen dollar teen sy naam, wat sy borgvoorwaardes verbreek het.
* "My Stepmother is an Alien" om 8:30nm op M-Net. 'n Komedie met Kim Basinger.
* Die slot van "The Godfather Saga" om 9:04nm op TV4.

**MAANDAG:**
* "Kiss me Goodbye" met Sally Field, James Caan en Jeff Bridges om 10:30vm op M-Net.
* "Twin Peaks" om 9:37nm op TV4.
* Die slot van "Telly Fun Quiz" en "Who's the Boss" om 7nm en 7:30nm op TV1.

**DINSDAG:**
* "American Chronicles" om 10nm op TV1 laat die kollig val op die twaalf weke van opleiding van die Amerikaanse mariniers.
* "I know my first name is Steven" om 7nm op M-Net.

**WOENSDAG:**
* "Flight into Hell" om 9:04nm op TV4.
* Die slot van "Trucking" om 7nm op TV1.

**DONDERDAG:**
* "The Donahue Show" om 8nm op M-Net.
* Die slot van "Meester" om 7nm, en "thirtysomething" om 9nm op TV1.

# MERC-GRYPER UITVERKOPING VAN DIE DEKADE


**Nou's jou kans... 100 Laatmodel Outomatiese Mercedes 200 (124 Reeks) Verkoop blitsvinnig teen pryse wat nie weer herhaal sal word nie !!**

Ja, ons het 100 van hierdie pragstukke – eks-motorvloot – almal in puik toestand met lugversorging, immobiliseerder, radio-band en die res. En ons bied hulle van die vloer aan jou by ons Wynberg Handelsentrum beginnend op Maandag 15 Julie.

Enige voertuig wat jy koop kom met volledige diensrekord, 'n ***GRATIS*** Padwaardigheidstoets, ***KITSFINANSIERING*** en 'n opsionele 24 maande Waarborg aanbod wat jy nie kan weier nie.

Voertuie wissel tussen 30 000 - 50 000 km afhangend van of hulle '89 of '90 modelle is – en hulle is daar teen R18 000 onder markwaarde!


Maar opstud! Hierdie Mercs gaan vinnig verkoop!



## KYK NET NA HIERDIE PRYSE!!!...

| Model | Markprys | Ons 'Merc-Gryperpryse' |
|---|---|---|
| '89 | R84 000 | R65 900 |
| '90 | R90 000 | R73 900 |

***Moenie tot Oktober wag om te spaar wanneer BTW inkom nie!*** *Gebruikte voertuie* ***SAL*** *onderhewig wees aan BTW indien van 'n handelaar gekoop • Nuwe motorpryse is geskeduleer om tweemaal binne die volgende 3 maande te verhoog en gebruikte motorpryse sal gevolglik styg • Privaattransaksies sal geen BTW hê nie • WAAROM WAG? KOOP NOU EN SPAAR!!! •* ***BEGIN MA 15 JULIE.***




WAAR?

## SEA POINT TRADE CENTRE 5e STR. 31 WYNBERG JHB.

**(011) 887-9021 (6 lyne)**

# Sea Point Car Mart

c.c.

VERKOOPSAFDELING VAN SEA POINT AUCTION MART

Raymond Perkel Adv. & Design

# 1991 WINTER PROGRAMME

Damelin Management School is the leading Management Training Centre in Southern Africa, with over 60 000 graduates, many of whom now hold senior executive positions. Delegates have the choice of attending either the evening or Saturday morning classes.

| COURSE | DURATION | STARTING DATE |
|---|---|---|
| Business Management | 7 months | 31 July |
| Small Business Management | 4 months | 1 August |
| Business Organisation Management | 4 months | 10 August |
| Manager Development | 3 months | 15 August |
| Financial Management | 4 months | 5 August |
| Practical Accounting | 2 months | 5 September |
| Basic Bookkeeping (Part-time) | 11 weeks | 4 September |
| (mornings only) | 2 weeks | 9 September |
| Credit Management | 3 months | 22 August |
| Marketing Management | 5 months | 31 July |
| Marketing & Sales Management | 3 months | 7 September |
| Sales Management | 3 months | 24 August |
| Successful Salesmanship | 3 Months | 19 August |
| Public Relations | 3 months | 14 August |
| Frontline & Public Relations | 3 months | 24 August |
| Personnel Management | 4 months | 10 August |
| Personnel & Training Management | 3 months | 31 August |
| Industrial Relations | 3 months | 28 August |
| Training Management | 2 months | 1992 |
| Project Management | 3 months | 17 August |
| Production Management | 4 months | 10 August |
| Production & Supervision | 3 months | 7 September |
| Purchasing Management | 3 months | 21 August |
| Warehouse Management | 3 months | 29 June |
| Storekeeping and Stock Control | 3 months | 31 August |
| Security Management | 4 Months | 4 September |

Phone (012) 322-6710 or call at 5th Floor, Sinodale Sentrum, 234 Visagie Street, Cnr Andries Street, Pretoria.
Our special nightline (012) 73-5771 is open between 6-9 p.m.

# Damelin
## MANAGEMENT SCHOOL

DMS COURSES ARE HELD IN JOHANNESBURG, ROSEBANK, PRETORIA, VEREENIGING, MMABATHO, DURBAN, PIETERMARITZBURG, PORT ELIZABETH AND CAPE TOWN.

GREY ADVERTISING 07136



UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

SPES BONA

# Voorgraadse Toelating: 1992

**Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan UK in 1992.**

## Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **31 Augustus 1991:**

Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan by die betaling van 'n bykomende heffing tot 30 September 1991 ingedien word, en tot 31 Oktober 1991 vir alle ander Fakulteite.

Alle aansoekers word egter aangeraai om voor 31 Augustus 1991 aansoek te doen.

Aansoekgelde is:
Tot 31 Augustus R40
Tot 30 September R80
Tot 31 Oktober R140

## Studentebehuising

UK is in staat om ongeveer 25% van sy studente te akkommodeer – in koshuise, woonstelle en huise. Aansoekers wat in Kaapstad huisvesting verlang, moet nie later nie as **31 Oktober 1991** daarom aansoek doen. Laat aansoeke vir huisvesting kan nie oorweeg word nie.

## Finansiële Bystand

Aansoekers wat nie die volle koste verbonde aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik om finansiële bystand aansoek te doen. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, beurse en lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1991.** Laat aansoeke om finansiële bystand kan nie oorweeg word nie.

**Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar by: Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700. Telefoon: (021) 650-2128.**

C71652/1483C



COSAW

COSAW Invites all writers to a

# Writers' College

9th - 11th August
Wilgespruit Fellowship Centre
Registration Fee: R50,00

**Workshops on Poetry, Short stories, TV and Stage scriptwriting, writing reviews.**

Phone 836-9594 before 6th August to book your place.
Limited space available.




# USIS

**THE UNITED STATES INFORMATION SERVICE (USIS)** is pleased to announce it is moving to new premises at the 1066 Building corner of Pritchard and Harrison Streets, Johannesburg.

We will close to the public on Friday, August 2 and re-open at the above location on Monday, August 26.

OUR NEW TELEPHONE NUMBER IS (011) 838-2231.
OUR NEW FAX NUMBER IS (011) 838-3920.

We look forward to welcoming you at the 1066 Building on August 26.



**SPORTRUBRIEK**
**TINUS HORN**

# En nou vir die slegte nuus

PIERRE COETZER se punte-oorwinning oor Jerry Halstead verlede Saterdag het hom op koers gehou vir 'n geveg om die swaargewigtitel van die wêreld - en dis die slegte nuus.

Daar is geen goeie nuus nie.

Soos altyd het Coetzer hopeloos te veel slae verduur. Halstead, wie se beste dae seker so vyftig gevegte in die verlede lê, het hom byna na willekeur met sy reguitlinker raakgeslaan.

Coetzer se afrigter, Alan Toweel, het soos 'n wafferse Pik Botha kritiek in die media hieroor afgemaak: "Dis onsin. Nie een van daardie houe het Pierre seergemaak nie."

Beteken dit dalk dat Coetzer krediet verdien omdat sy teenstander nie 'n harde slaner was nie?

Dié feit bly staan: as 'n ou "club fighter" soos Halstead Coetzer so maklik kan raak slaan, kan Evander Holyfield, Mike Tyson, Razor Ruddock en selfs oom George Foreman dit ook doen. En laat Coetzer sommer by voorbaat gewaarsku wees: Hulle houe maak wel seer.

Niemand weet waaraan Coetzer sy tweede plek op die Wêreld-Boksvereniging (WBA) se ranglys en vierde plek op die Internasionale Boksfederasie (IBF) s'n te danke het nie, want hy waag dit nie naby ander boksers op dié ranglyste nie.

Toweel se planne met Pierre is duister; soos altyd beloof hy dat die volgende teenstander 'n grote gaan wees. Vir Pierre se onthalwe kan ons maar net hoop hy bedoel nog 'n has been soos Halstead.

As Pierre dalk eendag wel die kans kry om teen Holyfield om die wêreldtitel te boks, moet hy dit natuurlik aangryp.

As hy hom in groot moeilikheid bevind, kan hy altyd 'n maklike toertjie uithaal wat glo gewild is in gehoorsaamheidskole vir klein hondjies. Op Engels sê hulle: "Roll over and play dead."

Johnny du Plooy het dié toertjie verlede Saterdag volmaak uitgevoer. 'n Mens moet darem byvoeg dat hy dit al 'n paar keer in die kryt geoefen het.

Sy nederlaag teen Corrie Sanders sal waarskynlik die einde van sy loopbaan beteken. Dis 'n groot, groot jammerte.


Anders as Coetzer, wat al die toewyding in die wêreld het, maar eenvoudig nie aangelê is vir boks op die hoogste vlak nie, het Du Plooy hope talent.

Hy is egter allergies vir oefen. Dié kwaal keil hom kwaai op, en die enigste kuur wat hy daarvoor ken, is om in vinnige karre rond te jaag en die lekker dinge in die lewe te geniet. (Nee, nie die buitelewe, seëlversamel en lees nie).

Selfs toe hy hom moes voorberei op sy geveg teen Francesco Damiani om die Wêreld Boksorganisasie (WBO) se titel, kon hy homself eenvoudig nie so ver kry om 'n bietjie ekstra in te sit nie.

Dis duidelik dat Sanders baie hard slaan. Of hy verder gaan kom as die SA titel wat hy nou die aand gewen het, sal net die tyd leer. En dan is die groot vraag of daar 'n promotor in Suid-Afrika is wat weet hoe om 'n goeie bokser se talent behoorlik te ontgin.

By die nuwe uitklopkoning, Mark Strydom is daar van styl bitter min sprake. Boks se skakelmense noem hom 'n ongeslypte diamant. Iemand wat sy loopbaan al van sy amateurdae af volg, sê hy's meer soos 'n baksteen.




Pierre Coetzer

## Piesangs!

Van 'n mening wat twee weke gelede in dié rubriek uitgespreek is, dat Natal die span in Suid-Afrikaanse rugby is wat die beste toegerus is vir die groot geleenthede, het daar ná verlede Saterdag net 'n verlepte piesangskil oorgebly.

62-6 is 'n telling waaroor selfs 'n Wallisser hom sal skaam. In Durban is daar ná verlede jaar se Curriebeker-eindstryd laas soveel drank verbruik. Dié keer het hulle gedrink om te vergeet.

Wat 'n mens darem ter versagting moet sê, is dat Noord-Transvaal se vertoning ontsagwekkend was.

Uli het nou wel die drieë gedruk, maar al agt voorspelers verdien ewe veel lof. Die groot verskil tussen dié wedstryd en hul voriges vanjaar, is dat hulle as eenheid saamgespeel het - amper soos Natal in laasjaar se eindstryd.

Die Noorde se vertoning laat 'n mens beslis moed skep vir die Bokke se hertoetrede tot die internasionale arena. Die Wallaby-agttal wat Wallis en Engeland so verniel het, sou nie so met die Bloues kon mors nie.

## Kan Smal-hulle die WP red?

Môre word die reeks om die Curriebeker hervat en die groot vraag is of die Westelike Provinsie 'n bedreiging vir Noord-Transvaal gaan inhou in die wedloop om die tweede plek in die eindstryd (as ons aanvaar Transvaal se plek is reeds bespreek).

Die twee spanne trek gelyk op die puntelys, maar die Noorde se vorm maak beslis van hom die vroeë gunsteling.

In die WP hoop hulle die terugkeer van Gert Smal, Tiaan Strauss en Faffa Knoetze bring die verlangde ommeswaai in die span se spelpeil teweeg.

Dat die WP in hul afwesigheid drie bekerwedstryde kon wen, grens aan 'n wonderwerk. (Dit was 'n keer of twee maar net-net, maar dis die bekerpunte wat tel).

Die feit dat Transvaal nog onoorwonne is, beteken elke wedstryd is van nou af van die uiterste belang vir die WP én die Noorde. Hulle ding regstreeks mee en 'n enkele nederlaag kan die einde van hul onderskeie beker-paadjies beteken.

Natal se kanse is nou bitter skraal. As hy môre teen die WP slae kry, is dit beslis verby met hom.

## Wallabies mik na die wêreldkroon

'n Totaal van honderd punte in net twee rugbytoetse is 'n uitsonderlike prestasie - mits jou teenstanders nie Roemenië of Japan is nie.

Australië het dit teen Wallis en Engeland vermag. Hoe beduidend dié uitslae was, sal ons volgende maand sien as hulle die All Blacks om die Bledisloe-beker pak.

Die Wallabies het vroeër vanjaar Nieu-Seeland se segetog gestuit maar die toetsreeks met 2-1 verloor. Hulle het verlede Saterdag baie skerp gelyk, maar die All Blacks is nie Engeland nie.

Volgende maand se reeks, wat uit net twee toetse bestaan, word as kleedrepetisie vir die reeks om die wêreldbeker beskryf.

In dié stadium lyk geen ander span toegerus om te verhinder dat die All Blacks die wêreldkroon behou nie.

In die eerste reeks om die wêreldbeker vier jaar gelede, was die Wallabies die oorweldigende gunstelinge en eerste gekeur, veral danksy 'n "Grand Slam" in Brittanje en 'n reeksoorwinning teen die All Blacks. Hul vertoning in die reeks was egter 'n groot teleurstelling.

Hulle is in die halfeindronde deur die Franse uitgeskakel en in die uitspeelwedstryd om die derde plek deur Wallis geklop. Dié keer kan hulle beslis beter vaar.

## DIE WEEK SE TV-SPORT

Drie belangrike Curriebeker-rugbywedstryde word môre beslis en twee van hulle word op televisie uitgesaai. M-NET SUPERSPORT wys die kragmeting tussen Natal en die Westelike Provinsie in Durban om 15:15 en die wedstryd tussen Transvaal en die Oostelike Provinsie kom om 15:30 op TV1 TOPSPORT aan die beurt.

Veral Natal se wedstryd teen die WP maak groot belangstelling gaande, omdat albei spanne se kanse in die beker-wedloop aan 'n dun draadjie hang. Die Natalliers sal boonop wil wys hulle het verlede naweek se rekord-nederlaag teen Noord-Transvaal verwerk.

Transvaal, wat nog onoorwonne in die reeks is, sukkel maar altyd teen die moeilike manne van die Baai. Hoewel die Rooibontes reeds byna verseker is van 'n plek in die eindronde, sal 'n nederlaag hul selfvertroue kwaai knou.

### DIE WEEK SE VOLLEDIGE SPORTPROGRAMME IS:

### SAUK:

Vrydag, 2 Augustus: 18:30 - Gillette World Sports Special.

Saterdag, 3 Augustus: 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne vanaf Clairwood; Tennis: ATP-reeks; Rugby: Die Curriebeker-rugbywedstryd tussen Transvaal en die Oostelike Provinsie in Johannesburg; Gholf: Amerikaanse PGA-reeks.

Sondag, 4 Augustus: TV1, 12:30 - Junior sport (heruitsending).

Maandag, 5 Augustus: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen; "The Road to Barcelona" (2)

### M-NET

Saterdag, 3 Augustus: Sal Insluit: Perdewedrenne vanaf Greyville; Rugby: die Curriebekerwedstryd tussen Natal en die WP; Motorsport: 'n Terugblik op die Duitse Grand Prix.

Sondag, 4 Augustus: 23:15: Tennis: ATP-reeks.

Dinsdag, 6 Augustus: 21:00: Gholf: Die Buick Ope

Donderdag, 8 Augustus: 18:00: The World of National Panasonic; 22:45: Krieket: die beslissende toets tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande.

# Snoeker is g'n *kroegspel* nie

## ...en Francisco s'n ís langer as Riley s'n!

Snoeker is een van Brittanje se gewildste televisie-sportsoorte, maar in Suid-Afrika het dit in die verlede maar min byval gevind. Deels omdat die gehalte nie altyd waffers was nie en deels weens die persepsie dat dit 'n kroegspel is waarin geluk 'n groter rol speel as vernuf. In 'n poging om dié skewe beeld te verander, het 'n paar top-spelers mekaar onlangs in 'n reeks vertoonwedstryde by Nasrec aangedurf. **ALBERT MARITZ** *was daar*

"Myne is langer as joune," sê Peter Francisco vir Peter Riley terwyl hy oor sy snoekerstok se verlengstuk streel.

Die plek is 'n sportsaal by Nasrec, die geleentheid 'n vertoonwedstryd om snoeker te bevorder.

In die styl van 'n wafferse "hustler" teug Riley om die beurt aan sy bier en sy sigaret. In snoeker is jy halfpad daar as jy jou teenstander kan laat glo sy meesterlike skote maak geen indruk op jou nie.

Almal weet 'n speler kan 'n spel klaarmaak sonder dat sy teenstander 'n enkele kans kry. Die ou wat op sy speelbeurt wag, sit dan en tuur die verte in, asof hy geen kwelling in die wêreld het nie. Maar sy gestyfde boordjie en sy handpalms is nat van die sweet.

Hy hoop heimlik dat hy nooit weer hoef te speel nie ...en dan verbrou sy teenstander onverwags 'n skoot.

Riley se nonchalante houding kon natuurlik nie sy ervare teenstander van stryk bring nie. Te oordeel na Francisco se maklike sege, wás sy verlengstuk inderdaad langer as Riley s'n.

Omdat die sportsoort bra onbekend is - en in baie kringe nie eers as 'n sportsoort beskou word nie - daag min toeskouers gewoonlik op.

Die publisiteit was egter goed en die mense wou straks sien hoe vaar die internasionaal-bekende Francisco in die hoof-skouspel van die aand teen ons eie beroepskampioen, Francois Ellis.

Met die tafeltjie wat soos 'n miniatuur-rugbyveldjie onder die skerp lig lê, doen dit nogal nie vreemd aan dat die plaaslike publiek om 'n denkbeeldige middellyn saampak nie. So al asof hulle verwag dat Naas enige oomblik gaan opdraf om een van daardie harde balletjies vernuftig met die binnevoet in die hoeksak te sink.

Op die "middellyn" kan jy net drie van die ses sakke ordentlik sien. Ou snoekerhande sit waar hulle kan sien waar al die balle lê en hoe die skote in die sakkies beland - of verbrou word.

In Suid-Afrikaanse snoeker was verbroude skote aan die orde van die dag nadat die Francisco's van Kaapstad - die broers Manuel en Silvino, en Manuel se seun, Peter - groener snoekertafels oorsee gaan soek het.

Sedertdien was dié drie se doen en late in Europa snoekergeesdriftiges hier se enigste bron van opwinding.

Silvino het hom onder die wêreld se twintig bestes gevestig, maar sy eie naam groot skade aangedoen deur 'n teenstander van die gebruik van verbode middels te beskuldig.

Hy is met derduisende dollar beboet en in die oë van die publiek was hy 'n verloopte man. Hy is later reg bewys... maar die publiek ook. Sy opmars na wêreldroem was verby. Voortaan sou hy verbete aan sy posisie op die ranglys moes klou.

Sy seun Peter het ons nuwe trots oorsee geword en is tans negentiende op die wêreldranglys.

Dis dus g'n wonder dat die skare by Nasrec die grootste was wat nog in Suid-Afrika kom snoeker kyk het nie.

Die gedagte was dat Francisco eers teen Riley sou opwarm voordat hy Ellis - 'n ou aartsvyand op die snoekertafel - sou pak. Daarna sou hy die skare met 'n paar vernuftige skote vermaak.

Uiteindelik moes hy toe veel harder werk vir sy oorwinning oor Ellis as wat vooraf verwag is. Die manne was na vier van die vyf potte gelyk met twee-elk, voordat Francisco die wedstryd in die laaste pot kon beklink. Ellis het ook 'n bietjie van die kalklig met 'n klompie asemrowende skote gesteel.

Waarom het Francisco nie makliker gewen nie? Hy is immers 101 posisies bo sy teenstander op die wêreldranglys en Ellis speel nie eers voltyds snoeker nie.


Wel, spelers benader 'n vertoonwedstryd anders as een in 'n toernooi. Hier probeer jy nie om sake vir jou teenstander so moeilik moontlik te maak nie. Jy skiet die balle met die breek wyd oop en daarna pot jy alles wat voorkom - selfs wanneer dit beter sou wees om veilig te speel.

Boonop is Ellis ook heelwat beter as wat sy ranglys-posisie aandui. As hy meer gereeld in die buiteland deelneem, sal hy straks ook vinnig 'n plekkie onder die wêreld se bestes oopspeel.

By Nasrec het albei spelers snoeker van uitvoer-gehalte ten toon gestel, al was net hul eer op die spel. Met die nuus dat daar vanjaar 22 nuwe beroepspelers in Suid-Afrika bygekom het, wil dit lyk asof die sportsoort 'n ongekende bloeitydperk beleef.

Ellis meen meer diepte sal die algemene spelpeil in die land laat verbeter, en hopelik meer toeskouers lok.

Die dag wanneer Suid-Afrikaners om die kassie saampak, gewapen met Castles, grondboontjies en biltong, en luidkeels juig wanneer Francisco of Ellis 'n oorsese teenstander die loef afsteek, is dalk nie meer ver nie.




Francois Ellis, wat Dinsdag na Stoke-on-Trent vertrek het om aan die snoekertoernooi om die wêreldtitel deel te neem (Foto: Albert Maritz)

## Tennis het Ellis vir snoeker gebrei

Francois Ellis, Suid-Afrika se beroeps-snoekerkampioen, wat Dinsdag na Stoke-on-Trent vertrek het om aan die toernooi om die wêreldtitel te gaan deelneem, sou ewe maklik 'n tennisster van naam kon gewees het.

As leerling aan die Hoërskool DF Malan in Bellville het hy nie 'n enkele ligawedstryd verloor nie! Sy talent was só opvallend dat die skool sy tennislesse by een van die land se voorste leermeesters, Gerrie Berner, geborg het.

"Hulle het gesien die laaitie het iets. Dit het baie vir my beteken. Tennis is die allerbeste sportsoort om jou 'ball sense' te laat ontwikkel," sê hy.

Maar naweke en vakansies - mits daar nie tennistoernooie was nie - het hy by sy ouma in Parow gebly. Naby haar huis was 'n eetplek met vier snoekertafels, waar hy gekyk hoe die manne speel. Hy het toe al besluit hy wil dié spel bemeester.

Later is hy gereeld na Montana se snoekerklub toe, waar hy af en toe 'n paar balle in die donker rondgeskiet het ('n mens betaal om die ligte te laat aanskakel).

"Terwyl ek nog in standerd ses was, het ek in 'n skoolvakansie regtig begin speel. Cijs van Dijk, die eienaar van die snoekerklub, was destyds die Westelike Provinsie se nommer drie en aan die begin het hy my 'n voorsprong van veertig punte gegee.

"Teen die einde van die vakansie het ek al potte teen hom begin wen - sonder die voorsprong."

In daardie dae het hy ook vir Peter Francisco en sy pa, Manuel, leer ken. "Ek en Peter het een keer gespeel en ek het hom goed verniel. Sy pa het niks daarvan gehou nie en wou nie hê ons moes weer speel nie."

Ellis sê hy het destyds nogal baie sakgeld verdien deur klubspelers in die A-liga uit te daag.

Dit was egter eers as lugmagrekruut in Pretoria dat dinge werklik vinnig vir hom begin gebeur het.

"Ek was steeds vas van plan om my op tennis toe te spits, maar toe wen ek al wat snoekertoernooi is in Noord-Transvaal en Bobby Grace oortuig my dat dit die sportsoort vir my is."

Sedertdien het hy die SA amateurtitel, die SA Spele-titel, die SA beroepstitel (drie keer), die SA Meesterstitel en nog vele ander gewen.

Sy internasionale loopbaan wou egter nog nie op dreef kom nie. Hy het al nege keer oorsee deelgeneem, maar sonder noemenswaardige welslae. "Ek het darem al die Australiese beroepskampioen, Warren King, geklop."

Dié maand kry hy nog 'n kans wanneer hy die wêreld se bestes pak. Die volgende deurbraak lê dalk om die draai.

# kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Cathy by (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## PERSOONLIK

**KANS VAN 'N LEEFTYD**

Geskeide moeder vertel hoe sy maklik R82,000,00 per jaar verdien. My naam is Logan Powers. Wil u graag R4000,00 - R7000 per maand tuis of in u vrye tyd verdien? Dit maak nie saak waar u woon of watter onderrig u gehad het nie. U het my persoonlike waarborg dat u finansieël sal baat. Vir hierdie eksklusiewe inligting, stuur asb. 'n self geadresseerde koevert aan: Logan Powers, Posbus 789, Standerton, 2430

## VERBLYF

Woonstelmaat gesoek in Rondebosch, verkieslik werkende gegradieërde in sy/haar 20's. Bel Charl by Tel: (021) 25 4850 x 2149 (weeksdae 4 nm-12:30 vm) of 685-2080 (Saterdag)

OBSERVATORY - Te huur: Ruim kothuis pas deur argitek gerestoureer. Eienaar vertrek oorsee. 5 Kamers & woonkamers, binnehof agter. Hoogstens 3 mense. R1 250 p m vanaf 1 Julie. Tel: (021) 476613

## DIENSTE

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000. Established by the Church of Scientology in 1969.

Proeflees, Vertaling, Redigering - Skakel (012) 343-9370 (na-ure)

**ACCESS COLLEGE RANDBURG**

Training people with disabilities.
Courses available:
* Computer Courses
* Clerical
* Secretarial
* Typing
* Bookkeeping
* Accounting

Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991.
Tel: (011) 787-0275

**CITY COLLEGE**

7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.)
Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

**DRESSMAKING & DESIGN**

BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

**TIK- EN VERTAALWERK**

Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**

Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

**POWA**

(People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

**VISUAL ART COURSES**

Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## GEBEURE

Johannesburg Studio Route Arts and Crafts. Open to the public - Sunday 28 July, maps available from Exclusive Books or phone (011) 646-3742

## MARK

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition.
Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00


**STET STET STET**

Laat God U seën op hul daal
Stet (6:4) het 'n (hele) rukkie gelede verskyn.
Stuur 'n tjek of posorder van R6 aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

**Kashgar**

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68,
The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

**TARIEF:**
R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN




Om by te bly met die vinnig veranderende tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:

**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam.......................................................................

Adres.......................................................................

..............................................................Poskode................



## Hokaai !

Ek hou daarvan om by my venster te sit
En na buite te kyk - in die Carletonville son in
Ek hou daarvan om my oë te verblind
as ek lank in die son in staar
Dis Pase op Carletonville
buite hang die wolke - 'n groot grys dop
en pa het sy hare alles afgeskeer
pa het vandag 'n pienk kaalkop

Pa sit in die voorkamer
Hy sê: kom sit by my kinders,
daar's iets wat ek vir julle moet vertel
Maar hy sit vir hoe lank nou al
voor die toetspatroon op die TV-stel
en ma lê vir twee dae al op die dubbelbed
in haar beste blou rok
met haar beste blou skoene
tussen lilac lakens met blou violets daarop

En bokant haar hang die portret
wat pa gister omgedraai het
dis 'n foto van ma toe sy 'n bruid was
pa se groot hand op haar skouer
en hulle hou saam die mes vas
hulle sny saam die bruidskoek
en as ek luister kan ek hoor
hoe pa saggies fluister:
jy's my duifie, my diertjie, my drome
en jy bly by my

En Pa sê pa weet van alles
van wat goed is, van God en gebod
en pa weet alles wat ek nie weet nie
Hokaai! Hokaai!
Want daar staan Pappie nou in die deur
met sy R1 outomatiese geweer
ek sien hoe dit alles gebeur
in slow motion

Pa begin praat, hy sê
julle moeder het 'n migraine vir God weet hoe lank
nou al
en alles wat ek eens geglo het
die government die kerk en julle ma
het vir my gelieg en bedrieg
en ek moet wegvat wat nooit myne was nie
ek moet vat wat ek nooit gehad het nie
daar's nie meer plek in die land
vir 'n man en sy gesin nie

En buite flap die droë wasgoed
saggies op die draad
en die Carletonville-son skyn bleek
deur die kantgordyne
en pa se kop is kaal en blink
die brandewyn is leeg gedrink
en pa sê: ek los julle nie
ek vat julle saam net waar ek gaan
my duifies, my diertjies, my drome

(Lirieke: Christo Leach; Jennifer Ferguson. Musiek: Jennifer Ferguson)

# My duifies, *my diertjies*, my drome

Die gevierde fotograaf **David Goldblatt** het dié foto van *Jennifer Ferguson en haar seun Ralph Black Ferguson* geneem vir die plakkaat van Ferguson se jongste aanbieding, **So/Lo**, wat van Maandag tot 24 Augustus in die Laager by die Mark-Teater op die planke is. Dié liedjie is geskryf deur Ferguson en die Mamu-spelers se veelsydige teaterman Christo Leach, wat talle van haar liedjies geskryf het. *VWB-lesers* is geregtig op 20 persent afslag op kaartjies vir die vertonings. *Bel vir Tracy Cahill by (011) 832-1641 om kaartjies te reël.*

# Só 'n Susanna kry jy nie *aldag* nie

**HENNING VILJOEN** resenseer die Roodepoort Stadsopera se opvoering van *Le Nozze di Figaro* deur Mozart

GETROU aan die leuse "the show must go on" het Roodepoort Stadsopera vir 'n baie genotvolle aanbieding van *Le Nozze di Figaro* gesorg, ondanks al die intriges wat die openingsaand voorafgegaan het. Die aanvanklike regisseur, Angelo Gobbato, het na 'n paar repetisies sy tasse gepak en teruggevlieg Kaap toe - waarom weet niemand nie (en dié wat weet, wil nie sê nie). Hy is toe vervang deur Dawie Couzyn, wat ook die rol van Antonio in die opera sing.

Ter elfder ure was daar ook nog 'n geskarrel om 'n Gravin te kry, want gerugte wil dit hê dat die oorspronklike Gravin nie die musiek geken het nie. Dit sê nie veel vir sangers wat kla hulle kry nie werk nie - en as die geleentheid hom voordoen dit dan nie kan benut nie.

Die tradisionele regiekonsep van Dawie Couzyn en uiters funksionele ontwerpe van Carel van der Westhuizen sal sekerlik die puriste bevredig wat so gekerm en gekla het oor Francois Swart se vernuwende en vir my persoonlik baie stimulerende regiekonsep vroeër in Durban vanjaar, waar hy die opera in die moderne tyd laat speel.

Musikaal was dit 'n heerlike aanbieding, met veral 'n briljante vertolking van Sanet Allen as Susanna. Met haar uitstekende stemvoering, stylvolle frasering en sprankelende spel is sy een van die beste Susannas wat ek nog op 'n plaaslike verhoog beleef het.

As die Gravin het Joan Wilken 'n uitsonderlike prestasie gelewer deur nie net die rol op kort kennisgewing te bemeester nie, maar sy het ook 'n uiters musikaal verantwoorde vertolking gegee. Te oordeel na haar skitterende vertolking van Hansie verlede jaar behoort die rol van Cherubino Lize Thomas uitstekend te pas, maar daar skemer tans ongelukkig tekens van tegniese probleme deur omdat dit te veel klink asof haar stem net wil deurslaan.

Dis voorwaar 'n weelde om die veteraan Hans van Heerden so kort op die hakke van 'n uitmuntende Leporello nou weer as die seepgladde Figaro te kon beleef, asook om Anton Diakov as Bartolo te kon hoor. Charl van Heyningen het eweneens baie in sang en spel beïndruk as 'n oortuigende Graaf en gewys hoe 'n sanger van een opera ná die ander kan groei as 'n mens aan sy Don Giovanni van 'n paar weke gelede dink.

Onder die kleinere rolle, wat almal goed beset was, is dit veral die jong tenoor Kobie van Rensburg wat opgeval het met sy aanvoeling vir 'n komiese rol - hier is beslis 'n uitstekende sanger in wording.

Weiss Doubell en die Pro Musica-orkes het met 'n idiomatiese Mozartstyl en sprankelende spel die sangers aangevul. Dis net jammer dat niks aan die uiters swak Franse horings, die Achilleshiel van die orkes, gedoen kan word nie. Dit sou selfs beter wees om hulle liefs uit die partituur uit te skryf, as wat wonderlike musikale oomblikke telkens deur hulle beduiwel word.


*die week by die*

## MARK-TEATER

**MARK-TEATER**

**MANNIE MANIM PRODUCTIONS**

*bied aan*

Athol Fugard se

MY CHILDREN! MY AFRICA!

"A giant of a work ... a most memorably stimulating event" - GM The Star Tonight!

Met John Kani, Cathy-Jo Ross, Raphulana Seiphemo

Ma tot Vr 8nm, Sa 6nm en 9nm

**UPSTAIRS BY DIE MARK**

The Market Theatre Company

bied aan

THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE

Regie deur Gerrit Schoonhoven

*Met Michelle Burgers, Melinda Ferguson, Warrick Grier, Thulane Gxubane, Duncan Johnson, Michael Maxwell, Cindy Sampson, Irene Stephanou, André-Jacques van der Merwe*

Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9.15nm

DIE LAAGER

STANDARD BANK KUNSTEFEES - GRAHAMSTAD-HOOGTEPUNTE

DET Boys High

Survival

The Dogs Must be Crazy

Tot môre

## KIPPIES BY DIE MARK

VUSI-KHUMALO-KWINTET

*Di tot So*

*Ingang Di tot Do - R10, Vr tot So - R12*

*Tot 11 Aug*

VLOOIMARK

*Van 9vm tot 4nm*

**MARK-GALERYE**

Thomas Nkuna en die SA Vereniging van Joernaliste

Van Ma: Katlehong Kunssentrum

TELEFOON (011) 832-1641

*Bespreek by Computicket*

*H/v Bree- en Wolbuterstrate, Newtown, Johannesburg*


# Pirates must *face* the music

Are you in the habit of taping records bought by your friends? Then beware - it could cost you dearly. **PITSO TSHUKUDU** reports on the drive against music pirates

MUSIC pirates beware!

A special police unit and an independent anti-piracy music organisation are out to get you.

If you are taping music - even if it's for your own personal listening pleasure - stop. You could be sentenced to a R5 000 fine or three years in jail, or both, per cassette recorded.

According to research, about 20 million blank cassettes were bought by the public during 1990. If one estimates that 95% of these were purchased primarily for the purpose of copying music, this would mean that the potential loss incurred by the music industry - taking an average approximated retail price of R30 per retailed music cassette - is about R6 000 million per year.

One can therefore understand why ASAMI (Association of the South African Music Industry) has dedicated a major part of its operations to identifying and eliminating the act of piracy.

The caution that "Home taping is killing music... and it's illegal" on albums sold in South Africa largely falls on deaf ears.

According to ASAMI established black singers are the hardest hit. High on the list of victims are Chicco, Brenda Fassie, Stimela, Splash, Rebecca Malope, Yvonne Chaka-Chaka and Peta Teanet.

As far as the Copyright Act 98 of 1978 is concerned, if you ask a friend who has just bought Anikulapo Fela Kuti's latest album whether you may copy it on tape, you have illegally obtained the works of a recording artist and you are liable for prosecution in a court of law.

Thousands of pirates throughout Africa - ranging from 12-year-old kids to 50-year-old professionals - daily contravene the copyright act.

Most music pirates rake in millions of rands with impunity. Between 1981 and 1986 dealers in pirate copies cost the industry between R350 to R450 million. This excludes home taping by pirate individuals. The collective cost could be over R5 000 million.

Besides the turnover loss, there is also a corresponding loss of about R50 million in GST to the state. Some say the loss over the last nine years could be a billion rands.

ASAMI says there are three categories of piracy. The first includes ordinary people who borrow an album from a friend for personal use. The second category concerns a basic form of counterfeit - individuals who sell cassettes with badly photostated inlay covers to friends at school or at flea markets, shebeens, taxi ranks and train stations.

Three basic sizes of operation have been identified in this category. The first is usually a one-person operation functioning from a private home and running off up to 100 pirate copies a day. The second is a medium operation - usually a shop-owner who conducts his operations in the backyard of his premises and runs off between 100 and 500 pirate copies a day.

The third group is the biggest - well-organised operations that use runners to distribute between 500 and 1 000 pirated cassettes per day for sale.

The guilty parties sell their wares in shopping centres, restaurants, clubs, discos, hotels, hostels, tour buses, hairdressing saloons, waiting-rooms, public taxis and gyms.

Since its anti-piracy drive was started in September 1987, ASAMI has won six civil cases against pirates in the Supreme Court and 52 criminal cases in magistrate's and regional courts. The central Transvaal, Northern Natal and central Free State have been identified as the areas with the biggest concentration of large-scale piracy offenders.

Between January and December 1990 ASAMI caught 28 practising record pirates. During the same period it won 24 criminal cases and one civil case against music pirates. The process of prosecution can be lengthy one, with the average case being postponed at least two to three times before sentence is passed. To date ASAMI has not lost one.

How severely are copy-right offenders punished? In Pretoria two operations were recently uncovered. The first offender was caught with 335 copied cassettes (plus two high-speed duplicating machines) and received a sentence of a R13 200 fine or five years in prison. The second offender was caught with 622 copied cassettes (plus one high-speed dubbing machine) and was sentenced to a fine of R15 000 or eight-and-a-half years in prison.

It's not illegal to own a dubbing machine - but if you put it to illegal use you may be prosecuted and the machine will be confiscated.

# 47 000 uur se *volkskultuur*

Die **Volkstapisserieë-Projek 1991** word nou in Johannesburg ten toon gestel. **JOHAN BRUWER** *loer in*

WAS jy bang ons gaan nooit wegkom uit die Nuwe Suid-Afrika nie? Ontspan! Die Ou Suid-Afrika is hier. Dis pas deur tannie Elize Botha geopen in die Total-Galery in Braamfontein, Johannesburg, en dit word gesteun deur twee stewige pilare - die SA Vroue-Landbou-unie en die SA Wolraad.

*Dis* vasgelê in die vorm van 40 Volkstapisserieë in Ons Wondervesel, Wol. Dié Volkstapisserieë is geskep danksy die skerpsinnigheid van die twee beskermliggame, wat onlangs 'n Kulturele Leemte in die land raakgesien het: "Stap in Europa, of enige ander Westerse land of in die Ooste by een van hul voorste geboue in, en jy sal van hul kosbare tapisserieë sien. Sekerlik sal jy hierdie kultuurskatte in die museums en kunsversamelings sien. Maar in Suid-Afrika is sulke tapisserieë byna nêrens te sien nie, altans nie wat volksbesit is nie. Ons enigste volkstapisserieë is waarskynlik dié in die Voortrekkermomument."

Wat is 'n volk sonder Volkstapisserieë? Dis soos om 'n Nuwe Suid-Afrika te probeer hê sonder dat daar werklik 'n Oue was. Om die leemte te vul, is die Volkstapisserieë-Projek 1991 vlytig aangepak deur die SAVLU se borduursters in 61 takke landwyd. Die volledige Kulturele Erfenis van die Ou Suid-Afrika is met altesame 47 000 uur se borduurwerk uitgebeeld: Tuynhuis, Overvaal, kakebeenwaens, Statebybels, varkblomme, volkspele, NG Kerke, Nasionale Botaniese Tuine, die Makwassiestasiegebou (opgerig 1918) en Alusaf (Pionier Industrie van Richards Bay wat Verrys het van Moeras na Beskawing en die Hele Gebied Verlig het deur Werk en Stabiliteit te Bring: Paneel 1 Simboliseer Produksie; Paneel 2 Mense; Paneel 3 Produkte en die Belangrikheid van Eskom; en die Randpatroon wys Inheemse Flora en Fauna).

Dié Kulturele Erfenis word in diverse variasies geskommel en herhaal, met vir afwisseling hier en daar maroelabome, springbokke, myne, standbeelde van Boerehelde, ens.

Die Ou Suid-Afrika is ryk geskakeer - minstens 20 kleure wol in 51 skakerings - en nie bang om sy Kulturele Verskeidenheid te erken *nie*. *Vide die sierlik ges*tileerde uitbeelding van drie Ndbele-vroue in Etniese Drag ("wie se Gewoontes en Leefwyse bestudeer kan word in die Botshabelo Museum geleë noord van Middelburg").

Vide die Maleierkoor jolig voor Leeuwenhof ("Leeuwenhof is een van die Oudste Kaapse Herehuise en Woning van Kaaplandse Admistrateurs; die Maleiergemeenskap se ryke kultuur is aanvullend tot ons Groot Erfenis").

Vide die swart werkers in wit oorpakke by Alusaf.

Vide die uitbeelding van Namibia se landswapen deur die VLU-tak Windhoek? (Freedom, Equality, Justice? Wag, kom ons hang dit liewer om die hoekie.)

Wat maak 'n volk se kultuur? Tyd, Arbeid, Simboliek (wat verskeie Fasette kan insluit) en Simmetrie, sê die Volkstapisserieë:

* Tyd: Kultuur in die Ou Suid-Afrika is in die eerste plaas Oud. Dit bestaan meestal nie in die teenwoordige tyd nie, maar in die verre verlede (net nie verder as 1652 nie, dan is dit nie meer Kultureel nie). Die Goue Reël is: as 'n boustyl, voorwerp of kledingstuk sedert 'n eeu gelede nie meer gebruik word nie, is dit beslis Volkskultuur.

'n Kulturele Bouwerk is dus nie die Hillbrow-toring nie, maar die Eerste Hotel in Pinetown, Geleë Waar die Huidige Biblioteek Nou Staan. 'n Kulturele Byeenkoms is nie 'n rock-fees op Ellispark nie, maar 'n Oesfees in die Kaap in 1789. 'n Kulturele Vakansie is nie Durban 1991 nie, maar die (spierwit) Vakansiekamplewe by Kleinmondstrand in die Begin van die Eeu, digby "Homestead", die Oudste Huis in Kleinmond, Gebou in 1860 deur Ds PK Albertyn.

* Nywerheid: Hoewel Kulturele Ontspanning altyd in die Verlede plaasvind (byvoorbeeld Volkspele), word eietydse bedrywe wat arbeid en wins behels ook as Kultuur erken.

Paaie is byvoorbeeld Kultureel, want hulle tem die woeste landskap tot beskawing, wys die SAVLU-tak Strubenhof met die tapisserie "Indruk van SA Landskap, Geïnspireer deur die Viervlak-Wisselkruising te Westville, Natal."


En as 'n nywerheid, hoe jy ook al daarna kyk, nie té opsigtelik Kultureel lyk nie, máák jy dit kultuur deur die arbeid wat jy in die uitbeelding daarvan sit. Veertien borduursters van die Women's Institute van Richards Bay het byvoorbeeld 10 000 uur geborduur aan die Alusaf-aanleg, waarvan die drie panele deur die silwer kragdrade van Eskom verbind word. Arbeid adel.

* Simboliek: Enige voorwerp kan Simbolies wees, mits mens dit uit die konteks haal waarin dit normaalweg voorkom. As 'n boek langs 'n Nasionale Botaniese Tuin lê, simboliseer dit "Opvoeding vir Bewaring". As 'n vis in die lug hang, soos in die SAVLU-tak Belfast (14 borduursters, 635 ure) se "Onstuimige Wolke van 'n Somer Donderstorm, maar ook die Helder Sonskyn van die Helderblou Winterlug", is die kyker nie op 'n trip nie: dit Simboliseer die Forelboerdery in dié omgewing.

Saam met die Simboliek hang soms Fasette - soos in die VLV Strand se tapisserie van Volkspele: "Volkspele is 'n Kleurvolle Faset van ons Volkskultuur en deur die Dansers voor die Herehuis Nederburg in Stellenbosch te plaas, Kombineer ons dié Faset met ons Argitektoniese Erfenis." (Ses borduursters, 658 ure.)

En ons Argitektoniese Erfenis kan nogal eienaardige Fasette hê, soos in die SAVLU-tak Meyerspark, Pretoria, se tapisserie van Overvaal (12 borduursters, 754 ure): "Overvaal, Amptelike Administrateurswoning, Omrand in die Etniese Kleure en Patrone van die Swart Volke van Transvaal, Versinnebeelding van Afrika, Afgerond in die Kleure van Transvaal se Wapen in Elk van die Vier Hoeke." (Hannes Meiring het dié een ontwerp, vra hom liewer hoe Overvaal Afrika simboliseer.)

* Simmetrie is die maklikste manier om Kultuur te skep. Beeld enigiets uit, soos 'n mikroskoop (wetenskap), 'n blom (flora) of 'n krokodil (fauna), en maak net seker in die ander hoek is 'n spieëlbeeld daarvan, of ten minste 'n ewe groot los voorwerp.





Die Volkstapisserieë hang nog tot 9 Augustus in die Total-Galery. Daarna word hulle goed vir die nageslag bewaar (Moet Asb Nie Aanraak Nie), belowe die SAVLU. "Volkstapisserieë kan nooit privaatbesit word nie - dit bly vir alle tye volksbesit net soos Tafelberg of die Kruger-wildtuin en moèt hang waar dit deur mense gesien word."

En noudat die borduursters gekonfyt is in al die Fasette van Volkstapisserieë kan 'n mens méér Kultuur verwag. Ons staan op die drempel van 'n revolusie, sê tannie Elize - 'n revolusie in die borduurkuns.

En dis 'n goeie ding, want dis baie terapeuties. Toe hulle een keer 'n moeilike tyd as gesin moes deurmaak, sê sy, het sy 'n toneel sommer so uit haar kop geborduur en dit het haar gemoed gekalmeer. En toe sy en haar man later oorsee gaan, kom sy in Portugal en kyk by die venster uit - en dáár sien sy die identiese toneel!

# *Strokiesprente:*
# Letterkunde vir die ongeletterdes

**Nie te lank gelede nie het opvoedkundiges nog hul neuse opgetrek vir die populêre strokiesverhaal *(oftewel "comic")*. Vandag word egter al hoe meer besef hoe 'n kragtige opvoedkundige medium dit kan wees in 'n land soos Suid-Afrika, waar meer as die helfte van die bevolking nie kan lees of skryf nie. Baanbrekerswerk word nou gedoen deur die Storyteller-groep van Johannesburg om geletterdheid deur middel van strokiesverhale te bevorder, skryf LAETITIA POPLE**

WAT het geletterdheid en strokiesverhale gemeen? Niks, het opvoedkundiges lank gemeen in die jare toe strokiesverhale as ligsinnige vermaak beskou is. Maar die prentjie begin nou verander - wêreldwyd word strokiesverhale nou al hoe meer ingespan om 'n opvoedkundige rol te vervul.

Die strokiesverhaal met sý maklike verstaanbare kombinasie van beeld en woord is 'n magtiger medium as wat algemeen besef word. In Mexiko, byvoorbeeld, word 500 miljoen strokiesverhale jaarliks gedruk - en een strokiesverhaal word deur gemiddeld 7 mense gelees. In dié land het dit 'n gewilde inligtingsmedium vir pamflette oor gesondheid, voeding en geboortebeperking geword.

In Suid-Afrika, waar meer as 50 persent van die bevolking glad nie kan lees of skryf nie en 1 miljoen swart kinders tussen 7 4n 16 jaar geen onderrig ontvang nie, word die moontlikhede van die strokiesverhaal as opvoedkundige medium nou ook benut.

Die Storyteller-groep van Melville nou al die laaste paar jaar baanbrekerswerk op dié gebied.

Een miljoen eksemplare van hul strokiesverhaal *River of Our Dreams*, 'n vollengte-opvolger van hul reeks *99 Sharp Street* is al in Suid-Afrika versprei.

En so pas het Sol Plaatje se *Mbudi* as strokiesverhaal die lig gesien - gemik op nuwe lesers van alle ouderdomme.

Storyteller glo dat die grootskaalse verspreiding van populêre literatuur op dié manier kan van onskatbare waarde wees om geletterdheid aan te help en nuwe lesers aan te moedig om nie weens die tekort aan toeganklike leesstof op te hou lees nie. Om 'n populêre literatuur daar te stel, moet die leser op 'n toeganklike, relevante manier aangespreek word, sê dié groep.

Die karakters in hul strokiesverhale is daarom gewone mense wat hulle in bekende situasies bevind. Die anachronistiese superhelde wat die wêreld te hulp snel, word vervang deur 'n getroue uitbeelding van die samelewing. Die "helde" is tieners wat in Hillbrow grootword. Almal word realisties geskets en is "streetwise". Daar's die "joller" wat hou van meisies en rap-musiek en daar's 'n stiller, toegewyde meisie wat graag 'n dokter wil word. Hulle ontvang hul skoolopleiding onderskeidelik by Stride Universal College en 'n veelrassige kloosterskool. Op dié manier word jong lesers gestimuleer om kritiese vrae te vra oor die onderwyssituasie waarin hulle hulle bevind.

Met verloop van die verhaal sien die leser dat Lebo graag lees en ook goed presteer in sy skoolwerk. So sien die leser dat dit moontlik is om probleme op eie houtjie of saam met ander op te los - jy hoef g'n superheld te wees nie.


Omgewingsbewustheid word aangewakker deur die stigting van 'n organisasie om besoedeling te bekamp. Die dialoog word kortliks aangebied in 'n spraakborrel sodat 'n nuwe leser nie gekonfronteer word met 'n woorddigte bladsy wat hy sukkel om te ontsyfer nie. Daarby help die sketse - die groot krag van die prenteverhaal - die nuwe leser om die situasies en die dialoog te begryp. Die karakters kommunikeer in die omgangstaal, met uitdrukkings soos "Sharp, Nca en Heyta Ngwenya" waarmee die tweedetaal-lesers hulle makliker kan vereenselwig. Die prenteverhaal word ook maklik uitgeruil onder lesers.

Agter elke verhaal lê ure en ure se intensiewe navorsing. 'n Span navorsers het weke lank onderhoude gevoer met die inwoners van Hillbrow. 'n Filiaal-maatskappy, Ngwenya Communications, is spesiaal gestig om bronmateriaal te verskaf. 'n Paar swart skrywers en kunstenaars word gereeld afgevaardig om nuwe stories te ontwikkel. Deurgaans word die beginsel van toegepaste kuns beklemtoon: kunstenaars en skrywers moet vertroud wees met die lewensomstandighede van hul populêre gehoor.

Die beklemtoning van noukeurige besonderhede kan gesien word in byvoorbeeld die manier waarop Thandi (van Natal) haar drasak se handvatsels oor haar skouers dra - soos dit gedra word in landelike gebiede waar groot afstande afgelê word. Haar hare is ook op 'n ander manier gevleg as dié van die meisies in die stad. Om die verhaal (*River of our dreams*) so lewensgetrou moontlik te maak, is 'n paar werkwinkels gehou met 'n groep leerlinge van die Hoërskool Barnato Park in Johannesburg. Baie van die dialoog en gebeurtenisse is gegrond op rolspele wat die leerlinge gedoen het.

Die reaksie op die strokiesverhale het gou ingestroom van jong en ouer lesers. Die gebruik van omgangstaal en die lesers se vereenselwiging met karakters is veral aangeraak. Die groep het ook talle briewe van onderwysers, geletterdheidsklasse wat pleit om meer materiaal. Sowat 200 groepe gebruik tans The River of Our Dreams op verskillende maniere. Dit is intussen ook in Afrikaans vertaal en word al deur geletterdheidklasse vir moedertaalsprekers gebruik. Die bestuur van die Umgeni-rivierreservaat gaan byvoorbeeld die verhaal gebruik om die plaaslike debat om omgewingsprobleme te prikkel. Die Universiteit van die Witwatersrand het 'n spesiale navorsingspos geskep wat die doeltreffendheid van populêre strokiesverhale se aanwending vir geletterdheid sal ondersoek.

Die stigter van Storyteller is Neil Napper, wie se belangstelling in die strokiesverhaal en jeugkultuur geprikkel is tydens sy termyn as raadgewende redakteur van Junior Bob Magazine. In dié hoedanigheid het hy maande bestee aan die navorsing van die geskiedenis en gebruike van strokiesverhale. Sy slotsom: strokiesverhale is die sleutel tot massa-kommunikasie. Sy strewe is om die noodsaaklikheid van aanhoudende kommunikasie te beklemtoon. Daarvoor is strokiesverhale ideaal en die lees daarvan het verreikende gevolge. Daardeur kan lesers toegerus word met lewensvaardighede en 'n kritiese houding. Peter Esterhuysen is die mededirekteur, 'n voormalige tweedetaal-onderwyser met 'n nagraadse kwalifikasie in die Afrikaletterkunde. Die populêre mondelinge verteltradisie (Die ruggraat van Storyteller) in Suid-Afrika is veral sy belangstelling.




Hier volg 'n paar uittreksels uit die talle briewe wat The Storyteller-groep ontvang het, wat duidelik wys van watter onskatbare waarde dié projek is.

**GERTRUDE MODIBA:**
"I like the way you have wrote your story because it goes step by step. And the pictures that appears on the book they shows me strictly the thing that you are talking about."

**PILISWA NKOSANA:**
" (the) pictures they are interesting even matric level I gain a lot of English and it gives me a picture of something that is happening nowadays"

**MAURICE JIYANA:**
"I am a school boy and I like to read the story just like that. Even the way to put your picture and "tsotsi taal" that will be used, I am so very glad if this story will continue. To study a story like that one you will get more experience towards the life."

**MISHACK MATHATHA:**
"If you agree to it you may give me that book every month. Because I like to read stories and gain some good things to it and get some jokes."

# Leer *word* lekker




'n Uittreksel uit Ezekiel Mphahlele se *Down Second Avenue*




Sloppy, die gewilde strokieskarakter in die tydskrif *Learn & Teach*

DIE opvoedkundige strokiesverhaal is al vir die afgelope dekade besig om 'n stewige houvas in Suid-Afrika te kry. Die eerste strokiesverhaal van dié aard het in die kortstondige, maar suksesvolle "People's College"-byvoegsel tot die *Weekend Post* verskyn. Dis 'n verhaal vol intrige en interaksie tussen *tsotsis*, pompjoggies en kindertuinonderwysers. Die byvoegsel is later deur die regering verbied.

In 1981 word *Vusi Goes Back* - 'n geskiedenisstrokie deur Andy Mason - in die People's Workbook van die Environmental Development Agency (EDA) gepubliseer. Baanbrekerswerk in die gebruik van strokies vir onderwys is veral deur die South African Council for Higher Education (SACHED) gedoen. *Upbeat*, hul onderwystydskrif, het deur die jare 'n verskeidenheid strokies gepubliseer en hulle het ook twee werkboeke gepubliseer.

Laasgenoemde was *Down Second Avenue* van Ezekiel Mphahlele en die ware verhaal van die slaaf Equiano wat in 1789 geskryf is. Albei sluit oefeninge in wat gegrond is op die teks.

Die leser word bewus gemaak van die geskiedenis en leer basiese taalvaardighede soos sinskonstruksie aan.

Die tydskrif Learn and Teach, wat geletterdheid onder volwassenes bevorder, publiseer al geruime tyd 'n strokiesverhaal getitel *Sloppy*. *Sloppy* is deur Mogorosi Motshumi geskep en beeld die wisselvallige lewe in die townships in gemaklike taal uit. Die strokiesverhaal *Bonginkosi - The Builder* is net ná die Natalse vloede van 1987 geskep. Dit is in pamfletvorm in die plakkersgebiede om Durban versprei. Die doel was om plakkers te help om hulle huise so te herbou dat dit vloedbestand is.

Volgens die illustreerder, Richard Andrew, was daar baie postiewe terugvoering. 'n Hele paar mense het gevra dat *Bonginkosi* die oorstroomde gebiede besoek om die vloedslagoffers persoonlik raad te gee. 'n Predikant wie se kerk in die vloed vernietig is, was selfs gewillig dat sy gemeente Bonginkosi se treinkaartjie betaal.


Volgens 'n inligtingstuk van die Storyteller-groep kan die groot tekort aan populêre literatuur in Suid-Afrika toegeskryf word aan:

1. Die regering se gebrek aan belangstelling in die ontwikkeling daarvan. Baie onafhanklike pogings is in die wiele gery weens verbanning en die uitgewers is gedwing om toe te maak.

2. Hoewel Suid-Afrika 'n hoogs ontwikkelde uitgewersbedryf het, is geen poging aangewend om populêre literatuur vir nuwe lesers te skep nie.

Die teikengroep vir die meeste boek- en onderrig-uitgewers is die wit en Afrikaanse mark. Hulle spreek nie die behoeftes van ongeletterde mense aan nie.

Dit is dié aanvraag na vermaaklike, leersame en veral toeganklike literatuur waarin die Storyteller-groep voorsien.




# In die Middeleeue het hulle al *comics* gelees

DIE ontwikkeling van massageletterdheid aan die einde van die 18e eeu is grootliks toegskryf aan die beskikbaarheid van "chapbooks". Dit was goedkoop, gewilde literatuur wat uit ballades en avontuurverhale bestaan het en is sommer deur straatverkopers van die hand gesit.

In die Victoriaanse tye is daar 'n halfmiljoen amusante opvolgromans weekliks van die hand gesit. Teen die vroeë vyftigerjare was populêre Victoriaanse en Indiese fiksie in Wes-Afrika beskikbaar in die vorm van 'n pamflet wat goedkoop en maklik leesbaar was.

Die ontwikkeling van 'n populêre literatuur het gewoonlik saamgeval met tydperke van groot sosiale veranderinge. Die mens is dan gekonfronteer met nuwe houdings, waardes en begeertes en moes toegerus word met nuwe lewensvaardighede. Hierin het populêre literatuur leiding gegee aan die gewone mens.

Eeue lank is die vertel van stories gewild en luister mense graag as 'n storie vertel word. Daarom put populêre literatuur veral uit die mondelingse tradisie deur die gemaklike, alledaagse verteltrant in te span. Die gebruik van woorde saam met beelde maak die storie maklik verstaanbaar en konfronteer nie die nuwe leser met 'n woorddigte bladsy nie.

Die gewilde strokiesverhaal dateer al uit die Middeleeue (1450) toe dit ingespan is vir religieuse propaganda, met titels soos *The Art of Dying Well*.

Die strokiesverhaal het volwassenheid bereik in Nederland en Italië, waar dit hoofsaaklik in diens was van politieke en morele propaganda.

Die kunstenaar Hogarth se satiriese aanslag is in die 1800 deur Engelse karikaturiste aangewend. So is die weg gebaan vir die grafiese inslag deur Rodolphe Topffer, die vader van die strokie.

Die strokiesverhaal het veral in die laaste eeu gewild geword. Die produkte van die Amerikaanse sindikate alleen word daagliks deur 200 miljoen mense in sestig lande gelees. Die beeld het met die invloed en opgang van rolprente en die televisie die sleutel tot doeltreffende kommunikasie geword.

Die strokies van die afgelope dekade of wat - ook genoem graphic novels - is dikwels getrou aan sosiale en maatskaplike omstandighede. Werkloosheid, menseregte, ekonomiese en politieke vraagstukke word gedramatiseer in lewensgetroue situasie.

Die megahelde van die veertiger- en vyftigerjare lyk nou vreeslik anachronisties as dit met 'n strokiesverhaal soos *Crisis* vergelyk word.

Strokiesverhale is die populêre literatuur van die ontwikkelende lande en het die gewilde medium geword vir onderrig en bewusmaking skepping oor sake soos gesinsbeplanning, gesondheid en voeding. Só word die nie-leser bereik.

## LOSPRAATJIES

FANIE OLIVIER

# Afrikaans *tussen* Scylla en Charybdis

MET dié dat die koue die laaste ruk skielik met mening toegeslaan het, kom lê kapok van nêrens af weer wit op die tong.

Watter wonderlike register van geskiedenis en van geloweringheid en van gemeenskaplikheid is taal uiteindelik nie! Ons kan maar skree en breek en tekere gaan oor en rondom en in Afrikaans, maar hy sê sy sê en vertel ons waar en hoe ons vandaan kom.

En, uiteindelik ook, waarheen ons op pad is.

'n Tyd lank was dit onlangs nogal hoogmode om weemoedig te praat oor die gewaande ondergang van Afrikaans, die taal van apartheid. Op sy beurt is dit gevolg deur 'n ander houding waarin Afrikaans een van die tale van die bevryding word, maar 'n Afrikaans wat dan losgemaak is van enige van die ou gevestigde norme van voorskriftelikheid.


Dit is teen dié agtergrond dat die hersiene *Afrikaanse woordelys en spelreëls* vroeër vanjaar verskyn het en gelees en geweeg word: wat is, op stuk van sake, die plek en funksie van enige waardeoordeel oor en maatstaf vir die gebruik van Afrikaans?

Saam met die skielike kapok oor die radio daag 'n splinternuwe uitgawe van Van der Merwe en Ponelis se *Die korrekte woord* (JD van Schaik, R33,30) by my op. Is daar nog bestaansreg vir so 'n publikasie? vra ek myself af, terwyl ek deur die lekker boek beginne blaai. En blaai is die werkwoord wat hier ter sprake is, want voor jy jou kom kry, is jy heen en weer aan die wip op soek na die waarheid oor wat dan nou eintlik Afrikaans is.

*Standaardafrikaans*, lees ek hier, "is 'n toonaangewende en gemeenskaplike vorm van Afrikaans. Dit is *toonaangewend* vanweë die hoë aansien daarvan as die belangrikste kultuur- en skryftaalvorm." (Daar sit die waardeoordeel toe tog!) "Die *gemeenskaplikheid* van Standaardafrikaans hou in dat dit bodialekties en eenvormig is."

Dat die Afrikaans wat hierdie "status" het, lyk soos hy lyk, het niks te make met enige voortreflikheid van enige aard nie, "maar met die ekonomiese en politieke mag van veral die Witwatersrand en Pretoria in die tyd toe Standaardafrikaans sy beslag gekry het."

A! wil ek sê: ekonomiese en



politieke mag - en waar bring dit ons nou as ons oor die toekoms van Afrikaans praat. Watter soort Afrikaans gaan Standaardafrikaans vorentoe word?

Dus wip ek oor na die lemma *taalverandering*. 'n Lewende taal is gedurig aan die verander, lees mens daar: "Die verandering is gewoonlik stadig en moeilik merkbaar, maar kom duidelik oor 'n twee, drie generasies na vore." Lekker word daar met voorbeelde gewys hoe dinge verander: van die omgangstaal na die formele taal, of omgekeerd.

"'n Groeiende, ontwikkelende, lewende taal verander. 'n Statiese taal is dood. veranderings in Afrikaans moet dus nie sonder meer gestigmatiseer word nie; kyk *stigmatisering*."

Nou's ek op pad na waardeoordele van betekenis, meen ek, en blaai terug. "Die stigmatisering van dialekte veronderstel dat Standaardafrikaans (s.v.) meerderwaardig is en dat alleen dié vorm van Afrikaans bestaansreg het. Dit is verkeerd. Die omgangstaal en die dialekte moet nie geminag word nie en die standaardtaal nie te hoog aangeslaan word nie."

"Stigmatisering ontstaan uit die verbondenheid tussen taal en waardes. 'n Taal (of dialek) is verweef met die waardesisteem van individue en groepe. Die stigmatisering van mense se taalgebruik is niks anders nie as die ongunstige beoordeling van daardie mens self."

Hoe lyk dit dus met norme vir iets wat ons Afrikaans noem? Nog verder terug na *normering*.

"Normering moet die stormagtige engte bevaar tussen tussen die Scylla van eenvormigheid en die Charybdis van spontaneïteit," lees ek daar.

Vanwaar dié gehasie? "Nou staat my grêmmer, nou's ek desperaat," het Boerneef geskryf. Vervaard blaai ek terug na *Sc-*, maar daar's niks. Nog verder terug na *Char-* ook niks.

O hene, Afrikaans word ook Grieks, as mens nie oppas nie!

Gelukkig staan dit daar vir Jan Rap en sy maat in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* onder *Scylla*: "Gevaarlike rots in die Straat van Messina, teenoor die rots Charybdis; albei rotse is volgens die sage deur 'n monster bewoon."

En dan beweer sommige nog dat boeke soos *Die korrekte woord* vervelig en vaal is. Soos kapok nooit is nie.

Ns. Kapok neem my na 'n lemma *sneeu x kapok*. Daar lees mens in twee inskrywings die volgende:

"In die grootste deel van die taalgebied word geen onderskeid tussen die twee woorde gemaak nie, maar in kouer dele word hulle (op verskillende wyses) onderskei. Albei vorme is korrek.

"*Kapok* kom uit Maleis, waar die woord 'katoen' beteken."

En waar, dink 'n mens skielik, pas Maleis in hierdie hele prentjiespeletjie nou weer in...

## GELOOFSPRAATJIES

RUSSEL BOTMAN

# *Pilatus* en die Staatspresident

JESUS het, soos ons, in baie moeilike tye geleef. Die groot strydpunt van sy tyd was die vraag of mens 'n vriend of 'n vyand van die Keiser is. Hy sterf uiteindelik as die mens wat nie een van dié rolle wou vertolk nie.

Teenoor dié wat uit sy optrede aflei dat Hy 'n vyand van die Keiser is, stel Hy dit onomwonde: 'n Mens moet jou vyande liefhê!

Teenoor diegene wat wil hê dat Hy hom moet verdedig teen die klag van hoogverraad (Joh 19:12) sodat Hy as vriend van die Keiser bestempel kan word, swyg Hy! Hy swyg selfs toe Pilatus kordaat uitroep: Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie? (Joh 19:10).

So het ek omtrent gevoel nadat ek die toespraak van die Staatspresident oor die Inkatha-skandaal aangehoor het. Hy sê net genoeg om te verseker dat jy nie finaal sy vyand word nie, nogtans sê hy gans te min om van jou sy vriend te maak. Toe het dit my laat lees oor Jesus. Ek onthou Pilatus wat tydens sy grootste politieke krisis sy hande in onskuld gewas en 'n strategie aangelê het waardeur hy dit wat hy self moes doen, die verantwoordelikheid van andere maak.

Wat het Pilatus gedoen? "Dit is Paasfees! Kies dan vandag wie ek vir julle moet vrylaat: Jesus of Barabbas?" So verskuif hy die las om as regeerder self die waarheid te doen na die menigte. Dit was in sy tyd slim strategie: verskuif die verantwoordelikheid, en was dan rustig jou hande in onskuld.

Dit is presies wat die Staatspresident op televisie gedoen het. Hy het op elke kritiese punt sy hande in onskuld gewas en die onus vir skoon regering verskuif op diegene wat juis onder sy regering ly. Die sentrale vraag van die waarheid hier is: wie moet die regering skoonmaak? Wie se geheime fondse is hier ter sprake? Het die Staatspresident nie gehoor dat almal se oproepe omtrent net een ding gevra het nie: Gee vir ons hier en nou 'n skoon regering. We want clean government!

In plaas daarvan om aan die land 'n skoon regering te gee, verplaas hy toe die onus om die regering skoon te maak op al die ander mense. Die afleiding wat 'n mens hieruit kan maak, is dat hy nou formeel verklaar het dat hy nie by magte is om sonder buitengewone prosesse die magte en die regering skoon te maak nie.

Maar dan was jy nie jou hande in onskuld nie, maar bely jou eie onvermoë. As die Staatspresident nie die regering kan suiwer nie, dan het ons 'n groter morele krisis as wat ons gemeen het toe gedink



is dat ons ons tot hom kon wend om die weg te baan. Miskien moet ons die toespraak, soos die geval met die toespraak van Pilatus, vertolk as die bedekte erkenning van 'n man dat hy eintlik vasgeverf is.

As dit egter net vaagweg waar is, word sy hardnekkige verwerping van die voorstel om 'n tussentydse regering juis absoluut onverklaarbaar. Wanneer die huis wat op sand gebou is, krake maak, is die rots tog die aangewese alternatief. Deur die aanvaarding van die voorstel van 'n tussentydse regering sou die Staatspresident nie net die saak van geloofwaardige oorgangsregering aangespreek het nie, maar ook die meer kritiese saak van 'n geloofwaardige onderhandelingsproses.

Dit sou ook in die oorgangsfase dit bied wat deur die jare heen deur die kerk in Suid-Afrika gevra word - naamlik 'n regeringsvorm wat doelbewus georganiseer word ter wille van die welsyn van alle mense en gerig is op die "common good"-beginsel.

Dit lyk my dat die Staatspresident nie verstaan nie dat sy huidige krisis, onder meer, een van die mees oortuigende argumente ten gunste van 'n tussentydse regering uitmaak. Wat hy egter besluit het om te doen ten opsigte van kabinetskommelings, die verskuiwing van die onus en die betrekking van adviesliggame is wel slim taktiek, soos die taktiek van Pilatus in sy tyd. Tog moet mens nie vergeet nie dat die laaste woord oor Pilatus se taktiek eers in Joh 19:40 geskryf staan: "En Barabbas was 'n rower." ...en... "Jesus het stilgebly!"...

Jesus is op 'n dag gekonfronteer deur 'n aantal goed-bedoelende Fariseërs wat aan hom onthul het dat Herodes aan sy geheime veiligheidsmagte instruksies gegee het om Jesus om die lewe te bring. Jesus was erg ontstel en het Herodes sy welverdiende naam gegee deur hom 'n "jakkals" te noem en sodoende die aard van sy politiekery verwerp (Luk 13:31-33).

Maar dit is nie wat Jesus van Herodes dink wat hier belangrik is nie, maar wat hy sê van die stad wat deur sodanige regeerder regeer word: "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie! Kyk nou word julle aan julleself oorgelaat" (Luk 13:34,35).


Dit is ook jammer dat die Staatspresident geen goeie woord gehad het nie vir die pers wat die onthullings gedoen het. Het die pers dan nie presies gedoen wat hy die publiek herhaaldelik nooi om te doen nie: Om na vore te kom met bewyse teen diegene wat vermeende wandade gepleeg het.

Die vraag wat nou onstaan, is: hoe sal mense wat dan wel na vore kom met beëdigde verklarings en bewyse, ontvang word? Sal die skuldiges soos dié keer ook maar net na 'n ander posisie van mag verskuif word?

**(Ds Russel Botman is leraar van die NG Sendingkerk Wynberg en assessor van die Kerk.)**

# *Apocalypse now* - on a T-shirt

The lowly *T-shirt* has become a major accessory to ideological and physical conflict world-wide, writes **DAWID VENTER**. It has become common practice to wear your heart on your sleeve and display your ideology on your chest




SOCIAL conflicts in the late twentieth century are characterised by an increasing use of sartorial symbols. The expressions "dressed to kill" and "wearing your heart on your sleeve" now have new leases on life - and death.

This is true for conflicts in countries as far removed as South Africa and China.

The use of clothing in a functional or symbolic way can be seen in a mechanic's overall and a bishop's mitre. But here function and symbol fuse; an overall can indicate type of work and class.

The use of clothing - specifically T-shirts - to convey a social message is not new. In the 60s military wear was co-opted into serving the peace movement by making it popular and wearing it in the context of protest.

What *is new* is the promotion of the lowly T-shirt to a major accessory of ideological and physical conflict - a latter-day substitute for the knight's armour and the soldier's conventional uniform or battledress.

The object behind the modern warrior or demonstrator's dress code seems to be public protest rather than the ancient principle of striking fear into opponents' hearts.

Slogans on T-shirts range from the blatantly obvious to statements with varying degrees of obscurity, tapering off into the bizarre and absurd.

In the obvious category fall the slogans of proponents of the various South African trade unions - "An injury to one is an injury to all" - and political parties.

The obscure includes recognisable symbols, symbols with hidden meanings, and symbols removed from any apparent context or meaning.

In South Africa the SACP's trendy hammer-and-sickle conveys a recognisable ideological image.

An example of the extreme end of the spectrum is the T-shirts worn by the Ethiopian People's Revolutionary Democratic Front (EPRDF) which depicted British rock bands. Plastic sandals, khaki shorts, and headwraps completed the well-dressed Northeast-African guerrilla's wardrobe.

Liberia's warring factions were known as much for their purple wigs and plastic face-masks as for their political affiliations. The function of masks is more easily explained - to hide identity and to enable the person wearing it to assume a role different to the usually adopted one. But the wigs? Could it possibly connect with the shaman in African culture?

In China the T-shirts sold in Beijing function as a subversive protest against the status quo in a way that is public and yet coded at the same time.

Brett Davidson, lecturer in communication at the Randse Afrikaanse Universiteit, points out that clothing can function to build identity, and as a power tool by oppressed groups against outside society. Clothing can be part of an unique code symbol - just like group-specific slang. This code system is a protection against infiltration. To outsiders the code will not have the specificity of meaning it has for the subgroup.

A similar function is sometimes ascribed to ancient apocalyptic literature, such as the Biblical books of Revelations and Daniel. According to this theory the author of Revelations encoded his protest against the Romans in images understandable to his readers, but not to the rulers.

Similarly Chinese youths exhibit their impotence under the present political system in more or less obscure ways. Some slogans can be easily understood, such as "No way out". But then there are those T-shirts with hidden meanings. In one example a picture of a black cat crying refers to a statement by Deng Xiaoping: "It doesn't matter whether the cat is white or black, as long as it catches mice." The Chinese examples are avenues for expressing humour as well as suppressed anger.

Sometimes the content of a slogan is intriguing but the relationship to the context unclear. What does the slogan "I'd like to drop my trousers in front of the Queen" mean when worn by an Ethiopian guerrilla?

Frans van Aswegen and Andrienetta Kritzinger - sociologists at the University of Stellenbosch - question whether a clear message is intended. The relationship between symbol and message is not always one to one, nor between message and context. That is why there is not necessarily a hidden structure behind an event, they say.

Of course the wearers themselves may or may not be aware of what their slogans mean, so the slogans as such are not of much help in answering this question. There could also be a discrepancy between the intention of the wearer and the interpretation.

Referring to the Liberian and Ethiopian dress, Kritzinger and Van Aswegen suggest that this might be an attempt to create an own identity, and a subconscious mocking of Western symbols. Where there are no structured armies this is also conducive to unconventional dress and behaviour. Obviously the intent may also be to relieve tension.

A suggestion with reference to the EPRDF is that their informal battledress signified their nature as a people's army as well as temporary status. The shirts also highlight the unconventional nature of their organisation, and may hint at the kind of discipline or authority structure. Davidson says that although it was difficult to comment further without knowing the Ethiopian rebels' ideology better, he thought that there was a nonconformist coincidence with their own position.

Some conclusions about the use of T-shirts in conflict seem obvious. They are relatively cheap and easily obtainable. And so they are expressions of the economic class of the wearers, and thus symbolise solidarity with the masses.

T-shirts with slogans are mobile banners and socially accepted graffiti, modern-day summaries of deep and often suppressed feelings. They also provide identity through an integrative function.

With reference to El Salvador, analysts suggest that informal wear blurs the distinction between civilians and guerillas. Thus in conflict guerillas have an added advantage against the uniformed standing army. Not only do they blend in with civilians, but they can also use resultant civilian deaths in propaganda.

More bisarre occasions in which the slogans are unrelated to the event are unintended existential statements about randomness.

Annemarie Trollip, expert on clothing from the University of Pretoria, said that as the world becomes an universal community, so the clues for interpreting meaning become more vague. Groups then attempt to create an own context in which to find meaning.

The absurd aspects of Liberian warfare indicate the total loss of clues in that society. Any crossover from one to another culture also provides ample room for dissonance.

And perhaps explains the absurdity of capitalism's cross-cultural and anachronistic intrusion (like Zulu men dressed up as Santa Claus ringing bells in front of Pietermaritzburg stores in the heat of December).

This aspect is well-illustrated by an SADF legend. A church service led by a chaplain in the heart of Ovambo - nowhere near anything remotely resembling Western civilisation - was interrupted by an unexpected visual aid. A man bearing a transistor-radio ambled into sight, wearing a T-shirt. The front prodaimed: Almal se pêl, with a further identification on the back: David Kramer.

Such are the things Jamie Uys movies are made of...

# VRYE KEUSE



Maynard Eziashi in die Bruce Beresford se epiese uitbeelding van kolonialisme in Afrika.

## film

******* VOORTREFLIK**
****** STERK AANBEVEEL**
***** SIEN GERUS**
**** SO-SO**
*** VERMY AS JY NUGTER IS**

***** TOY SOLDIERS**
Daniel Petrie, die skrywer van onder meer *Beverly Hills Cop, The Big Easy* en *Turner & Hooch*, maak sy debuut as regisseur met dié militaristiese spanningsprent oor 'n seunskool wat aangeval word deur 'n klomp "terroriste". Amerikaanse paranoia ken geen perke nie. Die leuse is: Wanneer daar nie vyande is nie, maak hulle.
**ANDREA VINASSA**

*** ZANDALEE**
Die naam is nie 'n belowende begin nie. Passie en verbode liefde in New Orleans saam met Nicholas Cage en Erika Anderson.
**AV**

***** MISTER JOHNSON**
*Out of Africa* for Boys. Die lokprent vir *Mister Johnson* het my tot trane gedryf! Dis nie 'n goeie teken nie. Die Australiese regisseur Bruce Beresford het nou al in Amerika en Israel gaan kuier. Nou kuier hy in Wes-Afrika, maar soos ons met *Driving Miss Daisy* gesien het, kan Beresford nogal neerbuigend wees as hy hoogdrawende statements oor boosaardige witmense maak. Die persmededeling sê: "Out of the dark continent comes a powerful yet poignant comedy-drama of two men at the crossroads of civilization." Dis 'n emosionele uitbeelding van die verwoestende uitwerking van kolonialisme op Afrika.
**AV**

******* CARMEN**
Carlos Saura se weergawe van dié tragiese Spaanse verhaal is sonder twyfel die beste dansprent wat ek nog gesien het. Die verhouding tussen 'n choreograaf van 'n dansgeselskap en die hoofdanseres wat die rol van Carmen dans, en die repetisies word fassinerend verweef. Die hartstog wat in die verhaal opgesluit lê, word in die ware lewe gemanifesteer, tot werklikheid en fiksie nie van mekaar onderskei kan word nie. Dit draai om 2.15nm en 8.15nm by die Seven Arts, Norwood.
**AV**

***** SPYMAKER**
Die filmmakers kry tien punte vir verbeelding: Jason Connery, Sean Connery se seun, speel die Britse skrywer, intelligensie-agent en skepper van die James Bond-reeks, Ian Fleming. Die prent verseker ons dat die Britse rolprent-bedryf nie morsdood is nie, al is die aristokratiese lewenstyl wat voorgestel word.
**AV**

***** LA DESENCHANTEE**
Die Franse spesialiseer in prente oor tienermeisies wat hul seksualiteit ontdek. Daar is geen groter geheim as vroulikheid nie. En as die dialoog vervelig is, is die aktrises altyd beeldskoon. Dié prent is 'n subtiele melodrama oor drie dae in die lewe van Beth. Haar pa is dood en haar ma ly aan 'n psigosomatiese siekte. Dis 'n universele verhaal waarby die meeste van ons aanklank sal vind. Rimbaud is haar alter ego, vandaar die tema van ontnugtering.
**AV**

*** HIGHLANDER II**
Totale snert.
**AV**

***** NAG VAN DIE 19E**
PG du Plessis en Koos Roets se prent vir M-Net bevestig dat die Afrikaanse rolprentbedryf sedert die jare sestig nie juis vooruitgegaan het nie. Dis 'n melodramatiese verhaal met 'n ongewenste vreemdeling, 'n mal bruid, 'n dorpsdwaas, 'n nuuskierige agie en 'n gawe oom polisieman. Die draaiboek is vol liederlike gate en die regie is so verbeeldingryk soos 'n advertensie vir Weense worsies.
**AV**

****** FLIRTING**
Die prent se titel wek 'n verkeerde indruk. Dit is nie nog 'n skreeusnaakse komedie uit Hollywood se worsmasjien uit nie. Dit is 'n indrukwekkend eenvoudige verhaal oor die verhouding tussen 'n wit kosskoolseun en 'n swart kosskoolmeisie in Australië in 1965. Die tieners vind mekaar omdat hulle elkeen in 'n mate uitgeworpenes is. Veral gevoelvol is die uitbeelding van die "human condition", wat besonder akuut is in die tienerjare. Tienertraumas word volwasse en sonder Amerikaanse sensasionalisme uitgebeeld. Hierdie is die prent wat *Dead Poet's Society* kon gewees het.
**AV**

****** A WORLD APART**
Gepraat van tienertraumas... Shawn Slovo se uitbeelding van haar eie tienerjare in die Suid-Afrika van 1963 is besonder aangrypend. Dit is ook die beste prent wat oor Suid-Afrika gemaak is.
**AV**

***** CHE ORE E**
Marcello Mastroianni is byna sinoniem met die Italiaanse rolprentwese en die Italiane het in die laaste tyd heelwat drooggemaak. Dié wêreldwyse prent oor die gebrekkige verhouding tussen 'n pa en 'n seun verteenwoordig egter 'n opflikkering in die gehalte van Italiaanse prente. Dit handel oor waardeverskille tussen die geslagte. Ongelukkig word dinge te tipies sentimenteel opgelos.
**AV**

***** SWITCH**
'n New Yorkse yuppie word deur drie van sy ex-lovers vermoor. Hy keer terug aarde toe as 'n blondine. Die uitgangspunt veronderstel perverse pret van Blake Edwards, die man wat *Victor, Victoria* gemaak het, maar hy het helaas sy aanvoeling verloor. Edwards het die kans verspil om 'n ondergrawende feministiese komedie te maak.
**AV**

**** EARTH GIRLS ARE EASY**
Variety se resensent het dié prent beskryf as "a dizzy, glitzy, fish-out-of-water farce about three horny aliens on the make in LA". Ongelukkig is dit 'n pot stront.
**AV**

***** SCENES FROM A MALL**
'n Amerikaanse kritikus het Paul Mazurksy se jongste prent só beskryf: "It's like a comedy with the jokes taken out." Bette Midler en Woody Allen is getroud. Dit is egter nie so snaaks soos dit klink nie. Dit is moeilik om Mazursky se bedoelinge te snap. Die huwelik verbrokkel tydens 'n dag in 'n winkelsentrum. Dié prent is 'n volmaakte oproeping van die Kaliforniese verbruikersamelewing. En die Beverly Center in Los Angeles lyk net soos Sandton City, behalwe dat dit effens glitzier is. Woody Allen het vyftien jaar laas as akteur vir 'n ander regisseur gewerk. Hy kon nie skuil agter die Woody-persona, die neurotiese New Yorkse nerd, nie: hy dra 'n ponytail en nuwe (!) klere en speel 'n Kaliforniese prokureur.
**AV**

***** THE RESCUERS DOWN UNDER**
Dis vakansietyd vir die kinders en die nuwe Walt Disney vier die hoogty in die rolprentteaters. Bob Newhart, Eva Gabor en John Candy is die stemme van die manjifieke tekenkarakters wat Australië op horings het.
**AV**

****** WHITE FANG**
Jack London se klassieke verhaal oor die verhouding tussen wolf en mens bly boeiend. Wanneer dierevehale met goeie dierelewe-fotografie gepaard gaan, is hulle gewoonlik tranetrekkers. Ons weet almal wat om te verwag - en tog tjank ons. Die prent het ook 'n classy cast: Klaus Maria Brandauer en Ethan Hawke.
**AV**

****** THE MUSIC TEACHER**
Dié Franse rolprent is seker die gewildste in die geskiedenis van die Seven Arts in Grantlaan, Norwood. Dis 'n uiters romantiese prent oor twee opera-sangers en hul onderwyser. Liefde, kreatiwiteit en die dood. Basiese issues, opwekkende musiek.
**AV**

***** CITY SLICKERS**
*When Harry Met Sally* se Billy Crystal in 'n Hemingway-avontuur in Spanje. Dié komedie handel oor die manlike mid-life crisis. Lowell Ganz en Babaloo Mandel, die skrywers van *Splash* en *Parenthood*, het die draaiboek geskryf. Dit sal van macho-vleisvreters vegetariërs maak.
**AV**

***** THE HARD WAY**
Dis 'n kruising tussen 'n hardgebakte polisie-storie en 'n avontuur-verhaal à la *Indiana Jones and the Temple of Doom.* Was dit nie vir James Woods (my gunsteling-akteur) en Michael J Fox nie, sou dit 'n middelmatige komedie gewees het. Maar dié twee akteurs steek lekker die draak met hul silwerdoek-personasies. 'n Essay oor die belaglikheid van machowees. Hollywood het 'n stortvloed komedies vervaardig en dié een is die beste.
**AV**

*** ITINERAIRE D'UN ENFANT GATE**
Claude Lelouch kry die prys vir die mees pretensieuse regisseur van die dekade. Daarby is die prent opgedra aan Jacques Brel.
**AV**

**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
Oor dié prent swyg ek maar.
**AV**

******* KORZCAK**
'n Stemmingsvolle en begeesterende prent oor 'n Pools-Joodse onderwyser wat saam met 'n groep weeskinders in die Nazi-doodskampe gesterf het. Een van Andrej Wajda se beste prente. Briljante toneelspel. Skitterende draaiboek. Moet dit nie misloop nie. In 'n tyd van middelmatigheid is dié soort prente so skaars soos hoendertande.
**AV**

***** QUIGLEY DOWN UNDER**
Tom Selleck skud al sy personas af en word 'n cowboy in Australië - how low can you sink, Magnum? Nietemin, hy kry vir hom die mooiste en moeilikste nooi in die ganse Down Under en gaan sy seksistiese gang. Soos julle sien, 'n ouderwetse prent vol ouderwetse (slapstick) waardes.
**AV**

*** CHINA O'BRIEN**
Agge nee, man.
**AV**

**** EDWARD SCISSORHANDS**
'n Wetenskaplike se eksperiment loop lelik skeef en lei tot die skepping van 'n vreesaanjaende kreatuur met skêragtige hande. Agter dié verskriklike uiterlike skuil egter 'n hart van goud. Johnny Depp is Edward, 'n hedendaagse ondier, en Winona Ryder is skoonlief wat verlief raak op sy innerlike skoonheid. 'n Pragtige uitgangspunt, maar helaas 'n teleurstellende rolprent. Die regisseur van onder meer Batman het sy aanslag skynbaar verloor.
**AV**

****** METROPOLITAN**
Soos Mr and Mrs Bridge wys Metropolitan vir ons lower forms of life hoe die hoër klasse ly. Dis 'n eietydse satire à la Scott Fitzgerald en Evelyn Waugh oor die duistere doen en late van 'n groep Manhattan-debutantes ofte wel New York se haute bourgeoisie. Die nuweling Whit Stillman is die skrywer en regisseur van dié skerp, oorspronklike, ironiese kritiek op die aristokrasie.
**AV**

***** THE SHELTERING SKY**
Buitelandse kritici het Bernardo Bertolucci se jongste prent gekritiseer, maar dit is geen rede om dit mis te loop nie. *The Sheltering Sky* is gegrond op Paul Bowles-roman van dieselfde titel. Dit speel in 1947 en handel oor die vreesaanjaende emosionele reis van Port en Kit Moresby. Port soek begeestering in die Sahara, terwyl Kit terugverlang na haar vervloë huwelik. Al is Bowles se skrywer mesmeriserend en ontstellend, is Bertolucci se prent lank en soms vervelig.
**AV**

***** HUDSON HAWK**
Bruce Willis is die wêreld se beste klouterdief en die mega-trendy egpaar Darwin en Minerva Mayflower wil hom huur om drie kunswerke deur Leonardo da Vinci te steel. Nou ja, Peter Sellers met styl.
**AV**

***** FILOFAX**
In *Bonfire of the Vanities* het ons met groot genot die ondergang en oorlewing van die tipiese anale yuppie ofte wel Master of the Universe aanskou. *Filofax* is 'n komedie - dis nie so skerpsinnig of sinies soos Tom Wolf s'n nie - oor min of meer dieselfde onderwerp. Jim Belushi, wat deesdae nogal snaaks is, speel 'n tronkvoël wat 'n yuppie se filofax (glorified dagboek) in die hande kry en sy lewe oorneem.
**AV**

****** MR AND MRS BRIDGE**
Seksuele verdrukking, magslus, patriargie ... al die euwels van die kapitalistiese stelsel waaroor Wilhelm Reich geskryf het, en waarvoor hy veroordeel is, kry uiting in dié subtiele ontleding van die gebrekkige verhouding tussen 'n hoër-middelklas prokureur en sy angstige vrou.
**AV**

***** ROBIN HOOD**
In die pogings om die Robin Hood-legende in die geskiedkundige en alledaagse werklikheid te grond, word dié prent van pret beroof. Omdat dit geen skerpsinnige politieke ontleding bied nie, is dit teleurstellend. Nietemin is daar heelwat aksie, outentieke kastele, Engelse modder en goeie spel. Ongelukkig is die karakters almal karikature en Patrick Bergin se Robin Hood 'n vervelige romantiese held sonder binnegoed of persoonlikheid.
**AV**

****** HIDDEN AGENDA**
Die Iere kan net nie wen nie ... Dié fiktiewe prent is gegrond op ware

feite en handel oor skokkende korrupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is die bestanddele van dié aangrypende riller wat deur Ken Loach ('n pionier van Britse realisme in die sestigerjare) geregisseer is. *Hidden Agenda* het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen.
**AV**

****** JACOB'S LADDER**
Ons ly almal aan 'n graad van vervolgingswaan, veral in dié land. Die jongste prent van Adrian Lyne, die regisseur van *Fatal Attraction*, is 'n uitdagende drama oor Jacob Singer se waansin. Dié jong New Yorker begin drogbeelde sien. Sy lewe word 'n nagmerrie. Hy weier om te aanvaar dat hy mal is en soek 'n verduideliking. Spannend, verrassend en prikkelend.
**AV**

****** THE FIELD**
Die stuk veld langs die huis van Bull McCabe (Richard Harris - uiteindelik weer op die doek!) in Ierland is vir hom heilig. Wanneer hy dit vir sy seun probeer koop en deur 'n Amerikaner gefnuik word, ontketen hy 'n reeks tragiese gebeurtenisse. Die Amerikaner wil 'n pad deur die veld bou ... maar Bull meen dis sondig. 'n Kleindorpse verhaal oor die Ierse platteland. Vol Ierse hartstog en hardkoppigheid, maar 'n bietjie over the top.
AV

**** HENRY AND JUNE**
Philip Kaufman het een van die gewildste prente gelewer wat nog in Suid-Afrika gedraai het ... *The Unbearable Lightness of Being*. Toe kry hy die verhaal van Henry Miller, *Anais Nin* en hul maatjies onder oë - maar helaas kon hy nie *Unbearable Lightness* se sukses-resep herhaal nie. Die prent speel in 1931 en 1932 in Parys en is gegrond op van Nin se dagboeke en Miller se outobiografiese romans.
**AV**

****** GREEN CARD**
Gérard Depardieu se eerste Engelstalige rolprent. Na verneem word, kan dié Franse ster nie Engels praat nie en moes hy alles foneties leer! Hy en Andie McDowell gaan 'n gerieflikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsondersoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hulle stry oor alles - van die politiek tot koffiemaak - voor hulle mekaar vind.
**AV**

# teater

**JOHANNESBURG**
**GRAHAMSTAD MINI-FEES**
Die Community Arts Project se *The Dogs Must be Crazy* en Smal Ndaba se *DET Boys High* word nog dié naweek in die Mark se Laager-Teater opgevoer. Hierdie is twee stukke uit 'n keur van die Grahamstad-fees se randteater.

**WHAT THE BUTLER SAW**
'n Inrigting vir sielsiekes word die kookpot waarom Joe Orton se klug van 'n klug speel. 'n Sielkundige (James Borthwick) wil graag 'n voornemende werknemer (Caroline Adams) beter leer ken en vra haar om te ontklee. Wat volg, is enige moontlike manier hoe hy die dwaling kan wegsteek. Grootskaalse verwarring heers want niemand wil uit die kas kom nie. Mans word vroue en vice versa (die hittete tydsberekening van die akteurs is merkwaardig). 'n Inspekteur (Dale Cutts) kom op die toneel wat enige geestelike afwyking kan vaspen en sertifiseer. Natuurlik is Orton ook besig om die sielkundige professie lelik by te dam. Jacqui Singer is die wellustige vrou wat immer gewillig is, veral as dit nie haar man is nie. Sy het 'n voorliefde vir linnekasse en vergaderings van lesbiese vroue. Om dinge nog ingewikkelder te maak word sy afgepers deur die hoteljoggie (Stephen Jennings). En dan kom daar nog 'n sersant (Hal Orlandini) op die toneel wat op soek is na 'n verlore deel van Winston Churchill se anatomie (dis nou die standbeeld s'n). Alles stuur af op die mees bisarre einde, maar daaroor sê ek liewer niks. In die Alexander-Teater, Braamfontein, Johannesburg.
**LAETITIA POPLE**

**MY CHILDREN! MY AFRICA!**
Athol Fugard moes 'n onderwyser gewees het, hy hou so baie van klasgee. Hierdie didaktiese en manipulerende stuk is wel relevant.
**AV**

**PRETORIA**
**DIE WONDERWERK**
Die Afrikaanse vertaling van William Gibson se *Miracle Worker, Die Wonderwerk*, word tot môre in die Arena, Staatsteater, opgevoer. Die verhaal van Helen Keller se ontwaking uit haar geslote bestaan bly immergroen. Dit is van 9 tot 17 Augustus in Windybrow, Johannesburg, te sien. Ilse van Hemert, Ronel Kriel, Johan Malherbe, Mitzi Booysen en Christine Basson is die spelers. Louis van Niekerk behartig die regie.

**KAAPSTAD**
**THE MERRY WIVES OF WINDSOR**
Ralph Lawson se produksie van dié geniale Shakespeare-komedie word van 18 Julie tot môre in die Nico Malan opgevoer. Lida Meiring en André Jacobs vertolk die hoofrolle.

**CALLAWAY FARCE**
Marthinus Basson het die Duitse skrywer Botho Strauss se avant garde-klug beetgekry. Met André Roothman, Fiona Coyne, Megan Kruskal, Neels Coetzee, Elma van Wijk en Peter Butler.

# kultuur

**FOSACO-WERKWINKEL**
Die Federation of South African Cultural Organisations (Fosaco) bied aanstaande Saterdag 'n werkwinkel getitel Towards a Cultural Charter by die Universiteit van Wes-Kaapland aan. Die hoofspreker is prof Kader Asmal (lid van die ANC se NEC en die Constitutional Committee): Culture as a Human Right and the ANC Constitution. Die ander sprekers is Alison Govender: Arts, Culture and Education; André Odendaal: Preserving Culture and National Heritage; Wally Serote: Artists Rights and the State; Nise Malange: Culture, Freedom of Expression and Censorship; Omar Badsha: The Artist's Role in Eradicating the Legacy of Apartheid; Zubeida Desai: Language, Culture and Nationhood; Frank Meintjies: Race, Ethnicity and Cultural Rights. Vir nog inligting bel Mario Pissarra by (021) 696-3889.

# kuns

**JOHANNESBURG**
**NEWTOWN GALLERIES**
Die openingstentoonstelling, *Passages and Transitions*, met werke van onder andere William Kentridge, Robert Hodgins en Jackson Hlungwani, sluit môre. The Font Festival - "Festival of the Mind, Body and Spirit" - vind op 10 en 11 Augustus in die galery plaas.

**GOODMAN**
Norman Catherine se humoristiese, bisarre nuwe werke word van môre ten toon gestel.

**STANDARD BANK-GALERY**
Die werk van een van Standard Bank se Jong Kunstenaars van die Jaar, Andries Botha, is in die bank se galery, h/v Simmonds en Frederickstraat, Johannesburg te sien. Botha maak opslae met sy reuse-beeldhouwerke van gras en motorbande.

**KIM SACKS**
Kunswerke uit Afrika en vir Afrika. Dit bied dié klein galery op die hoek van Cavendishlaan en Francesstraat in Yeoville. Werke van stamme soos die Turkana en die Pokot, borduurwerke uit Gazankulu, mandjies uit Zambië en Zimbabwe en nog vele meer.
Die galery is Saterdae tussen 9vm en 1nm oop. Maandae, Dinsdae en Donderdae van 9.30vm tot 8.30nm en Woensdae en Vrydae van 9 vm tot 5.30nm.

**KAAPSTAD**
**SA NASIONALE KUNSMUSEUM**
Tot 18 Augustus: *Skuiling/Shelter* - 'n tentoonstelling waarin gekyk word na huishoudelike ruimtes in die Kaapstad-omgewing, die mense wat daar woon, die omgewing en die konteks waarbinne dit gebou is en ander sake wat met behuising verband hou.

# boeke

Die boekwurm se dag het gekom. Suid-Afrika se eerste Boekefees op straat vind Sondag in die hartjie van Johannesburg plaas. Die gebeurtenis is deel van burgemeester Elliot Kretzmer se plaaslike en internasionale veldtog om Johannesburg as die kulturele hoofstad van Afrika te bevorder. Van skaars boeke en eerste uitgawes tot die nuutste publikasies sal hier te vinde wees.
Die fees word gehou voor die historiese Biblioteek, deel van die splinternuwe Civic Spine, met meer as veertig stalletjies van uitgewers, welsynsorganisasies en antieke boekhandelaars. Daar's winskopies teen net 50c en duurder boeke. Daar's ook begeleide toere deur die biblioteek, gespreksgroepe met skrywers, video's oor boeke en skrywers en 'n spesiale program vir kinders wat storievertellings en musiekvideo's insluit. Musiek en vermaak word verskaf deur 'n blaasorkes, straatmusikante en 'n dansgeselskap. O ja, daar is 'n towenaar en 'n hansworс vir die kinders se plesier. Die feestelikhede begin om 10vm. Parkering is beskikbaar in die Harry Hofmeyr-garage teen R1, met toegang vanuit President- en Marketstraat.
**LAETITIA POPLE.**

# musiek

**JOHANNESBURG**
**MEAN OLD WORLD**
Tonia Selley sing die blues by die Roxy Rythm Bar in Melville. Willem Möller en Jiggs Downing verskaf die musiek.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## Tussen lamtjops en Armagnac val die hael op die Kaap

TRANSVALERS rol mos oë as hul suidelike susters Augustusmaand kla oor die weer. Almal weet dit reën in die Kaap as dit winter is. Hoekom byvoorbeeld sous dit soos 'n Vrystaatse storm, met hael, pleks van die sussende sifreën wat ons so bekoor? 'n Mens het nie eens lus vir sop of pannekoek as die yskorrels teen die glasdeure spat nie - al wat jy wil doen, is whisky drink en worry oor die japonika.

Met die reënweer is die vleie darem weer vol en Gabriël se pelikane is terug. Hy sê daar was verlede jaar twee, nou is daar vyf, hy het pa geword. En 'n mens kan vir vrind Raymund smeek om lunch te maak.

Ray is een van daardie gentil mense wat werklik moeite doen met middagete, al is dit net julle twee. En weer eens besef ek: die kuns van middagete is een van die hoogtepunte van ons samelewing. Dis wel waar dat sommige middagetes, soos verlede week s'n, ewe stemmig om twaalfuur begin, maar eindig teen skemer by die inbraak in ander man se wynkelder. (Toe maar Marthinus, hy het niks gesê nie en Frikkie-van-Breestraat het daai Rubicon én die Cab gelukkig in stock gehad het.)

En soms is lunch net 'n heerlike samesyn van twee ou-ou vriende, met die gasheer uiters gesteld op 'n smaaklike ete, en wyne daarby. So was dit op Woensdag se hael-en-reëndag saam met Raymund.

In sy warm sitkamer skink hy eers 'n perfekte Bloody Mary tydens die eerste sarsie skinder. Ek meen Bloodys is meer gepas by laatoggendmaaltye, maar dit was so 'n nat en tries dat Ray gedink het die wodka, die kleur en die byt sal ons goed doen. Dit het.

### RAYMUND SE BLOODY

Hy druk die sap van twee hele suurlemoene uit en gooi dit in twee langerige glase met 'n dubbele skeut wodka. Daarby kom 'n teelepel elk Worcestersous, 'n druppel of twee Tabasco na smaak, en dan 'n lepeltjie droë sjerrie. Vul die glase met yskoue tamatiesap, en voeg 'n draai peper by na smaak.

Raymund neem toe 'n groot skinkbord en pak daarop 4 lieflike geel aartappels, 2 vet rape en 'n bossie radyse. Dié maak hy alles mooi skoon, gooi die aartappels en rape in 'n pot kookwater vir mash en trim versigtig die radysies sodat hulle nog 'n groen stingeltjie of twee het. Oor die skinkbord groente skoonmaak vlieg die tweede en skerper sarsie skinder.

(Skinder is nie skinder nie, sê kenners. Dis emosionele gissinge.) In ons glase skitter Brolio Chianti, daardie fluweel-rooiwyn uit Italië, 'n volmaakte metgesel vir skaterlag oor die binneversiering van amptelike residensies.

Ons voorgereg was preie. Dis maklik en heerlik met brood, radyse en botter. Franse noem preie die arm man se aspersies, and they are right...

### ASPERGES DES PAUVRES

Maak 6 groot preie skoon, en hou hulle heel. Dompel in kookwater, kook tot 'n vurk nie heeltemal kan deursteek nie, haal uit en gooi in yswater vir 30 sekondes sodat hulle nie verder kook nie. Haal dadelik uit.

Maak 'n sous van olyfolie, suurlemoen, pietersielie en natuurlik sout en peper, en giet dit oor die preie waar hulle in 'n mooi bakkie lê. Laat staan oornag en sit as voorgereg voor. Salig.

Toe sit Ray tjops voor. Hy verkies sy eie Duitse slagter se vleis, maar dié was gewone P&P lamsnitte, en hulle was perfek, 2 duim dik, bruin buite en net reg van geur.

### LAMTJOPS IN OLYFOLIE


Plaas die aand voor julle eet 4 of 6 mooi dik lamtjops, vet weggesny, in 'n marinade van olyfolie, suurlemoen en asyn en 'n kerfie of twee knoffel. Wanneer julle reg is om te eet, maak 'n plat ysterpan baie warm met 'n goeie skeut olyfolie en 'n klont botter so groot soos 'n baba se vuis.

Gooi die tjops se marinade af, en braai hulle in 'n pan: vier minute elke kant, en daarna vir solank as jou gaste verkies. Ewe vernaam vra ek om saignant vleis (dis bloederig in die middel, maar die meeste mense verkies dit gaarder). Geen sout nie.

Die tjops was heerlik. Raymund sê jy moet die splintertjies knoffel langs die lamtjop se been indruk, dit gee 'n beter geur, maar ek meen dit was die groot hoeveelheid olyfolie en botter wat die bruin kleur en fyn smaak gegee het.

Sout strooi jy na smaak aan tafel op, en jy kan die pansous ook oorgiet, maar ons het nie, want die mash by die vleis was gemaak met aartappels, rape en baie botter en melk.


Poeding? Nee dankie, toe ons by die Armagnac-brandewyn uitkom, was die Kaap doodgeskinder.



TAKHARE
VIR
VREDE
SUG

my hartjie
my liefie
die son sak weg

BLESKOPPE
TEEN
APARTHEID
SÊ



as Magnus minister van Waterwese en
Bosbou kan wees, kan Winnie seker
maar hoof van Kinderwelsyn wees




# KOM ONS GAAN DIE TOEKOMS IN TESAME

Southern-Lewens het 'n leiersrol gespeel om seker te maak dat werknemers se werknemersvoordele-pakkette in hul ware behoeftes voorsien.

Die enigste manier om hierdie vereistes te identifiseer, en daaraan te voldoen, is openhartige en deurlopende kommunikasie.

Volgehoue kommunikasie maak dit moontlik om saam 'n toekoms te beplan wat op begrip gegrond is.







SOUTHERN
1891 ♦ 1991
Werknemersvoordele

**Saam, bereik ons meer**

Reg Nr. 01/02186/06

BURROW COMMUNICATIONS 4967/A